# DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

## FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

# JAARBOEK

## NAGRAADSE GRADE EN DIPLOMAS

# 2010



**WAARNEMENDE DEKAAN: PROF GJ VAN ZYL**
**FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE**
**KAMER D204**
**TELEFOONNOMMER: (051) 405-3056**

# INHOUD

## ALGEMEEN


Akademiese Personeel ........ 1
Woordomskrywings ........ 5
Grade en diplomas ........ 9
Amptelike adres ........ 12
Regulasies ........ 12


## REGULASIES

## SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE


M.Arbeidsterapie ........ 13
M.Sc.(Dieetkunde) ........ 15
M.(Voeding) ........ 17
M.Sc.(Fisioterapie) ........ 19
M.Optom. ........ 24
Ph.D. . ........ 27
D.Sc. . ........ 27
Tersiêre Onderwysdiploma in Fisioterapie ........ 28
Diploma in Terapeutiese Radiografie ........ 28


## SKOOL VIR GENEESKUNDE


B.Med.Sc.Hons. ........ 29
M.Med. ........ 39
M.Med.Sc. ........ 64
M. Sportgeneeskunde ........ 67
M.Fam.Med ........ 71
M.Med (Fam) ........ 73
M.Med.(G.G.) ........ 77
M.M. Clin. Sc. (Transfusiegeneeskunde) ........ 79
Ph.D. . ........ 80
M.D. ........ 81
D.Sc. ........ 81
Nagraadse Diploma in Endokrinologie ........ 82
Nagraadse Diploma in Gastroënterologie ........ 83
Nagraadse Diploma in Geriatriese Geneeskunde ........ 84
Nagraadse Diploma in Nefrologie ........ 85
Nagraadse Diploma in Pulmonologie ........ 86
Nagraadse Diploma in Kliniese Hematologie ........ 87
Nagraadse Diploma in Algemene Intervensionele Radiologie ........ 89
Nagraadse Diploma in Geneeskundige Fisika ........ 90
Nagraadse Diploma in Kliniese Farmakologie ........ 91
Nagraadse Diploma in Transfusie Geneeskunde ........ 92
Gevorderde Diploma in Radiografie (Diagnosties) ........ 93
Gevorderde Universiteitsdiploma in Beroepsgesondheid (G.D.B.G.) ........ 94
Gevorderde Universiteitsdiploma in Gemeenskapsgesondheid (G.D.G.G.) ........ 96
Gevorderde Universiteitsdiploma in Gesondheidsbestuur (G.D.G.B.) ........ 97

## SKOOL VIR VERPLEEGKUNDE

M.Soc.Sc. in Verpleegkunde (Verpl.) ..... 99
Ph.D. ..... 107
D.Soc.Sc. ..... 107
B. in Gev.Verpl. ..... 108
Gevorderde Universiteitsdiploma in Verpleegkunde ..... 130

## ALGEMEEN

M. (Gesondheidsberoepeonderwys) ..... 150
Ph.D. (Gesondheidsberoepeonderwys). ..... 153

*HOOFDE VAN DEPARTEMENTE / PROGRAMME WORD MET 'N * AANGEDUI*

## DEKAANSAFDELING

WAARNEMENDE DEKAAN: Prof GJ van Zyl

VISE DEKAAN: Vakant

AFDELING GESONDHEIDSWETENSKAPPE-ONDERWYS
*Prof MM Nel, dr AA Beylefeld, dr J Bezuidenhout, mev MP Jama

## SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE

HOOF: Dr S van Vuuren

VOEDING EN DIEETKUNDE
*Prof A Dannhauser, me WC du Toit, me R Lategan, dr VL van der Berg, prof C Walsh, me LM Meko

ARBEIDSTERAPIE
*Mev SM van Heerden, mev DE de Villiers, dr SHJ du Toit, mev PA Hough, mev T van der Merwe, mev A van Jaarsveld, mev A Swanepoel, me M Vermaak, mev MM Visser

FISIOTERAPIE
*Me H Kriel, mev RY Barnes, mev K Bodenstein, me C Brandt, mev L de Man, mev N Human, dr C Janse van Vuuren, mev R Smith, Mev E Vermeulen

OPTOMETRIE
* Prof TA Rasengane (waarnemend), mnr L Mophosho, mnr N Naicker, me MG Ramonyai, Mev M Oberholzer

## SKOOL VIR GENEESKUNDE

WAARNEMENDE HOOF: Prof AA Stulting

AFDELING GENEESKUNDE PROGRAMBESTUUR EN VOORTGESETTE PROFESSIONELE ONTWIKKELING
*Prof PPC Nel, mnr AP Hugo, me C de Waal, mnr A Macdonald

ANATOMIESE PATOLOGIE
**(Vakant), Prof BD Middlecote, prof CA Beukes, dr C Esterhuysen, dr J van der Merwe, dr J Goedhals, dr VA Yasbek, mev MN Schemel

ANESTESIOLOGIE
*Prof BJS Diedericks, prof CL Odendaal, prof G Lamacraft, dr A Kuhn, dr WP König, dr AA Jacobs, dr M Reyneke, dr MG Senekal, dr EW Turton

BASIESE MEDIESE WETENSKAPPE
*Dr S van Zyl, prof A Crous, dr HC de Villiers, dr AM Gerber, Dr HJ Geyer, dr CO Larson, dr A Mostert, dr D Raubenheimer, dr S Smith, dr LJ van der Merwe, dr C Vorster, dr Eh Botha, me Y Benadé, me JC Correia, mev A Nel, mnr JL Steyl, me PC Vorster, mnr GJ van Zyl, mnr M Muller, mnr R Botes, me H Coghlan

BIOSTATISTIEK
*Prof G Joubert, dr JE Raubenheimer, me M Nel, mnr FC van Rooyen

CHEMIESE PATOLOGIE
*Prof JM Kuyl (waarnemend), dr AJ Groenewald, dr E Coetzee, dr D Schullenburg-Brand

CHIRURGIE
*Prof RS du Toit, prof R Barry, prof EJ Theron, dr RG Botha, dr PJ de Bruyn, dr CE Esterhuizen, dr SM le Grange, dr CA Loubser, dr E Mafana, dr AMH Pretorius, dr SJA Smit, dr CG Troskie, dr J Vermaak

DERMATOLOGIE
*Prof W Sinclair, dr BB Adamjee

DIAGNOSTIESE RADIOLOGIE
*Prof CS de Vries, dr M Africa, dr SH Botha, dr FA Gebremariam, dr J Janse van Rensburg, dr E Loggenberg, dr SF Otto, dr HF Potgieter, Mev C Meyer

FARMAKOLOGIE
*Prof A Walubo, dr PM van Zyl, dr JB du Plessis, dr CM Smith, dr PJ van der Merwe, dr MFPC van Jaarsveld, me R van Wyk, mev Z Bekker

GEMEENSKAPSGESONDHEID
*Prof WH Kruger, dr TM Chandran, dr BD de Klerk, mev LE Nophale

GENEESKUNDIGE FISIKA
*Prof A van Aswegen, prof CP Herbst, prof CA Willemse, prof H du Raan, prof MG Lötter, dr FCP du Plessis, dr WID Rae, mnr W Shaw, mnr JA van Staden, me FHJ O' Reilly, me SNN Acho, mnr WLR Rabe

GEREGTELIKE GENEESKUNDE
*Prof JBC Botha, dr RG Book, dr HB Burba, dr L Fouché, dr K Stark

HEMATOLOGIE EN SELBIOLOGIE
*Dr MJ Coetzee, prof PN Badenhorst, prof SM Meiring, prof CD Viljoen, dr A de Kock, dr D Jafta, dr L Pretorius, dr TJ Nel, dr CE Roets, dr MJ Webb, mnr JR Roodt

HUISARTSKUNDE
*Dr WJ Steinberg (waarnemend), dr C Boltman, dr H Dippenaar, dr TE Kellerman, dr JM Myburg, dr WJ Rabie, dr JP van Rooyen, dr NT Poswa, dr N Mofolo

INTERNE GENEESKUNDE
*Prof WF Mollentze, prof H de K Grundling, prof BW Jansen van Rensburg, prof VJ Louw, prof JH van Zyl, dr R Flooks, dr WF Grant, dr BJ Janse van Rensburg, dr R Kachovska, dr JMM Koning, dr PF Macdonald, dr JM Nel, dr WSJ Otto, dr M Prins, dr GJ Rossouw, dr D Steyn, dr Nhiwatiwa, dr W de Lange, dr C Nel, dr OC Buchel

KARDIOLOGIE
*Prof JD Marx, prof H du T Theron, dr AJ Barnard, dr MG Milela, dr JP Theron

KARDIOTORAKSCHIRURGIE
*Prof FE Smit, prof T Linegar, dr MA Long, dr L Botes, mnr JJ van den Heever

KERNGENEESKUNDE
*Prof AC Otto, dr MG Nel

KRITIEKE SORG
*Dr MGL Spruyt, dr W Hebler, dr CJ Jordaan

MEDIESE MIKROBIOLOGIE/VIROLOGIE
*Dr L Badenhorst (waarnemend), prof FJ Burt, prof AM Pretorius, dr D Goedhals, dr E Elliott, me A van der Spoel van Dijk, mnr PM Makhoahle

NEUROCHIRURGIE
*Dr D Hugo (waarnemend)

NEUROLOGIE
*Prof AJ Kruger, dr E Janse van Rensburg, dr L Smit
*Afdeling Mensgenetika*
*prof M Theron, dr BD Henderson, dr NC van der Merwe, me C Schultz

OBSTETRIE EN GINEKOLOGIE
*Prof HS Cronjé, prof BF Cooreman, prof PH Wessels, dr SSF Brand, dr JBF Cilliers, dr EW Henn, dr JD Nortjé, dr MS Pretorius, dr L Smith, dr MA du Toit, dr JDP Strydom, dr J Markram

OFTALMOLOGIE
*Prof AA Stulting, dr MJ Labuschagne, dr WJ Marais

ONKOTERAPIE
*Dr AC Bester (waarnemend), dr MC Botha, dr MP Kahl, dr A Sheriff, dr M Kruger, dr MJ Strydom, dr R du Plessis, me AS Zerwick, mev SC Rossouw

ORTOPEDIE
*Prof JA Shipley, dr FP du Plessis, dr PB Erasmus, dr CJ Joubert, dr DH Odendaal, dr JPJ Smit, dr R Steyn, dr JF van der Merwe, dr EM Visser, dr PA van Aardt, dr N Muhammed, dr DFdP Louw, dr FNP Weyers

OTORINOLARINGOLOGIE
*Prof AJ Claassen, prof L de K Louw, dr T Erasmus, dr RY Seedat, dr I Butler

PEDIATRIE EN KINDERGESONDHEID
*Prof A Venter, prof SC Brown, prof BB Hoek, dr AD Bruwer, dr DG Buys, dr JC Cronje, dr JP du Plessis, dr DJ Griessel, dr U Hallbauer, dr BD Henderson, dr AE Kappos, dr WF Karshagen, dr L Keet, dr J Kriel, dr K Rautenbach, dr A Nel, dr L Solomon, dr A van der Byl, dr AE van der Vyver, dr NE Tabane, dr M Saleem, dr JP Jooste, dr M Nhlapo

PLASTIESE EN REKONSTRUKTIEWE CHIRURGIE
*Prof JF Jooste

PSIGIATRIE
*Prof PJ Pretorius, prof FJW Calitz, dr M du Toit, dr TE Kathunzi, dr W Meintjes, dr H Mngomezulu, dr G Moroe, dr RJ Nichol, dr LM van der Merwe, dr LM van der Merwe, dr S Maduna, dr HSC Pieterse

UROLOGIE
*Prof SW Wentzel, dr FM Claassen, dr MH Motingoe, dr MA van Tonder

VAARDIGHEIDSEENHEID
*Dr L de Bruyn, dr JF Lombaard

## SKOOL VIR VERPLEEGKUNDE

HOOF: Prof AS van der Merwe

Dr DE Botha, prof Y Botma, me EE Bekker, mev JC de Villiers, prof A Joubert, mev M Lesia, mev RM Mpeli, prof M Mulder, dr M Myburgh, mev MMJ Philipps, mev M Reid, dr L Roets, mej EC Roos, prof RH van den Berg, dr WJC van Rhyn, dr I Venter

# WOORDOMSKRYWINGS

*Om meer duidelikheid en 'n eenvormige interpretasie te verseker, word die betekenis van die onderstaande woorde, wat in die Algemene Regulasies gebruik word, hieronder omskryf:*

***Assessering***
Dit is die proses waardeur die bekwaamheidsvlak van studente bepaal word en behoort uitgevoer te word deur middel van ‘n verskeidenheid van assesseringsmetodes oor ‘n tydperk en in ‘n verskeidenheid verbande.

***Assesseringsyfer***
Die punt wat 'n student tydens die assessering gesamentlik in ‘n betrokke vraestel of vraestelle van ‘n module behaal.

***Assesseringtydperk***
Die tydperk aan die einde van elke semester, soos aangedui in die Universiteitskalender, waarin assesserings gedoen word.

***Assessor***
Die dosent in die betrokke module wat die vraestel en die skrifte nasien of mondelinge assesserings en/of praktiese assesserings beoordeel.

***Bykomende modules***
Bykomende modules is dié wat geneem word addisioneel tot die minimum wat vereis word vir die betrokke kwalifikasie.

***Deurlopende assessering***
Deurlopende assessering maak deel uit van die assessering van 'n module op 'n deurlopende basis deur middel van ‘n verskeidenheid assesseringsmetodes.

***Dissipline***
‘n Gespesialiseerde en afgebakende studieveld.

***Eindassessering***
Eindassessering is summatief van aard en daarop gerig om te bepaal of die student die vereiste vlak van bekwaamheid soos deur die leeruitkomste gestel, bereik het. Eindassessering het die integrering van die onderskeie komponente van die betrokke module ten doel.

***Eksterne assessering***
Met eksterne assessering word eksterne eksaminering en/of eksterne moderering en/of eksterne standaardbeoordeling bedoel en moet minstens elke 5 jaar geskied.

***Eksterne assessor***
'n Persoon wat nie op die permanente diensstaat van die Universiteit is nie en die assesseringskrifte nasien of mondelinge assesserings en/of praktiese assesserings beoordeel. (In die geval van hernasien van assesseringskrifte tree hierdie persoon as arbiter op.)

***Eksterne moderator***
'n Persoon wat nie op die permanente diensstaat van die Universiteit is nie en wat toesien dat die assessering volgens die gespesifiseerde leeruitkomste op die verlangde vlak van bekwaamheid is.

***Finale syfer***
Die berekende syfer van die modulesyfer en assesseringsyfer, afgerond tot ‘n persentasie-heelgetal.

***Gedruipte module***
'n Gedruipte module is 'n module wat gedruip is.

***Geleentheidstudent***
'n Student wat aan die toelatingsvereistes van die Universiteit voldoen en wat vir modules inskryf wat deel vorm van goedgekeurde kwalifikasies, maar wat nie vir die volle kwalifikasie registreer nie.

***Gesamentlike syfer***
Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot 'n persentasie-heelgetal, van die semestersyfer/modulesyfer/jaarsyfer en assesseringsyfer.

***Gesertifiseerde/Gediplomeerde/Gegradueerde***
‘n Student wat aan die minimum vereistes van die betrokke kwalifikasie voldoen en waarin die student, na assessering, die vereiste vlak van bekwaamheid bereik het.

***Halfjaarsyfer***
Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot 'n persentasie-heelgetal, van 'n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk gedurende die semester in 'n bepaalde module en bereken op 'n wyse soos deur die betrokke fakulteit voorgeskryf.

***Hoofmodules***
Modules wat 'n student op die hoogste vlak in 'n besondere kurrikulum geslaag het of modules wat deur die betrokke fakulteitsregulasie as hoofmodule aangedui word.

***Interne moderator***
'n Persoon wat op die permanente diensstaat van die Universiteit is en wat toesien dat assessering volgens die gespesifiseerde leeruitkomstes op die verlangde vlak van bekwaamheid is.

***Jaarsyfer***
Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot ‘n persentasie-heelgetal, van 'n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk gedurende die jaar in 'n bepaalde module en bereken op 'n wyse soos deur die betrokke fakulteit voorgeskryf.

***Kurrikulum***
‘n Kurrikulum bestaan uit die samehangende modules uit verskillende dissiplines, wat oor die gespesifiseerde tydperk waarin studente die gestelde leeruitkomstes moet bereik, deel van die leerprogram vorm.

***Kwalifikasie***
In ‘n uitkomsgebaseerde benadering verwys ‘n kwalifikasie na die sertifisering van bereikte leeruitkomstes van ‘n leerprogram, uitgedruk as akkumulering van krediete op spesifieke vlakke. ‘n Kwalifikasie verteenwoordig die gedemonstreerde prestasie van ‘n student in

beplande en doelgerigte kombinasie van leeruitkomstes, wat daarop gerig is om studente met toegepaste bevoegdheid en 'n basis vir verdere leer toe te rus.

***Leerprogram***
'n Leerprogram is die struktuur waarbinne die kumulatiewe leer wat 'n student suksesvol moet deurloop om die uittreevlak-uitkomstes van 'n kwalifikasie te bemeester, aangedui word. Dié struktuur bestaan uit 'n samehangende kombinasie van modules/leereenhede, uitgedruk in uitkomsgebaseerde formaat en wat 'n akademiese en/of professionele/beroepsgerigte fokus het. Studente mag op verskillende punte of vlakke tot die leerprogram toetree en ook op betekenisvolle punte of vlakke uittree.

***Leeruitkoms***
'n Leeruitkoms is die kontekstueel-gedemonstreerde eindproduk van die leerproses. 'n Uittreevlak-uitkoms is die leeruitkoms wat deur die kwalifiserende student bereik moet word op die stadium waartydens uit die leerprogram, wat tot die betrokke kwalifikasie lei, uitgetree word. 'n Spesifieke leeruitkoms is kontekstueel gedemonstreerde kennis, vaardighede en waardes wat een of meer kritiese uitkomstes ondersteun en 'n verbesondering van die uittreevlak-uitkomstes is.

***Module***
'n Module is 'n samehangende, selfstandige leereenheid wat ontwerp is om 'n stel spesifieke leeruitkomstes te bereik. In 'n modulêre kwalifikasiestruktuur het 'n module 'n standaardgrootte en aangewese gewigstoekenning en vlak in die leerprogram. 'n Module kan 'n fundamentele, kern- en elektiewe funksie in 'n leerprogram vervul.

***Modulesyfer***
Die berekende syfer afgerond tot 'n persentasie-heelgetal van 'n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk in 'n bepaalde module en bereken op 'n wyse soos vervat in die modulehandleiding.

***Program***
'n Program is die oorkoepelende fokus van die verskillende leerprogramme waaruit die program saamgestel is. 'n Program is die akademiese verbesondering van een of meer strategiese fokusse van die Universiteit van die Vrystaat (UV).

***Promoveringsmodule***
'n Promoveringsmodule word oor 'n tydperk van een jaar aangebied, waarna studente 'n eindassessering aflê. 'n Student moet aan bepaalde promoveringsvereistes voldoen om, benewens ander slaagvereistes, na die volgende studiejaar bevorder te word.

***Registrasie***
'n Jaarlikse kontraktuele verbintenis tussen die Universiteit en die student ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedures.

***Semestergids***
'n Gids wat per module sekere reëlings tref oor modules. Die datums in die gids mag wysig volgens wysigings van die Uitvoerende Bestuur, UV-kalender, Fakulteit en/of die Bestuur van die Skool vir Geneeskunde.

***Semesterstelsel***
Impliseer dat die akademiese jaar in twee onafhanklike semesters verdeel word, en dat assessering aan die einde van elke semester afgelê word.

***Semestersyfer***
Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot 'n persentasie-heelgetal, van 'n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk gedurende die semester in 'n bepaalde module en bereken op 'n wyse soos deur die betrokke fakulteit voorgeskryf.

***Sillabus***
'n Indeling van die leerstof van 'n spesifieke module sodat dit metodies oor die semesters/jare verdeel is.

***Skripsie***
'n Wetenskaplike geskrif deur 'n student van mindere omvang as 'n proefskrif of verhandeling.

***Statuut***
Die statuut van die Universiteit van die Vrystaat soos gewysig en uitgevaardig kragtens artikel 32 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet nr 101 van 1997 soos gewysig) en ingevolge die bepalings van artikel 33 van genoemde Wet met die goedkeuring van die Minister van Onderwys afgekondig is.

***Toelatingsyfer***
Die jaar- of semester- of modulesyfer wat as toelatingsvereiste tot die eindassessering in die module geld.

***Vak***
'n Gespesialiseerde en afgebakende studieveld.

***Veronderstelde leeruur***
Veronderstelde leerure impliseer die ingeligte beraming van die gemiddelde leertyd wat ‘n gemiddelde student spandeer om die verwagte leeruitkoms(-tes) te bereik. Sodanige leertyd sluit kontaktyd, praktiese werk, selfstandige en begeleide studie, en assesseringstyd in. Een krediet is ekwivalent aan tien veronderstelde leerure.

***Voortsettingsmodule***
Die betrokke voortsettingsmodule dien as voorbereidende studie vir die daaropvolgende studiejaar. Die finale punt behaal in 'n voortsettingsmodule word oorgedra na die daaropvolgende studiejaar. Geen slaagvereistes word ten opsigte van 'n voortsettingsmodule gestel nie.

***Vraestel***
‘n Vorm van assessering bestaande uit 'n stel vrae, mondeling en/of skriftelik, oor 'n module(s) of gedeelte daarvan wat tydens die assesseringsgeleentheid gestel word.

# GRADE EN DIPLOMAS

*Benewens grade en diplomas wat die Universiteit in die toekoms mag instel, kan die volgende grade en diplomas in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe verwerf word:*

## SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE

| Graad | Afkorting | Minimum tydsduur | Graad-kode |
|---|---|---|---|
| **Magistergrade:** | | | |
| Magister in Arbeidsterapie | M.Arb. | 2 jr | 8770 |
| Magister Scientiae in Dieetkunde (Verhandeling) | M.Sc.(Dieetkunde) | 2 jr | 8780 |
| Magister Scientiae in Dieetkunde (Gestruktureerd) | M.Sc.(Dieetkunde) | 2 jr | 8784 |
| Magister in Voeding (Verhandeling) | M.(Voeding) | 2 jr | 8781 |
| Magister in Voeding (Gestruktureerd) | M.(Voeding) | 2 jr | 8786 |
| Magister Scientiae in Fisioterapie | M.Sc.(Fisioterapie) | 2 jr | 8720 |
| Magister Scientiae in Fisioterapie | M.Sc.(Fisioterapie) | 2 jr | 8739 |
| Magister Scientiae in Fisioterapie | M.Sc.(Fisioterapie) | 2 jr | 8743 |
| Magister in Optometrie | M.Optom. | 2 jr | 8701 |
| **Doktorsgrade:** | | | |
| Philosophiae Doctor | Ph.D. | 2 jr | 8950 |
| Philosophiae Doctor in Fisioterapie | Ph.D. in Fisioterapie | 2 jr | 8954 |
| Philosophiae Doctor in Arbeidsterapie | Ph.D. in Arbeidsterapie | 2 jr | 8953 |
| Philosophiae Doctor in Dieetkunde | Ph.D. in Dieetkunde | 2 jr | 8955 |
| Philosophiae Doctor in Voeding | Ph.D. in Voeding | 2 jr | 8952 |
| Doctor Scientiae | D.Sc. | | 8940 |
| **Diplomas:** | | | |
| Tersiêre Onderwysdiploma in Fisioterapie | | 2 jr | 8210 |
| Diploma in Terapeutiese Radiografie | | 18 maande | 8010 |
| Nagraadse Diploma in Optometrie | | 1 jr | 8201 |

## SKOOL VIR GENEESKUNDE

| Graad | Afkorting | Minimum tydsduur | Graad-kode |
|---|---|---|---|
| **Honneursgrade:** | | | |
| Baccalaureus in Mediese Wetenskappe Honneurs | B.Med.Sc.Hons. | 1 jr | 8510 |
| ....... Anatomie en Selmorfologie | | 1 jr | 8530 |
| ....... Anatomiese Patologie | | 1 jr | 8531 |
| ....... Bio-ingenieurswese | | 1 jr | 8532 |
| ....... Chemiese Patologie | | 1 jr | 8533 |
| ....... Farmakologie (Analities / Klinies) | | 1 jr | 8534 |
| ....... Geneeskundige Fisika | | 1 jr | 8535 |
| ....... Geneeskundige Fisiologie | | 1 jr | 8536 |
| ....... Hematologie en Selbiologie | | 1 jr | 8537 |
| ....... Immunologie | | 1 jr | 8538 |

....... Mediese Mikrobiologie / Virologie ............................................... 1 jr................8539
....... Mensgenetika ..................................................................... 1 jr................8540
....... Mensmolekulêre Biologie ............................................................ 1 jr................8541

**Magistergrade:**

Magister in Geneeskunde... ...................... M.Med. ............................ 4/5 jr.............8700
Magister in Mediese Wetenskappe........... M.Med.Sc. ....................... 2 jr................8710
Magister in Sportgeneeskunde .................. M.Sportgeneesk ............... 3 jr................8782
Magister in Huisartskunde .. ...................... M.Fam.Med. ................... 3 jr................8750
Magister in Geneeskunde (Huis-
artskunde) ......................... ...................... M.Med (Fam).................... 4 jr................8753
Magister in Gemeenskapsgesondheid ...... M.Med.(G.G.) ................... 4 jr................8730
Magister in Mediese Kliniese
Wetenskappe in Transfusiegeneeskunde . M.M. Clin. Sc.
(Transfusiegeneeskunde) 2jr ................8790

**Doktorsgrade:**

Philosophiae Doctor.................................. Ph.D. .............................. 2 jr................8930
Doctor in Geneeskunde ...... ...................... M.D. ................................ 2 jr................8900
Doctor Scientiae........................................ D.Sc. .....................................................8940

**Diplomas:**

Nagraadse Diploma in Endokrinologie ...... Nagr.Dipl. ......................... 2 jr................8204
Endokrinologie (Int. Gen.)
Nagraadse Diploma in Gastroënterologie . Nagr.Dipl. ......................... 2 jr................8205
Gastroënterologie (Int. Gen.)
Nagraadse Diploma in Geriatriese............ Nagr.Dipl. ......................... 2 jr................8206
Geneeskunde..................... ...................... Geriatriese Geneeskunde (Int. Gen.)
Nagraadse Diploma in Nefrologie............. Nagr.Dipl. ......................... 2 jr................8207
Nefrologie (Int. Gen.)
Nagraadse Diploma in Pulmonologie ........ Nagr.Dipl. ......................... 2 jr................8208
Pulmonologie (Int. Gen.)
Nagraadse Diploma in Kliniese................. Nagr.Dipl. ......................... 2 jr................8209
Hematologie Kliniese Hematologie
Nagraadse Diploma in
Algemene Intervensionele Radiologie ....... Nagr.Dipl.Alg.Interv.Rad. . 1 jr................8211
Nagraadse Diploma in Geneeskundige ..... Nagr.Dipl. ......................... 2 jr................8213
Fisika........................................................ Geneeskundige Fisika
Nagraadse Diploma in Kliniese
Farmakologie ............................................ Nagr.Dipl.Klin.Farmakol. . 1 jr................8212
Nagraadse Diploma in Transfusie-
Geneeskunde............................................ Nagr.Dipl.Trans.Gen. . ..... 2 jr................8223
Gevorderde Diploma in
Radiografie (Diagnosties) ......................... (G.D.R.D.) ........................ 1jr.................8203
Gevorderde Universiteitsdiploma in
Beroepsgesondheid ................................. (G.D.B.G.) ........................ 2 jr................8220
Gevorderde Universiteitsdiploma in
Gemeenskapsgesondheid . ...................... G.D.G.G.) ......................... 2 jr................8230
Gevorderde Universiteitsdiploma in
Gesondheidsdiensbestuur ........................ (G.D.G.B.) ........................ 2 jr................8240

## SKOOL VIR VERPLEEGKUNDE

| Graad | Afkorting | Minimum tydsduur | Graad-kode |
|---|---|---|---|
| **Gevorderde graad:** | | | |
| Baccalaureus in Gevorderde Verpleegkunde | B.Gev.Verpl | 4 jr | 2540 |
| **Magistergrade:** | | | |
| Magister Societatis Scientiae in Verpleegkunde (verhandeling) | M.Soc.Sc.(Verpl.) | 2 jr | 2720 |
| Magister Societatis Scientiae in Verpleegkunde (gedoseerd) | M.Soc.Sc.(Verpl.) | 2 jr | 2721 |
| **Doktorsgrade:** | | | |
| Philosophiae Doctor | Ph.D. | | 8960 |
| Doctor Societatis Scientiae (Verpl.) | D.Soc.Sc. | | 2900 |
| **Diplomas:** | | | |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Gesondheidsorgbestuur | | 1 jr | 2211 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Verpleegonderrig | | 1 jr | 2213 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Basiese Verloskunde | | 1 jr | 2228 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Beroepsgesondheidsverpleegkunde | | 1 jr | 2219 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Forensiese Verpleegkunde | | 1 jr | 2231 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde | | 1 jr | 2215 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Gerontologiese Verpleegkunde | | 1 jr | 2216 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Gevorderde Verloskunde en Neonatolgie | | 1 jr | 2225 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Kinderpsigiatriese Verpleegkunde | | 1 jr | 2217 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Kinderverpleegkunde | | 1 jr | 2223 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Kritieke Sorg Verpleegkunde | | 1 jr | 2212 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Mediese Chirurgiese Verpleegkunde | | 1 jr | 2218 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Operasiesaalverpleegkunde | | 1 jr | 2227 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Ortopediese Verpleegkunde | | 1 jr | 2232 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Primêre Kliniese Gesondheidsorg | | 1 jr | 2214 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Psigiatriese Verpleegkunde | | 1 jr | 2224 |
| Gevorderde Universiteitsdiploma in Trauma en Noodverpleegkunde | | 1 jr | 2234 |

## ALGEMEEN

| Graad | Afkorting | Minimum tydsduur | Graad-kode |
|---|---|---|---|
| **Diplomas:** | | | |
| Nagraadse diploma in Gesondheidsberoepeonderwys | | 1 jr | 8202 |
| **Magistergrade:** | | | |
| Magister in Gesondheidsberoepe-onderwys | M.(Gesondheids-beroepeonderwys) | 2 jr | 8702 |
| **Doktorsgrade:** | | | |
| Philosophiae Doctor Gesondheids-beroepeonderwys | Ph.D.(Gesondheids-beroepeonderwys) | 2 jr | 8951 |

# AMPTELIKE ADRES

Korrespondensie met betrekking tot akademiese aangeleenthede (voornemende studente, koshuisinwoning, beurse en lenings) moet gerig word aan:

**Die Registrateur**
**Universiteit van die Vrystaat**
**Posbus 339**
**BLOEMFONTEIN**
**9300**

| | | |
|---|---|---|
| **Telefoon** | **:** | **051 401 3000** |
| **Telefaks** | **:** | **051 447 5211** |
| **E-pos** | **:** | **info.stg@mail.uovs.ac.za** |

**Let wel: Meld asseblief u studentenommer op alle korrespondensie aan die Universiteit.**

# REGULASIES

**Hoewel die inligting in die Jaarboek so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat geen verantwoordelikheid vir onjuistheid wat hierin mag voorkom nie.**

**Die Algemene Regulasies van die Universiteit is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie Fakulteit.**

Die assesseringsregulasies soos in die Algemene Regulasies van die Universiteit beskryf, geld ook vir die nagraadse studente in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe behalwe in gevalle waar van pasiënte en/of eksterne assessore gebruik gemaak word.

Benewens grade en diplomas wat die Universiteit in die toekoms mag instel, kan die volgende grade en diplomas in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe verwerf word:

**MAGISTER IN ARBEIDSTERAPIE** **240 Krediete**
**M.Arbeidsterapie** **Studiekode 8770**

## Reg. AGB1: REGULASIES VIR DIE GRAAD MAGISTER IN ARBEIDSTERAPIE

### Reg. AGB1.1: Toelatingsvereistes

’n Student moet aan die bepalings van die Algemene Regulasies vir Magistergrade en die regulasies van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.

Toeligting

Alvorens ’n student vir die graad M.Arbeidsterapie mag inskryf, moet hy/sy:

(a) Beskik oor ’n vierjarige graad in Arbeidsterapie van hierdie Universiteit of ’n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig daaraan geag word;
(b) Beskik oor minstens een jaar ondervinding in ’n kliniese hoedanigheid na behaling van die Baccalaureusgraad of ’n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig geag word;
(c) Beskik oor minstens een jaar kliniese ondervinding in die rigting waarin die student navorsing wil doen; en
(d) By die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) as Arbeidsterapeut geregistreer wees.
(e) Met aansoek tot toelating vir enige nagraadse program in Arbeidsterapie moet die student bewys lewer dat hy/sy ‘n aanvaarbare navorsingsmetodologie module suksesvol afgehandel het. Indien die student nie aan hierdie vereiste voldoen nie moet hy/sy ATN 701 as geleentheidstudie aanbied en suksesvol voltooi.

**Let wel:** Toelating is onderhewig aan keuring.

### Reg. AGB1.2: Duur van Graadprogram

Die program strek oor ‘n minimum periode van 2 jaar.

### Reg. AGB1.3: Kurrikulum

ABT700 (240K) Verhandeling

### Reg. AGB1.4: Slaagvereistes

(a) Alle vereiste modules, soos deur die Algemene Regulasies voorgeskryf, moet geslaag word.
(b) Die graad M.Arbeidsterapie sal aan ’n student toegeken word nadat hy/sy aan al die vereistes vir dié graad voldoen het.

### Reg. AGB1.5: Assessering

Assessering word soos volg afgeneem:

(a) Met betrekking tot ABT700 Verhandeling:

(i) ’n Komitee aangewys deur die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe en die Etiekkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe sal die navorsingsprotokol evalueer.

(ii) Die titel van die verhandeling sal slegs op aanbeveling van die Evalueringskomitee van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe aan die Fakulteitsraad voorgelê word.

(iii) Na voltooiing van die verhandeling en op aanbeveling van die studieleier(s), sal die verhandeling deur die eksterne eksaminatore geëksamineer word.

**Herassessering**

Kyk Algemene Regulasies.

**Reg. AGB2:** **REGULASIES VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE (DIEETKUNDE)**

**Reg. AGB2.1:** **Toelatingsvereistes**

‘n Student kan vir die M.Sc. (Dieetkunde)-program inskryf indien hy/sy:

(a) In besit is van die vierjarige geïntegreerde B.Sc. (Dieetkunde)-graad van hierdie Universiteit; of
(b) In besit is van ‘n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig beskou word, met dien verstande dat bykomende vereistes in hierdie geval gestel mag word;
(c) Geregistreer is as Dieetkundige by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA).

Toelating is onderhewig aan keuring.

Indien nodig kan van ‘n student vereis word om bykomende modules, soos van toepassing op die studieveld, as geleentheidstudie aan te bied.

**Reg. AGB2.2:** **Duur van die Graadprogram**

Die program strek oor 'n minimum tydperk van twee jaar.

**Reg. AGB2.3:** **Kurrikulum**

**Verhandeling (Program A): 240 krediete**

Verhandeling DET 700 **(240K)**

**Gestruktureerd (Program B): 240 krediete**

| | |
|---|---|
| Uitgebreide skripsie | DET 791 (120 krediete) |

Modulewerk word saamgestel uit 4 modules (120 krediete) wat as volg saamgestel word:

| | |
|---|---|
| Modules (Verpligtend) | |
| Navorsingsmetodiek | DET 714 (16 krediete) |
| Wetenskaplikgefundeerde dieetkunde | DET 719 (40 krediete) |

Vakgerigte Modules (Keuse van een spesialiteitsrigting bestaande uit 2 modules)

| | |
|---|---|
| Kliniese Voeding (a & b)* | KVD 728/748 (32 krediete x 2) |
| Sportvoeding (a & b)* | SVD 728/748 (32 krediete x 2) |
| Gemeenskapsvoeding (a & b)* | GVD 728/748 (32 krediete x 2) |

*Keuse van moduletemas in konsultasie met studieleier

**Reg. AGB2.4: Assessering**

**Program A (Verhandeling):**

(a) Die navorsingsprotokol sal deur ‘n evalueringskomitee van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe geëvalueer word.
(b) Die titel van die verhandeling sal slegs op aanbeveling van die Fakulteitsbestuur aan die Fakulteitsraad voorgelê word.
(c) By afhandeling van die verhandeling en op aanbeveling van die studieleier(s) sal die verhandeling ekstern geëksamineer word.

**Program B (Gestruktureerd):**

(a) Die navorsingsprotokol sal deur ‘n evalueringskomitee van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe geëvalueer word.
(b) Die titel van die verhandeling sal slegs op aanbeveling van die Dagbestuur aan die Fakulteitsraad voorgelê word.
(c) Die uitgebreide skripsie sal by afhandeling en op aanbeveling van die studieleier(s) ekstern geëksamineer word.
(d) Elk van die 4 modules (120 krediete) word skriftelik en ekstern gedurende die Junie- en November-assesseringsgeleenthede geëvalueer

**Slaagvereistes**

Kyk Algemene Regulasies.

**Herassessering**

Kyk Algemene Regulasies.

## Reg. AGB3: REGULASIES VIR DIE GRAAD MAGISTER IN VOEDING

### Reg. AGB3.1: Toelatingsvereistes

‘n Student kan vir die M.(Voeding)-program inskryf indien hy/sy:

(a) In besit is van ‘n toepaslike B.-graad; of
(b) In besit is van ‘n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig beskou word, met dien verstande dat bykomende vereistes in hierdie geval gestel mag word.

Toelating is onderhewig aan keuring.

Indien nodig kan van ‘n student vereis word om bykomende modules, soos van toepassing op die studieveld, as geleentheidstudie aan te bied.

### Reg. GAGB3.2: Duur van die Graadprogram

Die program strek oor 'n minimum tydperk van twee jaar.

### Reg. AGB3.3: Kurrikulum

**Verhandeling (Program A): 240 krediete**

Verhandeling VDG 700 (240K)

**Gestruktureerd (Program B): 240 krediete**

| | |
|---|---|
| Uitgebreide skripsie | VDG 791 (120 krediete) |

Modulewerk word saamgestel uit 4 modules (120 krediete) wat as volg saamgestel word:

| | |
|---|---|
| Modules (Verpligtend) | |
| Navorsingsmetodiek | VDG 714 (16 krediete) |
| Wetenskaplikgefundeerde voeding | VDG 719 (40 krediete) |

Vakgerigte Modules (Keuse van een spesialiteitsrigting bestaande uit 2 modules)

| | |
|---|---|
| Gemeenskapsvoeding (a & b)* | GVD 728/748 (32 krediete x 2) |
| Sportvoeding (a & b)* | SVD 728/748 (32 krediete x 2) |
| Voeding (a & b)* | GVD 728/748 (32 krediete x 2) |

*Keuse van moduletemas in konsultasie met studieleier

### Reg. AGB3.4: Assessering

**Program A (Verhandeling):**

(a) Die navorsingsprotokol sal deur ‘n evalueringskomitee van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe geëvalueer word.

(b) Die titel van die verhandeling sal slegs op aanbeveling van die Fakulteitsbestuur aan die Fakulteitsraad voorgelê word.
(c) By afhandeling van die verhandeling en op aanbeveling van die studieleier(s) sal die verhandeling ekstern geëksamineer word.

**Program B (Gestruktureerd):**

(a) Die navorsingsprotokol sal deur ‘n evalueringskomitee van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe geëvalueer word.
(b) Die titel van die verhandeling sal slegs op aanbeveling van die Dagbestuur aan die Fakulteitsraad voorgelê word.
(c) Die uitgebreide skripsie sal by afhandeling en op aanbeveling van die studieleier(s) ekstern geëksamineer word.
(d) Elk van die 4 modules (120 krediete) word skriftelik en ekstern gedurende die Junie- en November-assesseringsgeleenthede geëvalueer

**Slaagvereistes**

Kyk Algemene Regulasies.

**Herassessering**

Kyk Algemene Regulasies.

## Reg. AGB4.1: REGULASIES VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTAE IN FISIOTERAPIE

### Reg. AGB4.1.1: Toelatingsvereistes

'n Student moet aan sowel die bepalings van die Algemene Regulasies vir magistergrade asook aan die regulasies van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.

Benewens ander bepalings geld die volgende vereistes vir toelating tot die graad M.Sc. Fisioterapie:

(a) 'n Student moet in besit wees van 'n vierjarige graad in Fisioterapie of 'n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig geag word.
(b) 'n Student moet minstens een jaar ondervinding in 'n kliniese hoedanigheid hê na behaling van die Baccalaureusgraad of 'n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig geag word.
(c) 'n Student moet by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) as Fisioterapeut geregistreer wees.
(d) Toelating is onderhewig aan keuring deur die Dagbestuur van die Departement Fisioterapie.

### Reg. AGB4.1.2: Duur van graadprogram

Die graad M.Sc. (Fisioterapie) strek oor 'n tydperk van twee jaar voltyds. Gedurende hierdie tydperk moet die student:

(a) 'n Fisioterapiepos beklee wat deur die Dagbestuur van die Departement as voldoende vir die doel van die opleiding beskou word;
(b) Die teoretiese, praktiese en kliniese werk voorgeskryf in die sillabusse afhandel;
(c) die voorgeskrewe universiteitsassessering suksesvol aflê; en
(d) Na suksesvolle aflegging van die betrokke assessering 'n skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp voltooi.

### Reg. AGB4.1.3: Kurrikulum

| | |
|---|---|
| FST701 **(32K)** | Anatomie (Fisioterapie) |
| FST702 **(32K)** | Fisiologie (Fisioterapie) |
| FST703 **(32K)** | Geneeskundige Fisika (Fisioterapie) |
| FST704 **(124K)** | Navorsing en uitgebreide skripsie |
| FST705 **(20K)** | Navorsingsmetodiek (Fisioterapie) |

‘n Student mag nie FST 704 aanbied voordat FST 705 nie voltooi is nie.

Die module FST704 word deurlopend oor twee jaar aangebied en bestaan uit:

(i) Opleiding wat in samewerking met die betrokke departemente aangebied kan word, volgens die betrokke rigting wat die student kies; en
(ii) 'n Uitgebreide skripsie wat deur die Departement Fisioterapie goedgekeur word.

### Reg. AGB4.1.4: Assessering

Die modules FST701, FST702 en FST703 moet aan die einde van die eerste studiejaar geslaag word.

### Slaagvereistes

Kyk Algemene Regulasies.

### Herassessering

Kyk Algemene Regulasies

## AKTIVERING VAN DORMANTE GRAADKURSUSSE

**MAGISTER SCIENTIAE (FISIOTERAPIE)** — **240 Krediete**
**M. Sc (Fisioterapie)** — **Studie kode 8739**

**Reg. AGB4.2: REGULASIES VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE IN FISIOTERAPIE**

**Reg. AGB4.2.1: Toelatingsvereistes**

**'n Student mag registreer vir die graad M.Sc.(Fisioterapie) indien hy/sy:**

(a) In besit is van 'n vierjaar graad in Fisioterapie; of
(b) In besit is van 'n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig geag word, alhoewel addisionele vereistes mag geld in so 'n geval; en
(c) Volle registrasie as 'n Fisioterapeut by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) het.

Toelating is onderhewig aan keuring deur die Dagbestuur van die Departement Fisioterapie.

Daar sal verwag word dat die student 'n navorsingsmetodologie kursus, aangebied deur die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe, suksesvol voltooi, asook enige ander addisionele kursusse wat relevant geag mag word.

**Reg. AGB4.2.2: Duur van die program**

Die program duur oor 'n minimum van twee jaar.

**Reg. AGB4.2.3: Kurrikulum**

**Verhandeling FST700 (240C)**

**Reg. AGB4.2.4: Assessering**

(a) Die navorsingsprotokol moet deur 'n evaluasiekomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe evalueer word.
(b) Die navorsingsprotokol moet deur die Etiekkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe goedgekeur word.
(c) Die titel van die verhandeling sal voorgelê word aan die Fakulteitsraad slegs na goedkeuring deur die Navorsingskomitee van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe.
(d) Na voltooiing van die verhandeling en op aanbeveling van die studieleier(s), sal die verhandeling vir eksterne eksaminering voorgelê word.

**Slaagvereistes**

Sien Algemene Regulasies.

**Herevaluering**

Sien Algemene Regulasies.

**MAGISTER SCIENTIAE FISIOTERAPIE (KLINIESE SPORTFISIOTERAPIE)** **240 Krediete**
**M. Sc. (Fisioterapie) (Kliniese Sport Fisioterapie)** **Studie kode 8743**

**Reg. Reg. AGB4.3 REGULASIES VIR DIE GRAAD MAGISTER IN KLINIESE SPORTFISIOTERAPIE**

**AGB4.3.1 Toelatingsvereistes**

**'n Student mag registreer vir die graad M.Sc.(Fisioterapie) (Kliniese Sportfisioterapie) indien hy/sy:**

(a) In besit is van 'n vierjaar graad in Fisioterapie; of
(b) In besit is van 'n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig geag word, alhoewel addisionele vereistes mag geld in so 'n geval; en
(c) Volle registrasie as 'n Fisioterapeut by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) het.

Toelating is onderhewig aan keuring deur die Dagbestuur van die Departement Fisioterapie.

Daar sal verwag word dat die student 'n navorsingsmetodologie kursus, aangebied deur die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe, suksesvol voltooi, asook enige ander addisionele kursusse wat relevant geag mag word.

**Reg. AGB4.3.2 Duur**

Die program duur oor 'n minimum van twee jaar.

**Reg. AGB4.3.3 Kurrikulum**

- **Modules:**
  - Inleiding tot Sportfisioterapie (20C)
  - Sagteweefselbeserings (20C)
  - Die spinaalkolom (20C)
  - Die skouer (20C)
  - Die knie (20C)
  - Die onderbeen, enkel en voet (20C)
- **Kliniese onderrig (40C)**
  - Kliniese logboek
  - Kliniese portefeuljes
  - Pasiënt voordragte
  - Akademiese besprekings
  - Elektiewe periode by geselekteerde instansies
- **Navorsingsartikel (80C)**

**M. Sc. (Fisioterapie) (Kliniese Sport Fisioterapie)**

| Inleiding tot Sportfisioterapie | Sagteweefselbeserings | Die spinaalkolom |
|---|---|---|
| o Sportgeneeskundemodel<br>o Oefeningsfisiologie<br>o Voorskryf van oefening<br>o Inleiding tot | o Anatomie<br>o Biomeganika<br>o Gedetailleerde evaluering | o Anatomie<br>o Biomeganika<br>o Gedetailleerde evaluering |

| | | |
|---|---|---|
| sportsielkunde<br>o Inleiding tot sportvoeding<br>o Sporttrauma, sportgeneeskunde in noodgevalle en die hantering van sportbeserings tydens deelname<br>o Inleiding tot sport vir gestremde persone | o Gedetailleerde rehabilitasie<br>o Algemene sagteweefselbeserings<br>o Sportverbindings/ veiligheidstoebehore/ veiligheidsmaatreëls<br>o Kliniese onderrig | o Gedetailleerde rehabilitasie<br>o Algemene beserings<br>o Sportverbindings/ veiligheidstoebehore/ veiligheidsmaatreëls<br>o Sport-spesifieke oefeninge/beserings<br>o Kliniese onderrig |

| Die skouer | Die knie | Die onderbeen, enkel en voet |
|---|---|---|
| o Anatomie<br>o Biomeganika<br>o Gedetailleerde evaluering<br>o Gedetailleerde rehabilitasie<br>o Ortopediese prosedures en rehabilitasie<br>o Algemene beserings<br>o Sportverbindings/ veiligheidstoebehore/ veiligheidsmaatreëls<br>o Sport-spesifieke oefeninge/beserings<br>o Kliniese onderrig | o Anatomie<br>o Biomeganika<br>o Gedetailleerde evaluering<br>o Gedetailleerde rehabilitasie<br>o Ortopediese prosedures en rehabilitasie<br>o Algemene beserings<br>o Sportverbindings/ veiligheidstoebehore/ veiligheidsmaatreëls<br>o Sport-spesifieke oefeninge/beserings<br>o Kliniese onderrig | o Anatomie<br>o Biomeganika<br>o Gedetailleerde evaluering<br>o Gedetailleerde rehabilitasie<br>o Algemene beserings<br>o Sportverbindings/ veiligheidstoebehore/ veiligheidsmaatreëls<br>o Sport-spesifieke oefeninge/beserings<br>o Kliniese onderrig |

**Reg. AGB4.3.4 Algemeen**

Modulewerk sal aangebied word in ‘n minimum van 20 dae bywoning per jaar - eweredig versprei oor die jaar.

**Reg. AGB4.3.5 Assessering**

- Daar sal verwag word van studente om bewyse van bevoegdheid te lewer deur verskillende metodes soos kliniese portefeuljes, kliniese logboeke, besprekings, werksopdragte, praktiese demonstrasies en geskrewe toetse/eksamens. Kliniese vaardighede sal in ‘n kliniese omgewing geassesseer word.
- Assessering in die program sal ‘n deurlopende en geïntegreerde benadering volg.
- Assessering van praktiese werk en elektiewe periodes sal in die studieveld van Sportfisioterapie plaasvind. Eweknie-assessering sal ook ingesluit word.
- ‘n Module-eindassessering sal bestaan uit ‘n geskrewe en/of kliniese eksamen.
- Die navorsingsprotokol moet geëvalueer word deur die evaluasiekomitee van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe.
- Die navorsingsprotokol moet goedgekeur word deur die Etiekkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.
- Na voltooiing van die navorsingsartikel en op aanbeveling van die studieleier(s) sal die navorsingsartikel aangebied word vir eksterne eksaminering.

**Slaagvereistes**

Sien Algemene Regulasies.

**Herassessering**

Sien Algemene Regulasies.

| **MAGISTER IN OPTOMETRIE** | **260 Krediete** |
|---|---|
| **M.Optom.** | **Studiekode 8701** |

**Reg. AGB5: REGULASIES VIR DIE GRAAD MAGISTER IN OPTOMETRIE IN DIE PROGRAM VIR PROFESSIONELE OPTOMETRIE**

Studente moet voldoen aan die vereistes van beide die Algemene Regulasies vir Magistergrade en die regulasies van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

**Reg. AGB5.1: Toelatingsvereistes**

Om toelating tot registrasie vir die Magister in Optometrie te verkry, moet 'n student in besit wees van:

a) 'n Baccalaureusgraad of beroepsdiploma in Optometrie wat na 2002 behaal is;

of

b) 'n Baccalaureusgraad of beroepsdiploma in Optometrie wat voor 2002 behaal is plus erkende formele verdere leer en ondervinding.

Toepaslike voorafleer en ondervinding sal erkenning geniet wanneer toelating verlang word. Krediete wat in voorafleerprogramme verwerf is, sal erken word afhangend van die inhoud van sodanige programme.

Kandidate moet 'n pos as praktiserende optometris beklee, of moet oor ten minste een jaar ondervinding as praktiserende optometris beskik, en die Departementshoof of Hoof van hierdie program moet toelating aanbeveel.

Toelating sal onderhewig wees aan keuring.

**Reg. AGB5.2: Duur van graadprogram**

Die graadprogram strek oor 'n periode van twee jaar (260 krediete).

Na een jaar, en na suksesvolle voltooiing van ses modules en 'n jaar-een-eindassessering, mag kandidate toegelaat word om met 'n nagraadse diploma uit te tree.

**Reg. AGB5.3: Kurrikulum**

Modulewerk (160 krediete) plus 'n skripsie (100 krediete)

Jaar 1: Modules oor verpligte temas:

- Behandeling en hantering van okulêre siekte I OPM701
- Behandeling en hantering van okulêre siekte II OPM702
- Inleiding tot navorsingsmetodologie OPM703
- Okulêresiekte-kliniek OPM704
- Okulêresiekte-kliniek OPM705
- Neuro-optometrie OPM706

Jaar 2: Verpligte modules:

- Gevorderde navorsingsmetodologie OPM707
- Module oor elektiewe temas in optometrie (keuse van geskikte temas) OPM708
- Navorsingsprojek en uitgebreide skripsie OPM791

**Reg. AGB5.4: Uittreepunt**

Kandidate wat die ses modules van jaar 1 suksesvol voltooi het, kan uittree deur die jaar-een-eindassessering suksesvol te voltooi. Suksesvolle kandidate kan uit die program tree met 'n **Nagraadse Diploma in Optometrie (graadkode 8201).**

**Nota:** Die regulasie wat bepaal dat kandidate met 'n gemiddelde modulepunt van 65% en meer gepromoveer mag word, is nie van toepassing in die geval van kandidate wat met 'n nagraadse diploma wil uittree nie. Sodanige kandidate moet die eindeksamen van jaar een aflê, ongeag of hul modulegemiddeld 65% of hoër is.

**Reg. AGB5.5: Algemeen**

Modulewerk begin op die tweede Woensdag in Januarie. 'n Module bestaan uit geskeduleerde kontaktyd, gevolg deur gerigte selfstudie.

**Reg. AGB5.6: Assessering**

1. Bewys van kompetensie sal gelewer word deur die bereiking van gestelde uitkomste om sodoende te voldoen aan die standaarde wat deur die Universiteit en die Fakulteit gestel word. Doeltreffendheid en effektiwiteit in die bereiking van gestelde uitkomste en algemene prestasie in optometrie en as navorser sal geassesseer word. Daar sal van studente verwag word om op verskeie maniere bewys van kompetensie te lewer, insluitend portefeuljes, besprekings, take, praktiese demonstrasies en goed beredeneerde geskrifte (bv. manuskripte vir publikasie) wat die praktyk en beroep van optometrie beskryf en daarop kommentaar lewer. Vaardighede sal in reële situasies geëvalueer word. Die skripsie sal volgens die Algemene Regulasies van die Universiteit geëvalueer word.
2. Assessering in die program sal op geïntegreerde en deurlopende wyse geskied.
3. Assessering in die modules sal deur onderhandelde of gekontrakteerde werk, wat verband hou met studente se eie posisies/rol in optometrie, geskied. Dit mag komponente van eweknie-assessering insluit.
4. 'n Module-kredietstelsel geld, en waar van toepassing, dit wil sê in gevalle waar kandidate nie 'n gemiddelde modulepunt van 65% behaal het nie, of wanneer kandidate wil uittree met 'n nagraadse diploma in Optometrie, sal die eindassessering van jaar een uit 'n geskrewe en/of mondelinge eksamen bestaan, terwyl die navorsingskripsie in jaar twee geëvalueer sal word.

**Reg. AGB5.7: Promovering en onderskeidings**

Studente wat 'n gemiddelde modulesyfer van 65% of meer behaal het, kan gepromoveer word sonder dat assessering gedoen word, behalwe in die geval van kandidate wat met 'n nagraadse diploma wil uittree. Sodanige studente moet assessering doen. Kandidate met 'n gemiddelde syfer van 65% of meer sal toegelaat word om die assessering af te lê as hulle dit wil doen met die doel om hul punte te verbeter/'n onderskeiding te behaal. Die magistergraad sal met lof toegeken word as die kandidaat 'n finale gemiddelde syfer van 75% behaal, **en** 'n minimum van 70% in elk van die modules sowel as die skripsie.

**PROGRAM VIR PROFESSIONELE OPTOMETRIE**
MAGISTER IN OPTOMETRIE. (M. OPTOMETRIE) MET UITTREEPUNT NA 120 KREDIETE**: NAGRAADSE DIPLOMA IN OPTOMETRIE (NAGR. DIPL. OPTOMETRIE)**

- Duur twee jaar
- Uittreepunt na 6 modules (1 jaar) - > Nagraadse diploma in Optometrie
- Jaar 2: 3 Verpligte modules: Gevorderde navorsingsmetodologie, elektiewe temas en 'n navorsingsprojek
- Module = Kontaksessies gevolg deur gerigte selfstudie
- 9 Modules - > Magister in Optometrie
- Jaar 1: 6 Modules oor verpligte temas
- Program begin op die tweede Woensdag in Januarie
- Assessering: Einde van eerste studiejaar: Formele geskrewe en/of mondelinge assessering. Deurlopende assessering in al die modules. Einde **van tweede jaar:**

**Skripsie/Verhandeling**

| | MODULE 1 VERPLIGTEND | MODULE 2 VERPLIGTEND | MODULE 3 VERPLIGTEND | MODULE 4 VERPLIGTEND | MODULE 5 VERPLIGTEND | MODULE 6 VERPLIGTEND | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **JAAR 1** | **BEHANDELING EN HANTERING VAN OKULÊRE SIEKTE I OPM 701 (20K)** | **BEHANDELING EN HANTERING VAN OKULÊRE SIEKTE II OPM 702 (20K)** | **INLEIDING TOT NAVORSINGS-METODOLOGIE OPM 703 (20K)** | **OKULÊRE-SIEKTE-KLINIEK OPM 704 (20K)** | **OKULÊRE-SIEKTE-KLINIEK OPM 705 (20K)** | **NEURO-OPTOMETRIE OPM 706 (20K)** | **Uittreepunt Nagraadse Diploma in Optometrie** |
| **JAAR 2** | **MODULE 7** VERPLIGTEND | | **MODULE 8** VERPLIGTEND | **MODULE 9** VERPLIGTEND | | | **Magister in Optometrie** |
| | **GEVORDERDE NAVORSINGSMETODOLOGIE OPM 707 (20K)** | | **ELEKTIEWE TEMAS OPM 708 (20K)** | **NAVORSINGSPROJEK OPM 791 (100K)** | | | |

- **Magister:** **260 Krediete**
- **Krediete per module:** **20: OPM 701-708**
- **Nagraadse diploma:** **120 Krediete**
- **Krediete Navorsingsprojek:** **100: OPM 791**

| PHILOSOPHIAE DOCTOR | 240 Krediete |
|---|---|
| Ph.D. | Studiekode 8950 |

**Reg. AGB6 REGULASIES VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR IN DIE SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE**

**Reg. AGB6.1 Toelatingsvereistes**

Die Algemene Regulasies ten opsigte van doktorsgrade is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie Fakulteit.

Om toegelaat te word om vir die graad Ph.D. te registreer, moet 'n student voldoen aan die bepalings van die Algemene Regulasies en in besit wees van die toepaslike Magistergraad van die betrokke departement of enige ander kwalifikasie wat deur die Senaat as toereikend beskou word.

Die graad Philosophiae Doctor (Ph.D.) kan in die volgende dissiplinerigtings in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe verwerf word:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Ph.D. in | : | Dieetkunde | Studiekode: 8955 | **(240K)** |
| | | Voeding | Studiekode: 8952 | **(240K)** |
| | | Fisioterapie | Studiekode: 8954 | **(240K)** |
| | | Arbeidsterapie | Studiekode: 8953 | **(240K)** |

<u>Toeligting</u>

(a) ’n Komitee aangewys deur die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe en die Etiekkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe sal die navorsingsprotokol evalueer. Die titel van die proefskrif sal slegs op aanbeveling van die komitee aan die Fakulteitsraad voorgelê word.
(b) Na voltooiing van die praktiese gedeelte van die navorsing, of op 'n tydstip deur die promotor bepaal, moet die student sy/haar navorsingsresultate aan die komitee voorlê en verantwoord. Die komitee se aanbeveling sal as riglyne vir die promotor en die student dien.

**<u>Modulekode: 901</u>**
Die modulekode van die dissipline waarvoor geregistreer word, bestaan uit die afkorting van die dissiplinegebied, tesame met die kode 901.

| DOCTOR SCIENTIAE | 240 Krediete |
|---|---|
| D.Sc. | Studiekode 8940 |

**Reg. AGB7 REGULASIES VIR DIE GRAAD DOCTOR SCIENTIAE**

Die graad D.Sc. kan toegeken word aan ‘n gedoktoreerde wat oor ‘n aansienlike tydperk omvangryke publikasies van besondere gehalte op sy/haar dissiplinegebied gelewer het.

Vir meer besonderhede kyk JAARBOEK ALGEMEEN (Nagraadse grade en diplomas).

**<u>Modulekode: 900</u>**
Die modulekode van die dissipline waarvoor geregistreer word, bestaan uit die afkorting van die dissiplinegebied, tesame met die kode 900.

## TERSIÊRE ONDERWYSDIPLOMA IN FISIOTERAPIE — 160 Krediete
**Ters. Onderwysdipl. in Fisioterapie — Studiekode 8210**

**Reg. AGB8 REGULASIES VIR DIE TERSIÊRE ONDERWYSDIPLOMA IN FISIOTERAPIE**

**Reg. AGB8.1 Toelatingsvereistes**

(a) Slegs 'n student wat in besit is van 'n kwalifikasie in Fisioterapie wat by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) registreerbaar is en deur die Universiteit as genoegsame opleiding vir toelating erken word, sal tot die studie vir die Tersiêre Onderwysdiploma in Fisioterapie toegelaat word.
(b) Die kandidaat moet goedgekeur word deur die Dagbestuur van die Departement.
(c) ‘n Student wat Engels as eerste taal in die matrikulasie-assessering aangebied het, het nie nodig om Engels (ENS112, 132, 122 en 142) aan te bied nie.

**Reg. AGB8.2 Duur van diplomaprogram**

Opleiding strek oor 'n minimum tydperk van twee jaar.

**Reg. AGB8.3 Kurrikulum**

| | |
|---|---|
| AFR112 **(8K)**, AFR132 **(8K)** | Afrikaans |
| AFR122 **(8K)**, AFR142 **(8K)** | Afrikaans |
| HOF526 **(32K)** | Onderrig in Hoër en Verdere Onderwys |
| ENS112 **(8K)**, ENS132 **(8K)**, ENS122 **(8K)**, ENS142 **(8K)** | Engels |
| FFA604 **(32K)** | Filosofiese Andragogiek vir Fisioterapie-dosente |
| MFT608 **(32K)** | Dissiplinedidaktiek in Fisioterapie |

**Jaarsyfer/semestersyfer**

Kyk Algemene Regulasies.

**Slaagvereistes**

Kyk Algemene Regulasies.

**Herassessering**

Kyk Algemene Regulasies.

## DIPLOMA IN TERAPEUTIESE RADIOGRAFIE — 128 Krediete
**Dipl. Terapeutiese Radiografie — Studiekode 8010**

Geen nuwelingstudent registreer vir die module nie.

**BACCALAUREUS IN MEDIESE WETENSKAPPE HONNEURS Minimum 120 Krediete**
**B.Med.Sc.Hons. Studiekode 8510**

## Reg. GH9 REGULASIES VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS IN MEDIESE WETENSKAPPE HONNEURS

### Reg. GH9.1 Toelatingsvereistes

'n Student moet aan sowel die bepalings van die Algemene Regulasies vir honneursbaccalaureusgrade as aan die regulasies van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.

Daar word van enige student vereis om, by registrasie vir die graad B.Med.Sc. Hons, by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika as intern mediese wetenskaplike of intern geneeskundige fisikus te registreer. Registrasie as mediese wetenskaplike of geneeskundige fisikus geskied na verwerwing van die B.Med.Sc. Hons-kwalifikasie en minstens twee jaar toepaslike opleiding in ‘n universiteitsgebonde opleidingseenheid, erken deur die raad en onder leiding van ‘n geregistreerde mediese wetenskaplike of geneeskundige fisikus of mediese spesialis. Registrasie geskied ook met dien verstande dat, van die twee jaar opleiding, een jaar ontvang kan word terwyl die persoon ingeskryf was vir ‘n honneurs- of hoër graad.

### Reg. GH9.2 Duur van program en dissiplinerigtings

Indien die module in Anatomie, Farmakologie, Fisiologie, Mensgenetika, Mikrobiologie, Chemiese Patologie en Geneeskundige Fisika op 'n deeltydse basis aangebied word, moet die studie oor minstens twee akademiese jare strek. Andersins kan die module in een jaar voltooi word.

Die volgende is die dissiplinerigtings waarin die B.Med.Sc.Hons. verwerf kan word:

**(a) Anatomie en Selmorfologie Studiekode 8530**

**(i) Voorvereistes**

'n Toepaslike B-graad of gelykwaardige kwalifikasie word vereis vir toelating tot die B.Med.Sc.(Honneurs)-graad, met dien verstande dat aanvullende werk van die student vereis kan word.

Onderwerpe sluit Toegepaste en Vergelykende Anatomie, Embriologie, Biologiese Antropologie asook Histologie in. Van die student word verwag om minstens twee van die vier onderwerpe te kies en te bestudeer.

### (ii) Kurrikulum

1. ANA601 Capita Selecta
2. ANA602 Capita Selecta
3. ANA603 Capita Selecta
4. ANA604 Capita Selecta

'n Module in Navorsingsmetodes en -beginsels moet tot bevrediging van die Hoof van die Departement voltooi word.

### (iii) Assessering

Een vraestel van drie uur word afgelê in elke module. 'n Werkstuk in elke module hierbo genoem en wat handel oor 'n goedgekeurde projek moet minstens een maand voor aanvang van die betrokke assessering(s) ingehandig word. Die punt behaal in die onderskeie werkstukke sal deel uitmaak van die slaagpunt van 'n spesifieke module.

### (iv) Slaagvereistes

Kyk Algemene Regulasies.

## (b) Anatomiese Patologie — Studiekode 8531

### (i) Voorvereistes

B.Med.Sc. of gelykwaardige graad met toepaslike dissipline-inhoud.

### (ii) Kurrikulum

1. Laboratoriumtegniek
2. Histochemie en Immunohistologie
3. Elektronmikroskopie
4. Meganismes van Basiese Patologie

### (iii) Assessering

Assessering oor die voorgeskrewe onderwerpe word soos volg afgeneem:
ANP601 Een skriftelike vraestel van 3 uur
Praktika
Een mondeling

### (iv) Slaagvereistes

Kyk Algemene Regulasies.

## (d) Chemiese Patologie — Studiekode 8533

### (i) Voorvereistes

B.Med.Sc. of 'n gelykwaardige kwalifikasie, met dien verstande dat aanvullende werk van die student vereis kan word.

### (ii) Kurrikulum

1. Gevorderde Menslike Biochemie
2. Chemiese Patologie
3. Laboratoriumpraktyk

### (iii) Assessering

CHP601
Twee vraestelle van 3 uur elk
Een praktikum
Een mondeling
Een skripsie

### (iv) Slaagvereistes

Kyk Algemene Regulasies.

## (e) Farmakologie (Analities / Klinies) — Studiekode 8534

### (i) Voorvereiste

B.Sc. of ‘n ekwivalente kwalifikasie.

### (ii) Kurrikulum

- Mediese Farmakologie
- Toegepaste Farmakologie
- Farmakologiese Navorsingsmetodes
- Mini-verhandeling (skripsie)

Elke student sal ‘n farmakologie-navorsingsprojek onder toesig van ‘n personeellid voorlê en onderneem. Die navorsingsprojek, verkieslik oorspronklik, maar nie noodwendig nie, kan handel oor enige aspek met betrekking tot farmakologie soos deur die Departementshoof aanbeveel.

**(iii) Assessering FRM601**

Assessering vind plaas as 'n deurlopende proses waarvoor die finale punt bereken sal word deur proporsionele punte wat bekom is deur progressiewe eksaminering asook punte wat behaal is in die navorsingskripsie (mini-verhandeling). Die bydrae tot die finale punt sal as volg wees:

| | | |
|---|---|---|
| (i) | Mediese Farmakologie (ten minste 4 toetse van 2 uur elk) | 25% |
| (ii) | Toegepaste Farmakologie (ten minste 2 toetse van 2 uur elk) | 10% |
| (iii) | Navorsingsmetodes (ten minste 4 toetse van 2 uur elk) | 25% |
| (iv) | Mini-verhandeling (skripsie) (insluitend verdediging voor 'n eksterne assessor) | 40% |

**(iv) Slaagvereistes**

Kyk Algemene Regulasies

## (f) Geneeskundige Fisika — Studiekode 8535

**(i) Toelatingsvereistes**

'n Student moet ten minste 'n gemiddelde slaagsyfer van 60% in Fisika op derdejaarsvlak of 'n gemiddelde slaagsyfer van 60% in Stralingswetenskap op derdejaarsvlak behaal het om tot die Honneursgraad toegelaat te word. Studente sal aan keuring onderwerp word. In uitsonderlike ander gevalle kan die Departementshoof toestemming verleen vir toelating tot die Honneursgraad. Die studie neem middel Januarie 'n aanvang en alle studente moet voor 30 September van die vorige jaar by die Departementshoof aansoek doen vir toelating.

**(ii) Kurrikulum**

| **Module** | | **Krediete** |
|---|---|---|
| BFK614 | - Stralingsfisika | 16 |
| BFK634 | - Stralingsbeskerming | 16 |
| BFK624 | - Mediese Fisika vir Diagnostiese Radiologie | 16 |
| BFK644 | - Mediese Fisika vir Kerngeneeskunde | 16 |
| BFK664 | - Beplanning van Stralingsbehandeling | 16 |
| BFK684 | - Modaliteite vir Stralingsbehandeling | 16 |
| FSK601 | - Kwantummeganika | 16 |
| FSK606 | - Halfgeleiers | 16 |
| FSK611 | - Elektronika | 16 |
| WTW6144 | - Digitale Beeldverwerking | 16 |

**(iii) Duur van die graadprogram**

Een jaar indien voltyds gevolg, of twee jaar indien deeltyds gevolg.

**(iv) Assessering**

Een vraestel van drie uur aan die einde van die semester in elke kursus.

**Toelating tot assesseringsgeleentheid**

‘n Minimum modulesyfer van 40% vir modules BFK614, BFK634, BFK624, BFK644, BFK664 en BFK684 word vereis vir toelating tot die assessering.

Samestelling van modulesyfers vir BFK614, BFK634, BFK624, BFK644, BFK664 en BFK684

‘n Student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk wat tydens die module afgeneem is, dra by tot die modulesyfer. Besonderhede van die samestelling van die modulesyfer is in die afsonderlike modulehandleidings vervat

**Berekening van punte**

Die modulesyfer en die assesseringsyfer dra beide 50% tot die finale gesamentlike syfer by.

**(v) Algemene regulasies met betrekking tot BFK614, BFK634, BFK624, BFK644, BFK664 en BFK684**

Daar word van studente vereis om van die eerste assesseringsgeleentheid gebruik te maak vir alle modules wat in die Skool vir Geneeskunde aangebied word. Studente kan slegs kwalifiseer om aan ‘n tweede geleentheid deel te neem indien hulle aan die eerste geleentheid deelgeneem het en daarvoor gekwalifiseer het.

**(vi) Slaagvereistes**

Die algemene regulasies is van toepassing.

**(vii) Herassessering**

Die algemene regulasies is van toepassing.

Die algemene regulasies A43(f) en A43(g) is slegs van toepassing mits die student:

(i) Wel toelating tot die assesseringsgeleentheid gehad het (dit wil sê ‘n modulesyfer van minstens 40%);
(ii) Minstens 30% in die ontbrekende module in die assesseringsgeleentheid behaal het.

<u>Toeligting:</u>

'n Student wat as Geneeskundige Fisikus by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) wil registreer, sal benewens die graad B.Med.Sc.(Hons). nog praktiese ervaring in Kliniese Geneeskundige Fisika moet opdoen soos voorgeskryf deur die genoemde Raad.

Indien die honneurskursus voltyds gevolg word, word 'n addisionele indiensopleiding van twee jaar vereis, voordat registrasie by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) kan geskied.

Indien die honneurskursus deeltyds gevolg word en praktiese ervaring in Kliniese Geneeskundige Fisika terselfdertyd opgedoen word, word 'n addisionele indiensopleiding van een jaar vereis, voordat registrasie by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) kan geskied.

## (g) Geneeskundige Fisiologie — Studiekode 8536

### (i) Voorvereistes

(a) Die B.Med.Sc./B.Sc. of gelykwaardige kwalifikasie met Fisiologie as hoofdissipline.
(b) Die Departementshoof selekteer studente na 'n persoonlike onderhoud en assessering van akademiese meriete.

### (ii) Kurrikulum

| | |
|---|---|
| FFG601 | Algemene Fisiologie |
| FFG602 | Capita Selecta uit die dissiplinegebied Fisiologie |
| FFG603 | Seminare uitgewerk oor Fisiologie |
| FFG691 | ‘n Praktiese laboratoriumwerkstuk met 'n verslag **of** 'n seminaar oor die teorie van spesifieke biologiese laboratoriumtegnieke. |

### (iii) Assessering

**Deel I**
**FFG601**
Die basiese aspekte van die hele dissiplinegebied of soos afgebaken deur die Departementshoof (een vraestel van 3 uur).

**Deel II**
**FFG602**
Die bywoon van geskeduleerde nagraadse besprekings en die weergee van kennis daar opgedoen (een vraestel van 3 uur).

**Deel III**
**FFG603**
Die veld oor Fisiologie wat deur die seminare gedek en deur die student uitgewerk is (een vraestel van 3 uur).

**Deel IV**
**FFG691**
Die veld gedek deur praktiese laboratoriumwerk of die teorie van spesifieke biologiese laboratoriumtegnieke soos van toepassing (een mondeling van 30 minute).

Toeligting:

(a) Werkopdragte word deur die Hoof van die Departement aan die student opgedra.
(b) 'n Verslag en/of seminare moet in getikte vorm by die Hoof van die Departement ingehandig word, minstens een maand voor die assessering.

**(iv) Slaagvereistes**

Kyk Algemene Regulasies.

## (h) Hematologie en Selbiologie — Studiekode 8537

**(i) Voorvereistes**

B.Med.Sc. of 'n gelykwaardige kwalifikasie met 'n toepaslike kurrikulum-samestelling.

**(ii) Kurrikulum**

HEM601 Eritrosiet- en leukosietafwykings en -ondersoeke
HEM602 Hemostase
HEM603 Immunohematologie en hemolitiese anemie
HEM604 Hematologieprojek

**Leerplan**
(a) Basiese navorsingsbeginsels.
(b) Indiening van 'n skripsie wat in oorleg met die betrokke Departementshoof geskied.

Slegs een module mag per semester aangebied word, met uitsondering van HEM604 (Hematologieprojek) wat ter eniger tyd ingedien kan word.

**(iii) Assessering**

(HEM601; HEM602; HEM603)
Twee skriftelike vraestelle
Een praktikum en
Een mondeling per semester.

**(iv) Slaagvereistes**

Kyk Algemene Regulasies.

## (i) Immunologie — Studiekode 8538

**(i) Voorvereistes**

B.Med.Sc. of 'n gelykwaardige kwalifikasie met 'n toepaslike kurrikulum-samestelling.

**(ii) Kurrikulum**

IMN601 Immunohematologie
IMN602 Humorale en sellulêre immunologie

IMN603 Laboratorium- en kliniese immunologie
IMN604 Immunologieprojek.

**Leerplan**

a) Basiese navorsingsbeginsels.
b) Indiening van 'n skripsie wat in oorleg met die betrokke Departementshoof geskied.

Slegs een module mag per semester aangebied word, met uitsondering van IMN604 (Immunologieprojek) wat ter eniger tyd ingedien kan word.

**(iii) Assessering**

(IMN601; IMN602; IMN603)
Twee skriftelike vraestelle
Een praktikum en
Een mondeling per semester.

**(iv) Slaagvereistes**

Kyk Algemene Regulasies.

## (j) Mediese Mikrobiologie / Virologie — Studiekode 8539

**(i) Voorvereistes**

(a) ‘n B.Med.Sc.-/B.Sc.-graad met Mikrobiologie as hoofdissipline, waarin ‘n minimum punt van 60% op derdejaarsvlak behaal is, word vereis; ‘n minimum punt van 60% in die tweede hoofdissipline sal voornemende aansoekers begunstig.
(b) ‘n Maksimum aantal van vier studente per jaar sal op grond van voorgraadse akademiese prestasie en na ‘n persoonlike onderhoud met die Departementshoof en personeel betrokke by die aanbieding van die module gekeur word vir toelating tot MKM601.

**(ii) Kurrikulum**

(a) Geselekteerde lesings, praktika en besprekings oor mediese bakteriologie, virologie en immunologie, met inbegrip van antimikrobemiddel terapie en basiese mikrobiologie waar van toepassing.
(b) Diagnostiese Mediese Mikrobiologie (met inbegrip van laboratoriumpraktyk en administrasie asook laboratoriumaspekte van antimikrobemiddel terapie).
(c) Navorsingsgerigte lesings en praktika in molekulêre biologie, die genetiese basis van bakteriese bestandheid teen antimikrobemiddels, openbare gesondheid en voedsel-, water- en omgewingsmikrobiologie, mediese mikrobiologie en meganismes van patogenisiteit.
(d) Praktiese projek en seminaaronderwerpe.

**(iii) Assessering**

MKM601
Vraestel I : 3 uur
Vraestel II: 2 uur
Mondelinge voordrag van praktiese projek.

**(iv) Slaagvereistes**

Kyk Algemene Regulasies.

## (k) Mensgenetika — Studiekode 8540

**(i) Voorvereistes**

(a) B.Sc.- of B.Med.Sc.-graad met toepaslike kurrikulumsamestelling.
(b) 'n Gemiddeld van minstens 60% vir elke hoofdissipline van die derde studiejaar word vereis.
(c) Toelating is onderworpe aan keuring. Toepaslike voorgraadse dissiplines en akademiese prestasies sal onder andere in ag geneem word.

**(ii) Kurrikulum**

(a) Module 1 - Skryf van wetenskaplike verslae
Module 2 - Kankergenetika
Module 3 - Molekulêre Biologie (lesings en praktika)
Module 4 - Mensgenetika – Sitogenetika
Module 5 - Mensgenetika – Sitogenetika Prakties
Module 6 - Mensgenetika – Molekulêre Genetika
Module 7 - Mensgenetika – Molekulêre Genetika prakties
Module 8 - Kliniese Genetika
Module 9 - Navorsingsprojek en Seminaar

(b) Deelname aan die akademiese program van Mensgenetika en bywoning van lesings of seminare by ander departemente soos bepaal deur Mensgenetika, word vereis.

**(iii) Modulesamestelling**

MNG601 modules 4,5 en 8
MNG602 modules 1,2,3,6 en 7
MNG603 module 9

**(iv) Assessering (MNG601, MNG602 EN MNG603)**

Twee skriftelike vraestelle (MNG601 en MNG602)
Navorsingsprojek, seminaar en mondelinge assessering (MNG603)

**(v) Slaagvereistes**

(a) Behalwe waar 'n subminimum in bepaalde dissiplines deur die Senaat goedgekeur is, is die slaagsyfer vir die graad B.Med.Sc.Hons. 'n gemiddelde assessering-slaagsyfer van 50% in al die vraestelle.
(b) Die graad B.Med.Sc.Hons. word met onderskeiding toegeken indien 'n student 'n gemiddelde assesseringsyfer van minstens 75% behaal het.

## (l) Mensmolekulêre Biologie — Studiekode 8541

**(i) Voorvereistes**

(a) B.Med.Sc., B.Sc. of 'n gelykwaardige kwalifikasie met 'n toepaslike kurrikulum.
(b) Toelating is onderworpe aan keuring en aansoeke word aan die vakhoof van Mensmolekulêre Biologie gerig.
(c) Vir die Honneursgraad in Mensmolekulêre Biologie is MBG601, MBG602 en MBG603 verpligte modules, terwyl drie ander modules, in oorleg met die vakhoof, uit die onderstaande lys gekies moet word. 'n Eksamenvraestel van drie uur moet in elk van die keuse modules afgelê word. Vir MBG602 en MBG603 word 'n wetenskaplike artikel en mondeling voordrag vereis. Na voltooiing van MBG601 word 'n mondeling eksamen afgelê. MBG607 en MBG608 is Capita Selecta modules wat geneem kan word na oorleg en toestemming van die vakhoof van Mensmolekulêre Biologie.

**(ii) Kurrikulum**

Die studie neem 'n aanvang op 'n datum soos deur die vakhoof bepaal.

**Verpligte modules** **Krediete**MBG601 Navorsingstegnieke
16

| | | |
|---|---|---|
| MBG602 | Navorsing: Literatuurstudie | 24 |
| MBG603 | Skripsie | 32 |

**Keuse modules**

| | | |
|---|---|---|
| MBG604 | Diagnostiese Molekulêre Biologie | 16 |
| MBG605 | Toepassing van molekulêre biologie in immunologie | 16 |
| MBG606 | Toepassing van molekulêre biologie in hemostase | 16 |
| MBG607 | Capita Selecta | 16 |
| MBG608 | Capita Selecta | 16 |

**(iii) Assessering (MBG601-605)**

(a) MBG601 word geassesseer deur ‘n mondeling eksamen.
(b) MBG602 en MBG603 word geassesseer deur ‘n geskrewe wetenskaplike artikel asook ‘n voordrag.
(c) MBG604, MBG605 en MBG606 word geassesseer deur geskrewe opdragte en prakties soos voorgeskryf asook ‘n skriftelike vraestel van 3 uur.
(d) MBG607 en MBG608 word geassesseer volgens die voorskrifte van die betrokke module.

**(iv) Slaagvereistes**

Kyk Algemene Regulasies.

## Reg. GH10: REGULASIES VIR DIE GRAAD MAGISTER IN GENEESKUNDE

'n Student moet aan sowel die bepalings van die Algemene Regulasies vir magistergrade as aan die regulasies van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.

Nagraadse studente word na afloop van 'n keuringsproses aangestel soos neergelê en volgens riglyne soos van tyd tot tyd bepaal. Die toepaslike proses en riglyne is beskikbaar by die Nagraadse Administrasie-kantoor van die Fakulteit.

### Reg. GH10.1: Dissiplines

Die graad kan in die volgende dissiplines verwerf word: Anatomiese Patologie, Anestesiologie, Chemiese Patologie, Chirurgie, Dermatologie, Diagnostiese Radiologie, Geneeskundige Genetika, Geregtelike Geneeskunde, Hematologie, Interne Geneeskunde, Kardiotorakschirurgie, Kerngeneeskunde, Kliniese Patologie, Mediese Mikrobiologie, Neurochirurgie, Neurologie, Obstetrie en Ginekologie, Oftalmologie, Ortopediese Chirurgie, Otorinolaringologie, Pediatrie, Plastiese Chirurgie, Psigiatrie, Stralingsonkologie, Urologie en Mediese Virologie.

<u>Opmerking</u>

Regulasies vir die grade Magister in Geneeskunde (Huisartskunde) en Magister in Gemeenskapsgesondheid word respektiewelik onder Reg. GH14 en Reg. GH15 aangedui.

### Reg. GH10.2: Toelatingsvereistes

Alvorens 'n student vir die M.Med.-graad mag registreer, moet hy/sy:

(a) Vir minstens drie jaar in besit wees van die M.B.,Ch.B.-graad van hierdie Universiteit of 'n kwalifikasie wat deur die Universiteit as gelykwaardig geag word; en
(b) Ten volle by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) as geneesheer geregistreer wees vir onafhanklike praktykvoering volgens die Wet op Gesondheidsberoepe, Wet 56 van 1974.
(c) In geval van dissiplines waar die opleiding oor vyf jaar voltyds strek, uitgesonderd Geregtelike Geneeskunde en Kliniese Patologie, registreer 'n student in die eerste jaar van die M.Med.-program by die Universiteit as nagraadse student en word terselfdertyd aangestel as Mediese Beampte in 'n toepaslike departement by die Akademiese Hospitaalkompleks.

<u>Toeligting</u>

(i) Aan die einde van die eerste studiejaar (vyfjaarprogramme, uitgesluit Geregtelike Geneeskunde en Kliniese Patologie) en indien Deel I van die assessering suksesvol afgelê is, kan die student aansoek doen vir aanstelling as 'n Kliniese Assistent. Indien suksesvol, word 'n posnommer van die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika aan hom/haar toegeken. Vanaf hierdie datum sal sy/haar opleidingstydperk van vier jaar (betreffende die beroepsraad) 'n aanvang neem.

Hierna moet die student aan die begin van elke jaar as Kliniese Assistent by die Gesondheidsberoepe Raad van Suid-Afrika registreer.

(ii) Indien die student nie in die pos van Kliniese Assistent aangestel word nie en die M.Med.-program staak, is geen terugbetaling van klasgelde ter sprake nie.

**Reg. GH10.3: Erkenning van opleiding aan 'n ander erkende inrigting ontvang**

Moontlike vrystelling, geheel of gedeeltelik, op grond van vergelykbare opleiding en ervaring wat in 'n ander erkende inrigting opgedoen is, kan deur die Universiteit verleen word ten opsigte van die opleiding en werk genoem in Reg. GH10.4.

Die maksimum toelaatbare tydperk van vrystelling is 12 maande.

**Reg. GH10.4: Duur van Graadprogram**

(a) Die opleiding strek oor vier of vyf jaar voltyds, na gelang van die vereistes van die betrokke departement waaronder die hoofvak ressorteer (Sien Reg GH 10.6).

(b) Vir M.Med.-programme wat oor vyf jaar strek, kan vrystelling vir een jaar inwoning verleen word onderhewig aan die volgende voorwaardes:
   (i) In spesiale merietegevalle;
   (ii) Met bewys van genoegsame ondervinding; en
   (iii) Met goedkeuring van die Departementshoof.

   Toeligting:

   (i) Spesiale meriete verwys hier na tydperke van opleiding wat minstens oor 12 maande strek en minstens vir ses maande aaneenlopend in 'n geakkrediteerde inrigting, afdeling of departement deurloop is. Die gemelde tydperke van opleiding moes binne die laaste twee jaar voordat vir nagraadse studie ingeskryf is plaasgevind het.
   (ii) Genoegsame ondervinding moet bewys word deur middel van 'n logboek en sertifisering van die hoof van die afdeling of departement waar die ondervinding opgedoen is. Bovermelde inligting moet dan deur die Departementshoof geassesseer en goedgekeur word as ekwivalent aan die eerste jaar van opleiding in die rigting.
   (iii) Aansoeke vir vrystelling van die inwoningstydperk moet binne die eerste semester na inskrywing as nagraadse student ingedien word. Geen aansoeke sal na hierdie tyd hanteer word nie.

(c) In uitsonderlike gevalle sal deeltydse studie toegelaat word met verrekening van die duur van die program.

(d) Kliniese Assistente moet by aanstelling, en daarna jaarliks aan die begin van die kalenderjaar as student by die Universiteit en as Kliniese Assistent by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika registreer.

**Reg. GH10.5: Kliniese ondervinding**

Slegs die pos van Kliniese Assistent word deur die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) as 'n opleidingspos erken.

**M.Med.-programme wat oor vier jaar strek**

Vir die M.Med.-programme wat oor vier jaar strek, moet ‘n student eers deur die provinsie as Kliniese Assistent aangestel word voordat hy/sy as student mag registreer. M.Med.-programme wat oor vier jaar strek se tydperk van opleiding word bereken vanaf die dag van registrasie as student by die Universiteit **tesame** met die toekenning van ’n goedgekeurde GBRSA-raadsnommer in ’n Kliniese Assistentpos.

**M.Med.-programme wat oor vyf jaar strek**

Studente in M.Med.-programme wat oor vyf jaar strek, moet gedurende die eerste studiejaar, terwyl hulle in ’n Mediese Beampte-pos is, as ’n geleentheidstudent registreer. Die tydperk van opleiding by die GBRSA word egter eers bereken sodra die student as Kliniese Assistent aangestel is **en** as volwaardige student by die Universiteit geregistreer is **en** ’n goedgekeurde GBRSA-raadsnommer toegeken is. In hierdie kategorie om ’n M.Med.-graad te verwerf, moet ’n persoon vir vyf jaar as ’n student aan die UV geregistreer wees.

**Reg. GH10.6: Kurrikulum**

Die kurrikulums vir die verskillende dissiplines waarin die graad M.Med. verwerf kan word, bestaan uit die verpligte modules vermeld in Reg. GH10.6.1, asook die betrokke hoofvak, basiese vakke en byvakke soos uiteengesit in Reg. GH10.6.2.

**Reg GH10.6.1 Algemene kurrikulum verpligtend vir alle dissiplines**

| **A.** | **Navorsingskomponent** | **76 Krediete** |
|---|---|---|

Die navorsingskomponent van die M.Med.-program bestaan uit twee afdelings, naamlik Navorsingsmetodologie en Uitgebreide skripsie (Navorsingsverslag):

**NAM 702 Navorsing**

(i) Module NAM702 strek oor die volle verloop van die M.Med.-program
(ii) Studente moet jaarliks vir module NAM702 registreer

**(A) Navorsingsmetodologie**

Toeligting:

(i) ‘n Minimum bywoningsyfer van 80% word vereis.
(ii) ’n Student moet bevredigende bywoning/vordering in afdeling A (Navorsingsmetodologie) toon om toegelaat te kan word tot afdeling B (Uitgebreide skripsie [Navorsingsverslag]).

**(B) Uitgebreide skripsie (Navorsingsverslag)**

Toeligting:

(i) Die uitgebreide skripsie (navorsingsverslag) kan een van die volgende behels:
   I. ‘n Volledige navorsingsprojek.

II. ‘n Kritiese akademiese ontleding van minstens vyf eweknie-geëvalueerde publikasies of ‘n meta-analise.
III. ‘n Diepgaande, literatuurgesteunde oorsig van een of meer kliniese gevalle.

(ii) Dissiplines bepaal individueel watter van bogenoemde keuses toepaslik is.

| **B. Gesondheidsorgpraktykvoering** | **Bywoning** |
|---|---|

GPV703 Gesondheidsorgpraktykvoering

Toeligting

(i) ‘n Minimum bywoningsyfer van 80% word vereis.
(ii) Alvorens die M.Med.-kwalifikasie verwerf kan word, moet ’n student module GPV703 geslaag het.
(iii) Onderwerpe soos mediese etiek, kommunikasie, praktykbestuur, inligtingstelsels en toepaslike beleid kan in die sillabus ingesluit word.
(iv) GPV703 word in die eerste 24 maande na registrasie as student aangebied en moet etiek (2 sessies), kommunikasie en praktykbestuur insluit.

**Reg GH10.6.2 Dissipline-spesifieke kurrikulums**

Die kurrikulums vir die verskillende dissiplines waarin die graad M.Med. verwerf kan word, bestaan uit die verpligte modules vermeld in Reg. GH10.6.1, asook die betrokke hoofvak, basiese vakke en byvakke soos uiteengesit in Reg. GH10.6.2.

Elke dissipline se sillabus word so opgestel dat die M.Med.-student onder toesig gelei word om met toenemende vertroue en verantwoordelikheid die beoordeling en behandeling van pasiënte in buitepasiënteafdelings, sale en operasiesale van die opleidingsinrigtings waar te neem.

**(a) Anatomiese Patologie – M.Med. (Anat.Path.) Studiekode 8703**
**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | ANP701 | Anatomiese Patologie<br>Goedgekeurde faset en fasette van CEP701, HEM701, MKM701, VIR701 en ANP701<br>(Kyk Reg. GH10.7.1) | 120 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel II:** | Hoofvak: | ANP890 | Anatomiese Patologie | 284 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

i) Moontlike erkenning kan deur die Dagbestuur, Skool van Geneeskunde vir die drie onderstaande modules verleen word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| | *CEP700 | Chemiese Patologie | 175 krediete |
| | *HEM700 | Hematologie | 175 krediete |
| | *MKM700 | Mikrobiologie | 175 krediete |

ii) *Een of twee van bogenoemde vakke kan in oorleg met die betrokke Departementshoof(de) aangebied word.

Residensie (RES): Vier jaar, waarvan minstens drie jaar in Anatomiese Patologie moet wees.

**(b) Anestesiologie – M.Med. (Anes.) Studiekode 8704**
**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| | | FRM700 | Farmakologie | 60 krediete |
| | | CHP700 | Chemiese Patologie | 40 krediete |
| | | GFN700 | Geneeskundige Fisika | 40 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel II:** | Hoofvak: | ANS890 | Anestesiologie Portefeulje | 204 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

(i) Die portefeulje, wat die volgende insluit, moet ingehandig word voordat die finale eksamen afgelê word:
1. Uitgebreide skripsie (Navorsingsverslag) (NAM702 B volgens Reg. GH10.6.1). Alternatiewelik tot die keuses gestel in Reg. GH10.6.1, sal ‘n artikel wat vir publikasie in ‘n erkende tydskrif met eweknie-evaluasie aanvaar is, en wat op die voorskrifte vir hierdie module gebaseer is, ook as uitgebreide skripsie oorweeg word. Die uitgebreide skripsie moet ses maande voor die finale eksamen ingehandig word. Indien nie, sal toelating tot die eksamen geweier word.
2. Logboek.
3. Bewys van opleidingstake afgehandel, insluitend bywoningsmodules NAM702 A, Navorsingsmetodiek en GPV703, asook ander take.

(ii) Deurlopende evaluering sal 30% van die eindassessering tel.
(iii) Meer kurrikulumbesonderhede is by die Departement Anestesiologie en http://www.uovs.ac.za/faculties/index.php?FCode=08&DCode=019 beskikbaar.
(iv) Die Deel I eksamen van die Kollege vir Narkose word erken, maar bykomend moet ook Chemiese Patologie (GFN700) geslaag word voordat die finale eksamen afgelê mag word.

Residensie (RES): Vier jaar.

## (c) Chemiese Patologie – M.Med. (Chem.Path.) Studiekode 8705
**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Deel I: | Basiese vakke: | | CEP701 Chemiese Patologie Goedgekeurde faset of fasette van CEP701, HEM701, MKM701, VIR701 en ANP701 (Kyk Reg. GH10.7.1) | 120 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel II:** | Hoofvak: | CEP890 | Chemiese Patologie | 284 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

i) Deel II van die eksamen mag slegs afgelê word na voltooiing van die Uitgebreide skripsie (NAM702 B).

ii) Moontlike erkenning kan deur die Dagbestuur, Skool van Geneeskunde vir die betrokke onderstaande modules verleen word:

| | | |
|---|---|---|
| *CEP700 | Chemiese Patologie | 175 krediete |
| *HEM700 | Hematologie | 175 krediete |
| *MKM700 | Mikrobiologie | 175 krediete |

iii) *Een of twee van bogenoemde vakke kan in oorleg met die betrokke Departementshoof(de) aangebied word.

Residensie (RES): Vier jaar, waarvan minstens drie jaar in Chemiese Patologie moet wees.

## (d) Chirurgie – M.Med. (Chir.) Studiekode 8706
**600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | ANM700 | Anatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| | | APB700 | Anatomiese Patologie | 60 krediete |
| **Deel II:** | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| | Byvak: | CHR800 | Algemene Chirurgiese Beginsels insluitend Intensiewe Sorg | 152 krediete |
| **Deel III:** | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |
| | Hoofvak: | CHR890 | Algemene Chirurgie | 192 krediete |

Toeligting:

(i) Die uitgebreide skripsie moet voltooi wees 6 maande voordat die finale eksamen afgelê word, anders sal toelating tot hierdie eksamen geweier word.
(ii) Die uitgebreide skripsie moet apart geslaag word om die graad te behaal.
(iii) Deurlopende evaluering sal as deel van die eindassessering tel.
(iv) Logboek – Kandidate moet 'n logboek hou waarin al die chirurgiese prosedures wat uitgevoer of geassisteer is, aangeteken word. Hierdie logboek moet ingehandig word voordat Deel III van die eksamen afgelê word.

Residensie (RES): Vyf jaar.

**(e) Dermatologie – M.Med. (Derm.)** **Studiekode 8707**
**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| | | MAT700 | Mikro-anatomie | 60 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel II:** | Hoofvakke: | DER890 | Dermatologie | 224 krediete |
| | | PLH890 | Patologie van huid (albei hoofvakke moet gelyktydig geslaag word) | 60 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

(i) Deel I van die Kollege van Dermatologie van Suid-Afrika word erken as gelykwaardig aan M.Med. Deel I.
(ii) Deel 2 van die Kollege van Dermatologie van Suid-Afrika (FCDerm) word erken as gelykwaardig aan DER890. Om die graad M.Med.(Derm.) te behaal, moet 'n kandidaat die eksamen in PLH890 slaag, omdat geen gelykwaardige eksamen tans deur die Kollege aangebied word nie. Toestemming om FC(Derm) Deel 2 te skryf, sal toegestaan word slegs na suksesvolle afhandeling van PLH890.
(iii) 'n Gedetailleerde modulegids waarin die leerplanne, assesserings en assesseringsvereistes, navorsingsvereistes, opleidingspligte, ens, volledig uiteengesit word, word aan Kliniese Assistente gegee en hulle moet dit skriftelik aanvaar.

Residensie (RES): Vier jaar.

**(f) Diagnostiese Radiologie – M.Med.(Rad.D.)** **Studiekode 8708**
**600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | ANR700 | Anatomie en Radiologiese Anatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| | | RAF700 | Radiologiese Fisika | 60 krediete |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel II:** | Byvak: | PAT800 | Patologie | 152 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel III:** | Hoofvak: | DIR890 | Diagnostiese Radiologie | 192 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

(i) 'n Gedetailleerde modulegids waarin die leerplanne, assesserings en assesseringsvereistes, navorsingsvereistes, opleidingspligte, ens., volledig uiteengesit word, word aan M.Med.-studente gegee en hulle moet dit skriftelik aanvaar.
(i) Die uitgebreide skripsie moet nie later as ses maande voor die finale eksamen ingehandig word nie, anders sal toelating tot die eksamen geweier word.
(iii) Deurlopende evaluering sal as deel van die eindassessering tel.

Residensie (RES): Vyf jaar.

**(g) Geregtelike Geneeskunde – M.Med.(Med.Forens.) Studiekode 8709**
**600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | ANM700 | Anatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| **Deel II:** | Byvak: | ANP800 | Anatomiese Patologie | 152 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel III:** | Hoofvak: | GGN890 | Geregtelike Geneeskunde (met inbegrip van Kliniese Geregtelike Toksikologie en Geneeskundige Reg) | 252 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Residensie (RES): Vyf jaar, waarvan die inwoningsperiode in Anatomiese Patologie twee jaar, en dié in Geregtelike Geneeskunde drie jaar moet beloop.

Toeligting:

Die volgorde van die inwoningsperiodes sal besluit word na konsultasie met die verskeie Departementshoofde.

## (h) Hematologie – M.Med.(Haem.) Studiekode 8711

**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Deel I: | Basiese vakke: | HEM701 | Hematologie<br>Goedgekeurde faset of fasette van CEP701, HEM701, MKM701, VIR701 en ANP701 (Kyk Reg. GH10.7.1) | 120 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel II:** | Hoofvak: | HEM890 | Hematologie | 284 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

i) Die suksesvolle aflegging van die modules in Navorsingsmetodologie (NAM702 A) en Gesondheidsorgpraktykvoering (GPV703), sowel as die voltooiing van 'n Uitgebreide skripsie (NAM702 B) is 'n voorvereiste vir die toekenning van die graad (Kyk ook Reg GH10.6.1).

ii) Moontlike erkenning kan deur die Dagbestuur, Skool van Geneeskunde vir die drie onderstaande modules verleen word:

| | | |
|---|---|---|
| *CEP700 | Chemiese Patologie | 175 krediete |
| *HEM700 | Hematologie 175 krediete | 175 krediete |
| *MKM700 | Mikrobiologie 175 krediete | 175 krediete |

iii) Een of twee van bogenoemde vakke kan in oorleg met die betrokke Departementshoof(de) aangebied word.

Residensie (RES): Vier jaar, waarvan minstens drie jaar in Hematologie moet wees.

## (i) Interne Geneeskunde – M.Med. (Int.) Studiekode 8712

**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | BWI700 | Basiese wetenskappe soos dit verband hou met die prak-tykvoering van Interne Geneeskunde | 120 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel II:** | Hoofvak: | ING890 | Beginsels en praktyk-voering van Interne Geneeskunde | 284 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

(i) Die volgorde van die inwoningsperiodes sal vasgestel word na konsultasie met die Departementshoof.
(ii) 'n Logboek moet bygehou word.
(iii) Die kurrikulum vir beide Deel I en Deel II word in die logboek uiteengesit.
(iv) Deel I moet sover moontlik binne twee jaar na eerste registrasie as Kliniese Assistent geslaag word.
(v) Deel I van die assessering van die Kollege vir Interniste van Suid Afrika word as gelykwaardig erken aan die M. Med. (Int.) Deel I en kandidate word aangemoedig om eersgenoemde af te lê.
(vi) Die onderwerp vir en aard van die uitgebreide skripsie word in oorleg met die Departementshoof bepaal.
(vii) Die uitgebreide skripsie moet verkieslik ses maande voor die finale eksamen ingehandig word anders mag toelating tot die eksamen geweier word.
(viii) Die finale eksamen moet so na as moontlik aan die einde van die inwoningstydperk afgelê word. Deel II van die eksamen van die Kollege vir Interniste van Suid Afrika word as gelykwaardig erken aan die M. Med. (Int.) Deel II sou die kandidaat verkies om slegs hierdie eksamen af te lê.
(ix) Die hoofvak en uitgebreide skripsie moet apart geslaag word alvorens die graad toegeken kan word.

Residensie (RES): Vier jaar, waarvan minstens twee jaar in Algemene Interne Geneeskunde moet wees.

**(j) Kardiotorakschirurgie – M.Med.(Card.Thor.Surg.) Studiekode 8713**
**600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | ANM700 | Anatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| | | APB700 | Anatomiese Patologie | 60 krediete |
| **Deel II:** | Byvak: | CHR800 | Algemene Chirurgiese Beginsels insluitend Intensiewe Sorg | 152 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel III:** | Hoofvak: | KTC890 | Kardiotorakschirurgie | 192 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

(i) Toelating tot die finale assessering kan alleen geskied na suksesvolle aflegging van Deel I en II, asook die inhandiging van 'n uitgebreide skripsie of 'n gepubliseerde artikel oor eie navorsing.
(ii) Deurlopende evaluering sal 30% van die eindassessering tel.

Residensie (RES): Vyf jaar.

**(k) Kerngeneeskunde – M.Med. (Nuc. Med.) Studiekode 8714**
**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | ANM700 | Anatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| | | BFI700 | Basiese Fisika en Instrumentasie | 60 krediete |
| **Deel II:** | Byvak: | RFM800 | Radiofarmasie | 90 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel III:** | Hoofvak: | KKR890 | Kliniese Kerngeneeskunde | 134 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Residensie (RES): Vier jaar.

**(l) Kliniese Patologie – M.Med. (Clin.Path.) Studiekode 8715**
**600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dissiplines:** | CEP700 | Chemiese Patologie | 175 krediete |
| | HEM700 | Hematologie | 175 krediete |
| | MKM700 | Mediese Mikrobiologie | 175 krediete |
| | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

‘n Inwoningstydperk van minstens 18 maande en ‘n assessering in elk van die dissiplines word vereis. Die inwoningstydperk in die dissipline waar die navorsingsprojek gedoen word is 24 maande.

<u>Toeligting:</u>

Die suksesvolle aflegging van die modules in Navorsingsmetodologie (NAM702 A) en Gesondheidsorgpraktykvoering (GPV703), sowel as die voltooiing van ‘n Uitgebreide skripsie (NAM702 B) is ‘n voorvereiste vir die toekenning van die graad (Kyk ook Reg GH10.6.1).

Residensie (RES): Vyf jaar.

**(m) Mediese Mikrobiologie – M.Med.(Med. Microb.) Studiekode 8716**
**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | MKM701 | * Goedgekeurde faset of fasette van CEP701, HEM701, MKM701 enVIR701 (Kyk Reg. GH10.7.1) | 120 krediete |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |

* Een of twee van bogenoemde vakke kan in oorleg met die betrokke Departementshoof(de) aangebied word.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel II:** | Hoofvak: | MKM890 | Mediese Mikrobiologie | 284 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

<u>Toeligting:</u>

(i) 'n Rotasieperiode van ses maande in Mediese Virologie is 'n vereiste, waarna 'n eksamen in Mediese Virologie afgelê sal word as deel van deurlopende evaluering.
(ii) Die suksesvolle aflegging van die modules in Navorsingsmetodologie (NAM702 A) en Gesondheidsorgpraktykvoering (GPV703), asook die voltooiing van ‘n Uitgebreide skripsie (NAM702 B) is ‘n voorvereiste vir die toekenning van die graad (kyk ook Reg GH10.6.1).
(iii) Die onderwerp vir die Uitgebreide skripsie word in oorleg met die Departementshoof bepaal.
(iv) Moontlike erkenning kan deur die Dagbestuur, Skool van Geneeskunde vir die drie onderstaande modules verleen word:

| | | |
|---|---|---|
| *CEP700 | Chemiese Patologie | 175 krediete |
| *HEM700 | Hematologie | 175 krediete |
| *MKM700 | Mikrobiologie | 175 krediete |

Residensie (RES): Vier jaar, waarvan minstens drie jaar in Mediese Mikrobiologie moet wees, waartydens voldoende ondervinding in verwante aspekte van mediese virologie, molekulêre biologie en immunologie opgedoen moet word.

**(n) Neurochirurgie – M.Med.(Neur.Surg.) Studiekode 8717**
**600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | ANM700 | Anatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| | | APB700 | Anatomiese Patologie | 60 krediete |

<u>Toeligting:</u>

(i) Anatomie behels basiese en toegepaste neuro-anatomie en anatomie van die kop- en nekstreek.
(ii) Fisiologie behels basiese en toegepaste neurofisiologie, asook fisiologie van die kardiovaskulêre, respiratoriese, urien- en gastro-intestinale stelsels.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel II:** | Byvak: | CHR800 | Algemene Chirurgiese Beginsels insluitend Intensiewe Sorg | 152 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel III:** | Hoofvak: | NEU890 | Neurochirurgie | 192 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

(i) ‘n Kritiese akademiese ontleding van minstens drie eweknie-geëvalueerde publikasies in neurochirurgiese vaktydskrifte is noodsaaklik alvorens die graad toegeken kan word. (Kyk Reg. GH10.6.1)

(ii) ‘n Kandidaat kry slegs twee kanse vir Deel III van die assessering. Die tweede geleentheid moet tydens die eersvolgende eksamengeleentheid geskied.

Residensie (RES): Vyf jaar, wat rotasieperiodes van drie maande elk deur Kritieke Sorg, Ortopedie (Spinale Eenheid) en Trauma insluit.

---

**(o) Neurologie – M.Med. (Neurol.) Studiekode 8718**
**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

---

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | NAN700 | Neuro-anatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel II:** | Hoofvak: | NER890 | Neurologie | 284 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

(i) Die leerplan vir Deel I en II word bepaal deur die Departementshoof in ooreenstemming met eksterne assesseringsliggame (lg. soos goedgekeur deur die Fakulteitsraad) om so ver moontlik te voldoen aan vereistes van interne assessering (Deel I) en interne/eksterne assessering sowel as ‘n alternatiewe opsie van totale eksterne assessering (Deel I en II).

(ii) Totale eksterne assessering van Deel I en/of Deel II wat voldoen aan die vereistes soos bepaal deur die Departementshoof, kan behoudens hiervan dien om Deel I en/of Deel II te slaag. Daar moet steeds voldoen word aan spesifieke vereistes van die eksterne eksamineringsliggaam wat nie noodwendig in hierdie regulasies omskryf mag wees nie.

(iii) Deel II van die eksamen of eksterne eksamen mag slegs afgelê word na voltooiing van 'n uitgebreide verslag (NAM702 B, Reg. GH10.6.1).

(iv) Assessering in Deel II is op interne/eksterne eksaminering gebaseer en sluit gelykwaardige skriftelike eksamen, mondelinge en/of OSKE-eksamen, en kliniese eksamen in. Aparte slaag van die kliniese eksamen is ‘n voorvereiste om Deel II te slaag.

Residensie (RES): Vier jaar.

Toeligting:

Toepaslike ondervinding in kliniese en neurofisiologiese vaardighede moet ondersteun word deur of voorlegging van logboek en sertifisering daarvan (sien Reg. GH10.3), of sertifisering van sodanige ondervinding deur die Departementshoof.

**(p) Obstetrie en Ginekologie – M.Med.(O. et G.) Studiekode 8719**
**600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | ANM700 | Anatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| **Deel II:** | Byvak: | OBG800 | Vaardighede in Obstetrie en Ginekologie | 60 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktykvoering | Bywoning |
| **Deel III:** | Hoofvak: | OBG890 | Obstetrie en Ginekologie | 344 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

(i) ‘n Logboek moet deurlopend oor al die studiejare gehou word.
(ii) Deel 1 van die assessering moet binne 18 maande na aanvang van inwoning geslaag word.
(iii) Deel I van die eksamen van die Kollege vir Obstetrici en Ginekoloë van Suid-Afrika (KOGSA) word as gelykwaardig erken aan die M.Med.(O. et G.) Deel I (ANM700 en FFM 700) en enige van die twee eksamens word erken. Die eksamen vir KOGSA Deel I kan voor of tydens die inwoningsperiode afgelê word.
(iv) Deel II van die assessering (OBG 800) moet binne 36 maande na aanvang van inwoning geslaag word.
(v) OBG 800 sluit die volgende in: Ultraklank en Beelding in Obstetrie en Ginekologie, Kolposkopie, Ginekologiese Patologie en Sitologie, ATLS, Basiese Chirurgiese Vaardighede, Intensiewe Sorg en Navorsingsmetodologie.
(vi) Bevredigende bywoning van modules in Navorsingsmetodologie en Gesondheidsorgpraktykvoering word vereis alvorens toelating tot die Deel II assessering kan geskied.
(vii) Deel III van die eksamen moet in die laaste jaar van inwoning afgelê word.
(viii) Deel II van die assessering van die KOGSA word as gelykwaardig erken aan die M.Med.(O. et G.) deel III (OBG 890). Kandidate kan in hierdie opsig ‘n keuse uitoefen.
(ix) Toelating tot die finale assessering kan alleenlik geskied na suksesvolle aflegging van Deel I en II, asook die inhandiging van ‘n uitgebreide skripsie of ‘n gepubliseerde artikel oor eie navorsing.
(x) Om die M.Med.(O. et G.) Deel III (OBG 890) suksesvol af te lê moet die kliniese deel van die eksamen geslaag word.
(xi) Deurlopende evaluering sal 30% van die eindassessering tel.

Residensie (RES): Vyf jaar.

## (q) Oftalmologie – M.Med.(Ophth.) Studiekode 8721

**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | ANM700 | Anatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| | | GFO700 | Geneeskundige Fisika (Ophth.) | 60 krediete |
| | | PAO700 | Patologie (Ophth.) | 60 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel II:** | Hoofvak: | OFT890 | Oftalmologie | 164 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

(i) ‘n Eksternbeoordeelde uitgebreide skripsie (NAM702 B) volgens die riglyne moet voorgelê en verdedig word, en sal 20% van die finale assesseringpunt bydra. Deurlopende evaluering word deur die studieleier gemoniteer. Die uitgebreide skripsie moet verkieslik ses maande voor die finale assessering ingehandig word anders mag toelating tot die eksamen geweier word.

(ii) ‘n Logboek moet ook voorgelê word en sal ter insae by die finale praktiese assessering dien.

(iii) Deel I moet sover moontlik binne twee jaar na eerste registrasie as Kliniese Assistent geslaag word.

(iv) Anatomie en Fisiologie van Deel 1 van die Kollege van Oftalmoloë van die Kolleges van Geneeskunde van Suid-Afrika word as gelykwaardig erken aan die M.Med.(Ophth.) Deel I, maar Geneeskundige Optika en Patologie moet as deel van die M.Med.(Ophth.)-program geslaag word.

Residensie (RES): Vier en 'n half jaar.

## (r) Ortopediese Chirurgie – M.Med.(Orthop.) Studiekode 8722

**600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | ANM700 | Anatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| | | APB700 | Anatomiese Patologie | 60 krediete |
| **Deel II:** | Byvak: | CHR800 | Algemene Chirurgiese Beginsels insluitend Intensiewe Sorg | 152 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel III:** | Hoofvak: | ORT890 | Ortopedie | 192 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

(i) Deurlopende evaluering van teoretiese kennis en praktiese vaardigheid sal deur die Departement Ortopedie gedoen word. Aflegging van Deel III van die eksamen is onderhewig aan hierdie evaluasies en die resultate mag bydra tot die finale assesseringspunt volgens die diskresie van die Departementshoof en die eksterne eksaminator.
(ii) Deel II en Deel III van die assessering behels eksterne evaluering.
(iii) ‘n Logboek van standaardformaat is verpligtend.
(iv) ‘n Uitgebreide skripsie (NAM702 B) is verpligtend en word ekstern evalueer. Dit kan uit enige van die keuses vermeld in Reg. GH10.6.1 bestaan, met dien verstande dat ‘n publikasie in ‘n erkende vaktydskrif ook voldoende sal wees.
(v) Deel III van die assessering sluit mondelinge eksamens in Ortopediese Patologie en Ortopediese Radiologie in.
(vi) Aparte slaag van die kliniese eksamen is ‘n voorvereiste om Deel III te slaag.

Residensie (RES): Vyf jaar.

**(s) Otorinolaringologie – M.Med. (Orl.) Studiekode 8723**
**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | ANM700 | Anatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| | | APB700 | Anatomiese Patologie | 60 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel II:** | Hoofvak: | OTO890 | Otorinolaringologie | 224 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

(i) ‘n Aanvaarbare uitgebreide verslag volgens Reg. GH10.6.1 is verpligtend en sal ekstern evalueer word.
(ii) Deurlopende evaluering van kliniese en chirurgiese vaardigheid, asook teoretiese kennis sal deur die Departement Otorinolaringologie gedoen word. Resultate sal saam met die uitslae van Deel I en Deel II van die assessering (wanneer van toepassing) aan eksterne assessore voorgelê word. Aflegging van Deel III van die eksamen is onderhewig aan goedkeuring van bogenoemde evaluering, maar sal nie bydra tot die finale assesseringspunt nie.
(iii) ‘n Logboek is verpligtend en die formaat daarvan is gestandaardiseer.
(iv) Vrystelling van die M.Med. (ORL.) Deel I op grond van suksesvolle aflegging van die Kollege vir Geneeskunde van Suid-Afrika Deel 1, geld nie.

Residensie (RES): Vier jaar.

| (t) Pediatrie – M.Med. (Paed.) | Studiekode 8724<br>480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules) |
|---|---|

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese Wetenskappe: | PED800 | Pediatrie | 180 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |

Toeligting:

(i) Die sillabus vir die basiese wetenskappe behels:
   (a) Die normale groei en ontwikkeling van die suigeling en kind;
   (b) Embriologie en anatomie wat op bogenoemde van toepassing is;
   (c) Fisiologie en biochemie, met spesiale verwysing na die kinderjare;
   (d) Patologie, patofisiologie, mikrobiologie en parasitologie, met spesiale verwysing na die kinderjare;
   (e) Toegepaste mediese farmakologie en algemene beginsels van genetika;
   (f) Beginsels van terapie met spesiale verwysing na die kinderjare; en
   (g) Beginsels van epidemiologie en statistiek.
(ii) Skriftelike eksamen word afgeneem.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel II:** | Hoofvak: | PED890 | Pediatrie | 224 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

(i) Die verpligte algemene modules in Gesondheidspraktykvoering (GPV703), Navorsingsmetodologie (NAM702 A) en die uitgebreide skripsie (NAM702 B) moet, kragtens Reg. GH10.6.1, voltooi word voordat Deel II afgeneem kan word.
(ii) PED890 behels die beginsels en praktyk van pediatrie en kindergesondheid.

Residensie (RES): Vier jaar.

| (u) Plastiese Chirurgie – M.Med. (Plast. Surg.) | Studiekode 8725<br>600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules) |
|---|---|

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | ANM700 | Anatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| | | APB700 | Anatomiese Patologie | 60 krediete |
| **Deel II:** | Byvak: | CHR800 | Algemene Chirurgiese Beginsels insluitend Intensiewe Sorg | 152 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel III**: | Hoofvak: | PUP890 | Plastiese Chirurgie | 192 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Residensie (RES): Vyf jaar.

**(v) Psigiatrie – M.Med. (Psych.) Studiekode 8726**
**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | SIL709 | Sielkunde | 60 krediete |
| | | NAN700 | Neuroanatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| **Deel II:** | Byvak: | INP800 | Interne Geneeskunde (insluitend Psigofarma-kologie) en Neurologie | 90 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel III:** | Hoofvak: | PSG890 | Psigiatrie | 134 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

<u>Toeligting:</u>

Deel I, II en III moet voltooi word volgens voorskrifte van die M.Med. van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Die volgende addisionele vereistes is van toepassing:

(i) Deel 1 van die Kollege vir Psigiaters van Suid-Afrika word as gelykwaardig aan die M.Med.(Psych.) Deel I erken. Studente kan ‘n keuse uitoefen om óf die Kollege Deel1 óf die M.Med. Deel I te doen.
(ii) Die student moet die departementele psigoterapie-logboek voltooi en deurlopend deur toesighoudende konsultante laat teken.
(iii) Studente sal slegs tot Deel III van die assessering toegelaat word indien:
  a. Die logboek volgens voorskrifte voltooi is;
  b. Ten minste 42 maande van die opleidingstydperk voltooi is; en
  c. Een oorspronklike navorsingsprojek afgehandel is met bewys van aanvaarding vir publikasie deur ‘n geakkrediteerde vaktydskrif, of voordrag op ‘n vakkongres.

Gedetailleerde besonderhede oor die leerplan is by die Departementshoof beskikbaar.

Residensie (RES): Vier jaar.

**(w) Stralingsonkologie – M.Med. (Rad.Onc.) Studiekode 8727**
**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | ANM700 | Anatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| | | GFR700 | Geneeskundige Fisika (Rad.T.) | 60 krediete |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel II:** | Byvakke: | PAT801 | Patologie | 60 krediete |
| | | RBO800 | Radiobiologie (met inbegrip van Mediese Statistiek) | 30 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel III:** | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |
| | Hoofvak: | OKT890 | Onkoterapie (met inbegrip van Radioterapie, Kanker-chemoterapie en Radio-isotope) | 134 krediete |

Toeligting:

(i) 'n Uitgebreide skripsie (NAM702 B) moet ingehandig word voordat Deel III van die eksamen afgelê mag word.
(ii) 'n Maksimum van twee pogings elk vir assessering van Deel I en Deel II sal toegelaat word.

Residensie (RES): Vier jaar.

**(x) Urologie – M.Med. (Urol.)** **Studiekode 8728**
**600 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese vakke: | ANM700 | Anatomie | 60 krediete |
| | | FFM700 | Fisiologie (Geneeskunde) | 60 krediete |
| | | APB700 | Anatomiese Patologie | 60 krediete |
| **Deel II:** | Byvak: | CHR800 | Algemene Chirurgiese Beginsels insluitend Intensiewe Sorg | 152 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel III**: | Hoofvak: | URL890 | Urologie | 192 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

(i) Deurlopende evaluering behels interne en eksterne evaluering, asook kritiese evaluering van publikasies en deelname aan wetenskaplike navorsingsforums.
(ii) Daar word van elke kandidaat verwag om 'n logboek te hou waarin al die chirurgiese prosedures wat uitgevoer en geassisteer is, aangeteken word. Hierdie logboek word voor Deel III van die assessering ingehandig en deur eksterne assessore beoordeel.
(iii) Daar word van elke kandidaat verwag om minstens een voordrag by die jaarlikse Fakulteitsforum te lewer tydens die vyf jaar inwoningstydperk.
(iv) Deel III van die eksamen mag slegs afgelê word na voltooiing van die uitgebreide skripsie oor 'n urologiese navorsingsprojek. Alternatiewelik kan twee publikasies in erkende vaktydskrifte aan die Departementshoof voorgelê word.

Residensie (RES): Vyf jaar.

## (y) Mediese Virologie – M.Med. (Med.Virol.) Studiekode 8729
**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I**: | Basiese vakke: | *MKM700 | Mikrobiologie | 175 krediete |
| | | VIR701 | Virologie - Goedgekeurde faset of fasette van CEP701, HEM701, MKM701, VIR701 en ANP701. (kyk Reg.GH10.7.1) | 120 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |

*Bg. vak kan in oorleg met die betrokke Departementshoof(de) aangebied word.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel II**: | Hoofvak: | VIR890 | Virologie | 284 krediete |
| | | NAM702 | B) Uitgebreide skripsie | 64 krediete |

Toeligting:

(i) 'n Rotasieperiode van ses maande in Mediese Mikrobiologie is 'n vereiste, waarna 'n eksamen in Mediese Mikrobiologie afgelê sal word as deel van deurlopende evaluering.
(ii) Die suksesvolle aflegging van die modules in Navorsingsmetodologie (NAM702 A) en Gesondheidsorgpraktykvoering (GPV703), asook die voltooiing van ‘n Uitgebreide skripsie (NAM702 B) is ‘n voorvereiste vir die toekenning van die graad (Kyk ook Reg GH10.6.1)
(iii) Die onderwerp vir die Uitgebreide skripsie word in oorleg met die Departementshoof bepaal.

Residensie (RES): Vier jaar, waartydens voldoende ondervinding in verwante aspekte van bakteriologie, parasitologie, mikologie, molekulêre biologie en immunologie opgedoen moet word.

## (z) Geneeskundige Genetika – M.Med. (Med. Gen.) Studiekode 8742
**480 Krediete (insluitend verpligte algemene modules)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Deel I:** | Basiese Wetenskappe: | MGN800 | Geneeskundige Genetika (basiese wetenskappe) | 142 krediete |
| | | SIL709 | Sielkunde (beradingstegnieke) | 60 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsmetodologie | 12 krediete |
| | | GPV703 | Gesondheidsorgpraktyk-voering | Bywoning |
| **Deel II:** | Hoofvak: | MGN890 | Geneeskundige Genetika (kliniese toepassings) | 202 krediete |
| | | NAM702 | A) Navorsingsverslag | 64 krediete |

Toeligting:

(i) Die leerplan vir Deel I en II word bepaal deur die hoof van die program in ooreenstemming met eksterne assesseringsliggame (Ig. soos goedgekeur deur die Fakulteitsraad) om so ver moontlik te voldoen aan vereistes van interne assessering (Deel I) en interne/eksterne assessering sowel as 'n alternatiewe opsie van totale eksterne assessering (Deel I en II). Hierdie leerplan sal aspekte soos sitogenetika, molekulêre genetika, biochemiese genetika, voorgeboortetoetsing, mediese etiek en genetiese berading insluit.
(ii) Totale eksterne assessering van Deel I en/of Deel II wat voldoen aan die vereistes soos bepaal deur die hoof van die program, kan behoudens hiervan dien om Deel I en/of Deel II te slaag. Daar moet steeds voldoen word aan spesifieke vereistes van die eksterne eksamineringsliggaam wat nie noodwendig in hierdie regulasies omskryf mag wees nie.
(iii) Deel II van die eksamen of eksterne eksamen mag slegs afgelê word na voltooiing van 'n navorsingsverslag (NAM702, Reg. GH10.6.1). Hierdie verslag moet of publiseer word in 'n eweknie-hersiende joernaal of voorgedra word by 'n nasionale kongres waar abstrakte gekeur word.
(iv) Assessering in Deel II is op interne/eksterne eksaminering gebaseer en sluit gelykwaardige skriftelike eksamen, OSKE-eksamen, en mondeling (indien nodig) en kliniese eksamen in. Aparte slaag van die kliniese eksamen is 'n voorvereiste om Deel II te slaag.
(v) Toepaslike ondervinding in kliniese en laboratoriumvaardighede moet ondersteun word deur of voorlegging van logboek en sertifisering daarvan deur die hoof van die program (sien Reg. GH10.3).

Residensie (RES): Vier (4) jaar.

**Reg. GH10.7: Assessering**

1. Deel I van die assessering

(a) Die eksamen kan in Junie of November slegs tydens die eerste assesseringsgeleentheid afgelê word.
(b) Kandidate moet die Nagraadse administrasie-kantoor van die Fakulteit jaarliks voor 1 Maart of 1 Augustus skriftelik in kennis stel van hulle voorneme om aan die Junie- of November assessering deel te neem.
(c) Die assessering in Anatomie, Fisiologie en Anatomiese Patologie (waar van toepassing) bestaan uit 'n skriftelike en mondelinge assessering in elk van genoemde vakke.
(d) Eksamen in al die basiese vakke moet gelyktydig afgelê word, behalwe in die dissiplines Anestesiologie, Oftalmologie, Stralingsonkologie en Psigiatrie waar studente in enige van die basiese vakke eksamens mag aflê.
(e) M.Med. (Chem.Path.), (Med.Microb.), (Haemat.), (Med.Virol.) en (Anat.Path.): Deel I van die eksamen kan in oorleg met die Departementshoof oor 'n goedgekeurde faset of fasette van Patologie afgelê word (modulekodes CEP701, HEM701, MKM701, VIR701 en ANP701).

(f) Om 'n vak te slaag in dissiplines waar al die vakke gelyktydig afgelê moet word, moet 'n assesseringsyfer van minstens 40% in elk van die ander vakke waarin gelyktydig eksamen afgelê is, behaal word (uitgesonder dissiplines Chirurgie, Kardiotorakschirurgie, Neurochirurgie, Ortopediese Chirurgie, Otorinolaringologie, Plastiese Chirurgie en Urologie).

(g) 'n Student sal toegelaat word om met die M.Med.-program voort te gaan indien hy/sy 18 maande na inskrywing vir die graad in minstens een van die basiese vakke in die studierigtings waar daar twee vakke is, of twee van die basiese vakke in die studierigtings waar daar drie of meer vakke is, geslaag het (uitgesonder dissiplines Chirurgie, Diagnostiese Radiologie, Kardiotorakschirurgie, Neurochirurgie, Obstetrie en Ginekologie, Ortopediese Chirurgie, Otorinolaringologie, Plastiese Chirurgie en Urologie) en mits hy/sy twee jaar na die aanvang van die program in al die vakke van Deel I geslaag het.

(h) M.Med. in Anestesiologie, Interne Geneeskunde en Pediatrie: Deel I van die eksamen moet as geheel binne 24 maande na die aanvang van die program geslaag word. Indien 'n student onsuksesvol in die gemelde assessering is, sal hy slegs op aanbeveling van die Departementshoof toegelaat word om met die program voort te gaan. Indien hy na ‘n verdere ses maande nie slaag nie, kan hy nie met die program voortgaan nie.

(i) M.Med. (O. et G.) en M.Med. in Chirurgie, Kardiotorakschirurgie, Neurochirurgie, Otorinolaringologie en Plastiese Chirurgie: Deel I van die assessering moet as geheel binne 18 maande na aanvang van die program geslaag word (sluit herassessering in). 'n Student wat nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie kan slegs voortgaan met die program op aanbeveling van die Hoof van die Departement.

(j) M.Med. (Rad.D.): Deel I van die eksamen moet gelyktydig in al die vakke aan die einde van die tweede semester na eerste registrasie afgelê word. Minstens twee basiese vakke moet by die eerste geleentheid wat die student aan die eksamen deelneem, geslaag word. Al die basiese vakke moet binne drie semesters geslaag word. Indien 'n student nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, kan hy/sy slegs op aanbeveling van die Departementshoof tot verdere studie toegelaat word.

(k) M.Med. (Urol.) en M.Med. (Orthop.): Van die kandidaat word verwag om Deel I van sy eksamen aan die einde van die eerste jaar van inwoning te voltooi. Die kandidaat sal toegelaat word om Deel I van die assessering een keer te herhaal, ses maande na die eerste poging. Slegs in hoogs uitsonderlike gevalle en met goedkeuring van die Hoof: Skool vir Geneeskunde sal ‘n derde poging toegelaat word.

(l) M.Med. (Ophth.): Die kandidaat het twee geleenthede om die eksamen af te lê, tensy daar spesiale omstandighede is en waar die Hoof: Skool vir Geneeskunde in die finale besluit geken sal word.

(m) M.Med.(Derm.): Deel 1 van die Kollege van Dermatologie van Suid-Afrika word as ekwivalent vir die M.Med. Deel I erken.

(n) Geen student sal toegelaat word om Deel II af te lê terwyl hy/sy nog as geleentheidstudent geregistreer is en/of die pos van Mediese Beampte beklee nie.

<u>Toeligting:</u>

(i) Dissiplines kan die keuse uitoefen om Deel I van die assessering óf self af te neem óf deur die relevante Kollege vir Geneeskunde van Suid-Afrika te laat afneem.

(ii) M.Med.-studente wat aan hierdie Universiteit vir die graad registreer, moet Deel I van die M.Med.-program aan hierdie Universiteit aflê, met die uitsondering van dissiplines wat Deel 1 van die relevante Kollege vir Geneeskunde van Suid-Afrika as ekwivalente eksamen erken.

(iii) Vrystelling van basiese vakke kan toegestaan word op aanbeveling van die Departementshoof, nadat hy hom vergewis het dat die student 'n gelykwaardige assessering by 'n instansie wat deur die Universiteit erken word, geslaag het.

2. Deel II van die assessering

(a) Nadat 'n student in Deel I geslaag het, moet minstens 12 maande verloop voordat hy/sy hom/haar met die toestemming van die betrokke Departementshoof vir Deel II van die assessering aanmeld. Met die uitsondering van Chirurgie, Diagnostiese Radiologie, Geregtelike Geneeskunde, Kardiotorakschirurgie, Kerngeneeskunde, Neurochirurgie, Obstetrie en Ginekologie, Ortopediese Chirurgie, Otorinolaringologie, Plastiese Chirurgie, Psigiatrie, Stralingsonkologie en Urologie, mag hierdie assessering ook nie voor die einde van die derde studiejaar afgeneem word nie.

(b) M.Med. in Chirurgie, Kardiotorakschirurgie, Neurochirurgie, Ortopediese Chirurgie, Otorinolaringologie en Plastiese Chirurgie: ‘n Student moet binne 18 maande nadat hy/sy in Deel I geslaag het, Deel II (byvakke) as geheel slaag (sluit herassessering in).

(c) M.Med. (Rad.D.): Eksamen in Patologie (PAT800) moet afgelê word voor vyf semesters na eerste registrasie vir die graad.

(d) M.Med. (Clin.Path.): Assessering word afsonderlik afgelê in die vakke Chemiese Patologie, Hematologie en Mediese Mikrobiologie na ’n inwoningstydperk van minstens 18 maande in elke dissipline.

(e) M.Med. (Chem.Path.), (Med.Mikrob.), (Haemat.), (Anat.Path.) en (Med.Virol.): Deel II van die eksamen kan afgelê word na 'n minimum van drie akademiese studiejare.

(f) M.Med. (Anes.): Deel II van die assessering mag eers drie jaar na aanvang van die program afgelê word, en nadat Deel I geslaag is. Die toekenning van die graad is onderhewig aan: Die slaag van die hoofvak (ANS890); drie maande inwoning by 'n Kritieke Sorgeenheid en die indiening van 'n portefeulje soos uiteengesit in Reg. GH10.6.2(b). Die finale eksamen, uitgebreide skripsie en aspekte van deurlopende evaluering word deur eksterne eksaminator(e) geassesseer.

(g) M.Med. (Med. Forens.): Nadat 'n student die Deel I-eksamen geslaag het, moet minstens 24 maande verloop alvorens Deel II van die eksamen afgelê kan word.

(h) M.Med. (O. et G.): Nadat ‘n student die Deel I-eksamen geslaag het, moet minstens 12 maande verloop alvorens Deel II van die eksamen afgelê kan word. Deel II moet egter binne 36 maande na aanvang van die program geslaag word.

(i) M.Med. (Ophth.): Die eindeksamen moet so naby moontlik aan die einde van die inwoningstydperk afgelê word. Die finale eksamen van die Kollege van Oftalmoloë van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika sal as die eindeksamen dien. Die graad M.Med. (Ophth.) sal toegeken word na suksesvolle aflegging van die finale eksamen van die Kollege van Oftalmologie van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika en indien die navorsingskomponent (NAM 702 B) geslaag is. Die kandidaat het twee geleenthede om die eksamen af te lê, tensy daar spesiale omstandighede is en waar die Hoof: Skool vir Geneeskunde in die finale besluit geken sal word vir goedkeuring.

(j) M.Med. (Urol.): Deel II van die eksamen moet aan die einde van die tweede studiejaar afgelê word. Herhaling sal soos in die geval van Deel I toegelaat word.

(k) M.Med. (Derm.): Deel 2 van die Kollege van Dermatologie van Suid-Afrika (FCDerm) word as ekwivalent vir DER890 erken. Ten einde die graad M.Med. (Derm.) te verwerf, moet die kandidaat die eksamen in PLH890 slaag, aangesien daar huidig nie ‘n ekwivalente eksamen deur die Kollege aangebied word nie. Toestemming vir die aflegging van die FC(Derm) Deel 2 sal toegestaan word slegs ná suksesvolle aflegging van PLH890.

3. Deel III van die assessering

In geval van vyfjaar-graadprogramme, mag Deel III-eksamen nie voor die einde van die vierde studiejaar afgelê word nie, behalwe met die toestemming van die Departementshoof. Minstens 12 maande moet verloop nadat Deel II suksesvol voltooi is. 'n Student vir die graad M.Med.(Rad.D.) moet assessering in die hoofvak (DIR890) na die einde van die vierde studiejaar (en nie vroeër nie) aflê.

4. Deurlopende evaluering

Toeligting:

Deurlopende evaluering met toepaslike terugvoering word deur die loop van opleiding gedoen. Eksterne evaluering kan betrek word. Dit kan tot 40% van die finale gesamentlike punt van die hoofvak bydra.

5. Eksterne evaluering

Toeligting:

Eksterne evaluering moet minstens een keer tydens deurlopende evaluering, asook ten tye van eindassessering plaasvind.

**Reg. GH10.8: Slaag met lof**

‘n Student slaag met lof indien minstens 75% in die finale gesamentlike punt behaal is.

Toeligting:

Die finale gesamentlike punt bestaan uit deurlopende evaluering waar van toepassing, die uitgebreide skripsie en die finale eksamenpunt van die hoofvak(ke).

**Reg. GH10.9: Herassessering**

(a) 'n M.Med.-student mag nie weer eksamen in 'n vak aflê voordat minstens ses maande verloop het na die eksamen waarin hy/sy die betrokke vak gedruip het nie.

Toeligting:

(i) Daar word van die kandidaat verwag om aan die eersvolgende assesseringsgeleentheid deel te neem (uitgebreide skripsie uitgesonder).
(ii) In die dissiplines Chirurgie en Ortopediese Chirurgie moet al die vakke gelyktydig by herassessering van Deel I afgelê word.

(b) In geval van Deel II en Deel III van die assessering moet die eksamen as geheel herhaal word.

**Reg. GH10.10: Verlenging van die studietydperk**

'n Student wat nie in die finale assessering van 'n M.Med.-program aan die einde van die inwoningtyd, soos by elke dissipline bepaal, geslaag het nie, sal toegelaat word om sy betrekking as Kliniese Assistent vir 'n tydperk van ses maande te behou of soos die Hoof van die Departement mag bepaal.

Toeligting:

Die student mag gedurende hierdie periode in ‘n ander pos in die betrokke departement aangestel word, maar moet steeds as student ingeskryf wees.

**Reg. GH10.11: Toekenning van die graad**

Alvorens die M.Med.-graad aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oortuig dat hy/sy:

(a) Vir 'n volle inwoningstydperk van vier of vyf jaar, volgens die vereistes van die betrokke dissipline, met welslae 'n voltydse opleidingspos beklee het aan die opleidingshospitale van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat of 'n ander inrigting wat deur die Universiteit as gelykwaardig erken word;
(b) Teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het vir die voorgeskrewe duur van die graadprogram;
(c) Die modules in Navorsingsmetodologie en Gesondheidsorgpraktykvoering beide bevredigend bygewoon het;
(d) Vir die voorgeskrewe tydperk as student aan die Universiteit vir die graad M.Med. geregistreer was; en
(e) Die assesserings, insluitend die uitgebreide skripsie, volgens die vereistes van die betrokke M.Med.-program suksesvol voltooi het.

## Reg. GH11 REGULASIES VIR DIE GRAAD MAGISTER IN MEDIESE WETENSKAPPE

'n Student moet aan sowel die bepalings van die Algemene Regulasies vir Magistergrade as aan die regulasies van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.

### Reg. GH11.1 Toelatingsvereistes

Om toegelaat te word om vir die graad M.Med.Sc. te registreer moet 'n student in besit wees van een van die volgende:

(a) Die graad B.Med.Sc.Hons., met dien verstande dat aanvullende werk van die student vereis kan word.
(b) Die graad M.B.,Ch.B. of 'n gelykwaardige kwalifikasie, met dien verstande dat aanvullende werk van die student vereis kan word. In hierdie geval mag die verhandeling nie binne drie semesters na registrasie ingedien word nie, tensy die Senaat op aanbeveling van die Fakulteit spesiale verlof daartoe verleen.

### Reg. GH11.2 Dissiplinerigtings

Die graad M.Med.Sc. kan in die volgende dissiplinerigtings in die Skool vir Geneeskunde aangebied word, naamlik: Anatomie en Selmorfologie, Anatomiese Patologie, Biostatistiek, Geneeskundige Fisika, Chemiese Patologie, Farmakologie (Analities/Klinies), Fisiologie, Mensgenetika, Hematologie/ Immunologie, Kliniese Radiologie, Kardiotorakschirurgie, Kritieke Sorg, Mediese Mikrobiologie/Virologie, Mensmolekulêre Biologie, Stralingsonkologie.

Die modulekode bestaan uit die afkorting van die dissiplinegebied gevolg deur die kode 709.

Met die uitsondering van studie in die Departement Kritieke Sorg, moet ‘n verhandeling voorgelê word. In die Departement Geneeskundige Fisika kan die graad as ‘n gestruktureerde Magister of met ‘n verhandeling aangebied word.

### Reg. GH11.3 Kurrikulum

**(a) Geneeskundige Fisika (Gestruktureerd)** **Studiekode 8731**

<u>Toelatingsvereistes:</u>
Toelating tot die program is onderhewig aan aanbeveling van die programhoof. ‘n Student moet in besit wees van ‘n B.Med.Sc (Hons)-graad, M.Sc.- of Ph.D.-graad in Fisika of gelykwaardige kwalifikasie. Toepaslike voorafleer en ervaring sal tydens toelating in aanmerking geneem word.

<u>Samestelling:</u>

| | | |
|---|---|---|
| BFK754 | Stralingsbiologie (Geneeskundige Fisika) | 16 krediete |
| BFK714 | Stralingsfisika | 16 krediete |
| BFK724 | Mediese Fisika vir Diagnostiese Radiologie | 16 krediete |
| BFK744 | Mediese Fisika vir Kerngeneeskunde | 16 krediete |

| | | |
|---|---|---|
| BFK764 | Beplanning van Stralingsbehandeling | 16 krediete |
| BFK784 | Modaliteite vir Stralingsbehandeling | 16 krediete |
| BFK734 | Stralingsbeskerming | 16 krediete |
| BFK791 | Uitgebreide Skripsie | 88 krediete |

**Toeligting**

Die kursusinhoud en kursusgewigte kan na goeddunke deur die Departementshoof gewysig word.

**Duur van graadprogram**

Die minimum tydsduur vir die studie is twee jaar.

**Assessering**

Een vraestel van drie uur aan die einde van die semester in elke module.

BFK791 Uitgebreide Skripsie sal onderhewig wees aan eksterne evaluering

**Toelating tot assesseringsgeleentheid**

'n Minimum modulesyfer van 40% word vereis vir toelating tot die assessering.

**Toeligting**

Daar word van studente vereis om van die eerste assesseringsgeleentheid gebruik te maak. Studente kan slegs kwalifiseer om aan 'n tweede geleentheid deel te neem indien hulle aan die eerste geleentheid deelgeneem het en daarvoor gekwalifiseer het.

**Samestelling van modulesyfers**

'n Student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk wat tydens die module afgeneem is, dra by tot die modulesyfer. Besonderhede van die samestelling van die modulesyfer is in die afsonderlike modulehandleidings vervat.

**Slaagvereistes**

Die algemene regulasies is van toepassing.

Vir elke module (uitgesluit BFK791) dra die modulesyfer en die assesseringsyfer beide 50% tot die finale gesamentlike syfer by.

Vir BFK791 word die gemiddelde punt geneem soos toegeken deur die interne en eksterne assessore met 'n minimum slaagsyfer van 50%.

**Herassessering**

**Die algemene regulasies is van toepassing.**

**(b) Geneeskundige Fisika (Verhandeling) — Studiekode 8738**

**Toelatingsvereistes**

Toelating tot die program is onderhewig aan aanbeveling van die programhoof.

‘n Student moet in besit wees van ‘n B.Med.Sc (Hons)-graad in Geneeskundige Fisika of gelykwaardige kwalifikasie
Toepaslike voorafleer en ervaring sal tydens toelating in aanmerking geneem word.

**Samestelling**

| | | |
|---|---|---|
| BFK700 | Verhandeling | 200 krediete |

**Duur van graadprogram**

Die tydsduur vir die studie is twee jaar, maar onder spesiale omstandighede, met goedkeuring van die departementshoof, kan dit in een jaar voltydse studie voltooi word.

**Slaagvereistes**

Kyk Algemene Regulasies.

## (c) Kritieke Sorg — Studiekode 8732

| | |
|---|---|
| KRS700 | Kritieke Sorg (twee skriftelike vraestelle en ‘n mondelinge assessering) |
| KRS791 | Skripsie |

**Opmerking**

(a) 'n Fakulteitskomitee sal die projek evalueer.
Die titel van die skripsie sal slegs op aanbeveling van die komitee aan die Fakulteitsraad voorgelê word.

(b) Na voltooiing van die praktiese gedeelte van die navorsing, of op 'n tydstip deur die studieleier bepaal, moet die student sy navorsingsresultate aan die komitee voorlê en verantwoord. Die komitee se aanbevelings sal as riglyne vir die studieleier en die student dien.

**Slaagvereistes**

Kyk Algemene Regulasies.

**MAGISTER IN SPORTGENEESKUNDE** **300 krediete**
**M. Sportgeneesk** **Studiekode 8782**

**Reg. GH12 REGULASIES VIR DIE GRAAD MAGISTER IN SPORTGENEESKUNDE**

Studente moet voldoen aan beide die vereistes van die algemene regulasies vir Magistergrade en die regulasies van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

**Reg. GH12.1 Toelatingsvereistes**

Om toegelaat te word om te registreer vir die graad Magister in Sportgeneeskunde, moet ’n student in besit wees van:

a) M.B.Ch.B. of ekwivalente kwalifikasie.
b) Volle registrasie as mediese praktisyn by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika.

Studente moet praktiseer as mediese praktisyns, en internskappe en gemeenskapsdiens voltooi het.

Die programhoof moet toelating tot die program aanbeveel. Toepaslike voorafleer en ervaring sal tydens toelating in aanmerking geneem word.

**Reg. GH12.2 Duur van program**

Die program duur drie jaar (300 krediete)

**Reg. GH12.3 Kurrikulum**

Modulewerk: 180 krediete
Navorsing (navorsingsprojek en modulewerk): 120 krediete

Jaar 1:

- Modules:
    - Navorsingsmetodiek (20 krediete) Kode: NAV705
    - Basiese Mediese Wetenskappe (20 krediete) Kode: BCS705
    - Oefeningsfisiologie (20 krediete) Kode: EXP705
- Kliniese leer (20 krediete) Kode: CLL705
    - Pasiëntlogboeke
    - Pasiëntvoordragte
    - Akademiese besprekings
    - Kliniese Vaardigheidseenheid
    - Elektiewe periode by erkende instansies
- Navorsingsprojek (20 krediete) Kode: RPJ791
    - Ontwikkeling van ’n navorsingsprotokol

Jaar 2:

- Modules:
    - Kardiorespiratoriese stelsel (8 krediete) Kode: CPS704
    - Toegepaste sportgeneeskunde (12 krediete) Kode: ASM703
    - Kliniese oefeningsgeneeskunde (8 krediete) Kode: EXM703
    - Kliniese sportgeneeskunde (12 krediete) Kode: CSP703
-

- Kliniese leer (20 krediete) Kode: CLL705
    - Pasiëntlogboeke
    - Pasiëntvoordragte
    - Akademiese besprekings
    - Kliniese vaardigheidseenheid
    - Elektiewe periode by erkende instansies
- Navorsingsprojek (40 krediete) Kode: RPJ791
    - Literatuurstudie en empiriese navorsing

Jaar 3:

- Modules:
    - Kliniese sportgeneeskunde (12 krediete) Kode: CSM703
    - Ortopediese sportgeneeskunde (28 krediete) Kode: OSG705
- Kliniese leer (20 krediete) Kode: CLL705
    - Pasiëntlogboeke
    - Pasiëntvoordragte
    - Akademiese besprekings
    - Kliniese vaardigheidseenheid
    - Elektiewe periode by erkende instansies
- Navorsingsprojek (40 krediete) Kode: RPJ791
    - Skryf en afhandeling van navorsingsprojek

**Reg. GH12.4 Algemeen**

Modulemateriaal en kliniese leermodules word aangebied in 'n minimum van 24 dae bywoning per jaar, eweredig versprei deur die jaar.

**Reg. GH12.5 Assessering**

1. Vaardigheid word bewys deur demonstrasie van uitkomste van die program om te voldoen aan standaarde gestel deur die Universiteit van die Vrystaat en die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Effektiwiteit en vaardigheid in die bereiking van gegewe uitkomste en algemene prestasie in sport- en oefeningsgeneeskunde, asook vaardigheid as navorser, word geassesseer. Daar word van studente verwag om vaardigheid te bewys deur verskeie metodes, insluitend gevalportefeuljes, besprekings, werkopdragte, praktiese demonstrasies en publiseerbare wetenskaplike artikels. Kliniese vaardighede word geassesseer in reële omgewings. Die navorsingsprojek word in ooreenstemming met die algemene regulasies van die Universiteit van die Vrystaat met betrekking tot navorsing geassesseer.
2. Assessering in die program word gedoen volgens 'n geïntegreerde en deurlopende benadering.
3. Assessering van praktiese werk en elektiewe periodes word gedoen deur vasgestelde of kontrakwerk in die veld van sport- en oefeningsgeneeskunde. Eweknie-assessering word hierby ingesluit.
4. 'n Module kredietstelsel in van toepassing. In gevalle waar 'n gemiddelde modulepunt van 65% nie behaal is nie, sal jaar een en jaar twee se assessering bestaan uit 'n geskrewe en/of mondelinge eksamen. Aan die einde van jaar drie word 'n geskrewe, mondelinge en praktiese eksamen afgelê en die navorsingsprojek assesseer.

**Reg. GH12.6 Promovering en onderskeidings**

Studente wat 'n gemiddelde punt van 65% of meer in die eerste of tweede jaar behaal mag promoveer na die volgende jaar sonder om 'n formele eksamen af te lê. Studente

met ’n gemiddelde punt van 65% of meer sal egter, indien hulle so verkies, toegelaat word om ’n formele eksamen af te lê om punte te verbeter of ’n onderskeiding te behaal. Die Magistergraad word met lof toegeken indien die kandidaat ’n finale gemiddelde punt van 75% en ’n minimum van 70% in elk van die modules oor drie jaar en die navorsingsprojek behaal.

## M. SPORTGENEESKUNDE

## UV SKOOL VIR GENEESKUNDE

**Programbeplanner: Dr L Holtzhausen**

DUUR VAN PROGRAM: 3 JAAR
9 MODULES
+ 3 KLINIESE MODULES
+ NAVORSINGSPROJEK

JAAR 1:
- KLINIESE LEER: 1 MODULE
- NAVORSINGSPROJEK: PROTOKOL
- 3 MODULES: NAVORSINGSMETODIEK
  BASIESE MEDIESE WETENSKAPPE
  OEFENINGSFISIOLOGIE

JAAR 2:
- KLINIESE LEER: 1 MODULE
- NAVORSINGSPROJEK: LITERATUURSTUDIE EN EMPIRIESE NAVORSING
- KLINIESE OEFENINGSGENEESKUNDE
- TOEGEPASTE WETENSKAPPE
- KLINIESE SPORTGENEESKUNDE

JAAR 3:
- KLINIESE LEER: 1 MODULE
- NAVORSINGSPROJEK:
  - FINALE NAVORSINGSVERSLAG EN PUBLISEERBARE ARTIKELS
  - VOORDRAG VAN NAVORSING
- SPORTBESERINGS
- ORTOPEDIE

KLINIESE LEERMODULES
1. KONTAKSESSIES
2. GEVALLESTUDIES EN VOORDRAG
3. KLINIESE VAARDIGHEIDSONTWIKKELING

MODULES IS SELFSTUDIE GEVOLG DEUR KONTAKSESSIES EN ONDERRIG

EVALUASIE:
1. EINDE VAN 1STE EN 2DE JAAR VAN STUDIE: FORMELE GESKREWE EN/OF MONDELINGE EKSAMEN
2. DEURLOPENDE ASSESSERING
   - TOETSE
   - PASIËNTVOORDRAGTE
   - KLINIESE LOGBOEK
   - ELEKTIEWE PERIODES
3. NAVORSINGSPROJEK AAN EINDE VAN 3DE JAAR

| | |
|---|---|
| MAGISTERGRAAD: | 300 KREDIETE |
| LEERKREDIETE: | 200 |
| NAVORSINGSKREDIETE: | 100 |

### 1STE JAAR

100 KREDIETE: MODULES: 40K NAVORSING: METODOLOGIE & PROTOKOL: 40K (20 + 20) KLINIESE LEER: 20K

| | | | |
|---|---|---|---|
| NAVORSINGSMETODOLOGIE 20K<br>Kode: NAV 105<br><br>NAVORSINGSPROJEK 20K<br>Kode: RPJ 791 | BASIESE MEDIESE WETENSKAPPE 20K<br>Kode:BCS 705<br>♦ TOEGEPASTE ANATOMIE<br>♦ OEFENINGSBIOCHEMIE<br>♦ INLEIDING TOT BIOMEGANIKA | OEFENINGSFISIOLOGIE 20K<br>Kode: EXP 705<br>♦ SPIER<br>♦ KARDIOVASKULÊRE STELSEL<br>♦ RESPIRATORIESE STELSEL | KLINIESE LEER 20K<br>Kode: CLL 705<br>♦ PASIËNTLOGBOEK<br>♦ PASIËNTVOORDRAGTE<br>♦ AKADEMIESE BESPREKINGS<br>♦ SASMA BYWONING<br>♦ KLINIESE VAARDIGHEIDSEENHEID<br>♦ ONDERSOEKMETODES |

### 2DE JAAR

100 KREDIETE: MODULES: 48K NAVORSING: PROJEK: 40K KLINIESE LEER: 12K

MODULES:

| | | | |
|---|---|---|---|
| KARDIORESPIRATORIESE STELSEL 8K<br>Kode: CPS 704<br>♦ KARDIOLOGIE<br>♦ PULMONOLOGIE | KLINIESE OEFENINGSGENEESKUNDE 8K<br>Kode: EXM 703<br>♦ DERMATOLOGIE<br>♦ ONKOLOGIE<br>♦ OBS & GINE<br>♦ NEUROLOGIE<br>♦ RUMATOLOGIE<br>♦ PEDIATRIE<br>♦ ENDOKRINOLOGIE<br>♦ GASTROENTEROLOGIE<br>♦ NEFROLOGIE | TOEGEPASTE SPORTGENEESKUNDE 12K<br>Kode: ASM 703<br>♦ HEMATOL & IMMUNOLOGIE<br>♦ VLOEISTOFBALANS<br>♦ SPORTVOEDING<br>♦ FARMAKOLOGIE EN ERGOGENIESE MIDDELS<br>♦ BEGINSELS VAN ORTOPEDIESE REHAB<br>♦ BEGINSELS VAN OEFENVOORSKRIF | KLINIESE SPORTGENEESKUNDE 12K<br>Kode: CSP 703<br>♦ NOODSPORTGENEESKUNDE<br>♦ ELITE-ATLEET<br>♦ OMGEWINGSPORTGENEESKUNDE<br>♦ DUIKGENEESKUNDE<br>♦ VLIEGGENEESKUNDE<br>♦ SIELKUNDE<br>♦ MIOLOGIE |
| NAVORSINGSPROJEK Kode: RPJ 792 40K LITERATUURSTUDIE EN EMPIRIESE NAVORSING | | KLINIESE LEER 20K Kode. CLL 705 | |

### 3DE JAAR

100 KREDIETE: MODULES: 40K NAVORSINGSPROJEK: 40K KLINIESE LEER: 20K

MODULES:

| | | | |
|---|---|---|---|
| KLINIESE SPORTGENEESKUNDE 12K<br>Kode: CSM 703<br>♦ INLEIDING<br>♦ VOORKOMING<br>♦ RADIOLOGIE<br>♦ PODIATRIE | ORTOPEDIESE SPORTGENEESKUNDE 28K<br>Kode: OSG 705<br>♦ SPIER- EN SAGTEWEEFSELBESERINGS<br>♦ BEEN EN BEENSTRESS<br>♦ KNIE<br>♦ ONDERBEEN | ♦ ENKEL EN VOET<br>♦ HEUP EN BEKKEN<br>♦ WERWELKOLOM | ♦ SKOUER<br>♦ ELMBOOG EN VOORARM<br>♦ POLSGEWRIG EN HAND |
| NAVORSINGSPROJEK 40K<br>Kode: RPJ 792 | SKRYF VAN NAVORSINGSPROJEK/ARTIKELS<br>MONDELINGE ASSESSERING | KLINIESE LEER 20K<br>Kode: CLL 705 | |

## Reg. GH13 REGULASIES VIR DIE GRAAD MAGISTER IN HUISARTSKUNDE

### Reg. GH13.1 Toelatingsvereistes

Geen nuwe studente sal vir die M.Fam.Med. graad kan registreer vanaf 1 Januarie 2007 nie, aangesien die M.Med.(Fam) graad dan aangebied sal word.

### Reg. GH13.2 Duur van Graadprogram

Die Graadprogrammodule strek oor ses semesters en word deeltyds aangebied.

### Reg. GH13.3 Kurrikulum

(a) **Deel I**
BFM701 Toegepaste Basiese Mediese Wetenskappe (Huisartskunde)
KHA700 Kliniese Huisartskunde
VKG700 Gemeenskapsgesondheid
PRV800 Praktykvoering (Voortsettingsmodule)
GEG890 Gesinsgeneeskunde (Voortsetting)
SKR890 Skripsie (Voortsetting)

(b) **Deel II**
BFM702 Toegepaste Basiese Mediese Wetenskappe (Huisartskunde)
KHA800 Kliniese Huisartskunde
PRV800 Praktykvoering
GEG890 Gesinsgeneeskunde (Voortsetting)
SKR890 Skripsie (Voortsetting)

(c) **Deel III**
KHA890 Kliniese Huisartskunde
GEG890 Gesinsgeneeskunde

(d) **Skripsie**
SKR890 Skripsie

Studente sal nie toegelaat word tot deel II alvorens ‘n goedgekeurde navorsingsonderwerp voorgelê is nie. Studente sal nie toegelaat word tot Deel III alvorens navorsingsdata ingehandig is nie.

Voor toelating tot die finale assessering vir Deel III moet die student 'n bevredigende skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp inlewer.

### Reg. GH13.4 Assessering

Einde van tweede semester - Deel I
Einde van vierde semester - Deel II
Einde van sesde semester - Deel III
Die inskrywingskombinasies en die assesseringprogram kan met goedkeuring van die hoof van die departement gewysig word.

Studente wat voor die aanvang van M.Med.(Fam) geregistreer het, sal toegelaat word om soos per regulasie vir deel I, II en III die modulegraadprogram te voltooi.

### Reg. GH13.5 Slaagsyfer en onderskeiding

(a) Om in 'n assessering te slaag, word 'n minimum van 50% vereis.

(b) Die Magistergraad word met lof toegeken indien 'n finale gemiddelde persentasie van 75% in die volgende dissiplines behaal word:
KHA890 Kliniese Huisartskunde
GEG890 Gesinsgeneeskunde
PRV800 Praktykvoering
KHA800 Kliniese Huisartskunde
SKR890 Skripsie

(c) Assessering in KHA890 bestaan uit 'n OSKE, skriftelike vraestel en mondeling. Beide die skriftelike vraestel en OSKE moet afsonderlik geslaag word om KHA890 te slaag.

### Reg. GH13.6 Spesiale assessering

Studente wat nie die assessering aan die einde van die semesters soos bepaal ten opsigte van Deel I en II geslaag het nie, sal toegelaat word om weer in Januarie van die volgende jaar assessering af te lê mits nie meer as twee dissiplines gedruip is nie, in welke geval Deel I en II herhaal sal moet word. Studente wat nie die assessering aan die einde van Deel III en Deel IV geslaag het nie sal toegelaat word om die assessering na ses maande te herhaal. Studente sal nie toegelaat word om 'n assessering meer as een keer te herhaal nie. Verdere eksamineringassessering sal slegs toegelaat word na goedkeuring deur die Hoof van die Skool vir Geneeskunde op aanbeveling van die hoofde van die betrokke Departemente. 'n Student wat nie 'n assessering geskryf het nie, kwalifiseer nie vir 'n spesiale assessering nie.

## Reg. GH14 REGULASIES VIR DIE GRAAD MAGISTER IN GENEESKUNDE (HUISARTSKUNDE)

Studente wat aansoek doen om toelating tot die program is onderhewig aan ‘n keuringsproses. 'n Student moet aan sowel die bepalings van die Algemene Regulasies vir magistergrade as aan die regulasies van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.

### Reg. GH14.1 Toelatingsvereistes

Alvorens 'n student vir die M.Med. (Fam).-graad mag registreer, moet hy/sy:

(a) Vir minstens twee jaar in besit wees van die M.B.,Ch.B.-graad of 'n kwalifikasie wat deur die Universiteit as gelykwaardig geag word; en
(b) Vir minstens een jaar by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) as geneesheer (onbeperk) geregistreer wees volgens die Wet op Gesondheidsberoepe, Wet 56 van 1974 in 'n kategorie soos goedgekeur.

### Reg. GH14.2 Duur van Graadprogram

Die opleiding strek oor vier jaar waarvan 'n minimum van drie jaar in 'n geakkrediteerde Kliniese Assistentpos sal wees..

### Reg. GH14.3 Kliniese ondervinding

Alvorens die M.Med. (Fam)-graad aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oortuig dat hy/sy:

(a) Vir 'n tydperk van vier jaar met welslae aan die opleidingshospitale van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat of 'n ander inrigting of praktyk wat deur die Universiteit as gelykwaardig erken word, opleiding voltooi het;
(b) Teoretiese, praktiese en kliniese onderrig soos bepaal deur die program ontvang het;
(c) Vir die voorgeskrewe tydperk as student aan die Universiteit geregistreer was; en
(d) Met welslae die voorgeskrewe Universiteitassessering – skriftelik, mondeling, logboeke, portefeuljes, prakties en/of klinies, soos voorgeskryf – voltooi het.

### Reg. GH14.4 Kurrikulums

**(a) Elektiewe modules**

Drie van die volgende elektiewe modules moet vir Deel I ingeskryf word en daardie spesifieke modules word voortgesit in Deel II en Deel III en assesseer in Deel IV.

| | |
|---|---|
| MAH890 | Gesondheid van die vrou |
| CNH890 | Neonatale en kindergesondheid |
| PAL890 | Palliatiewe sorg |
| EME890 | Ongeluk- en noodgeneeskunde |
| CFM890 | Kliniesgeregtelike geneeskunde |
| PHC890 | Primêregesondheidsorg insluitend TB, SOS en MIV. |

| | | |
|---|---|---|
| SAC890 | Vaardighede ingeslote chirurgiese, narkose en mediese prosedures. | |
| DIS890 | Reseptering | |

**(b) Deel I**

| | | |
|---|---|---|
| BFM701 | (16K) | Toegepaste Basiese Mediese Wetenskappe (Huisartskunde) |
| KHA700 | (48K) | Kliniese huisartskunde |
| VKG700 | (8K) | Gemeenskapsgesondheid |
| PRV801 | (4K) | Bestuur van die mediese praktyk |
| SKR891 | (16K) | Verhandeling |
| GEG891 | (4K) | Gesinsgeneeskunde |

**Enige drie van die volgende elektiewe modules:**

| | | |
|---|---|---|
| MAH891 | (8K) | Gesondheid van die vrou |
| CNH891 | (8K) | Neonatale en kindergesondheid |
| PAL891 | (8K) | Palliatiewe sorg |
| EME891 | (8K) | Ongeluk- en noodgeneeskunde |
| CFM891 | (8K) | Kliniesgeregtelike geneeskunde |
| PHC891 | (8K) | Primêregesondheidsorg insluitend TB, SOS en MIV |
| SAC891 | (8K) | Vaardighede ingeslote chirurgiese, narkose en mediese prosedures |
| DIS891 | (8K) | Reseptering |

**(c) Deel II**

| | | |
|---|---|---|
| BFM702 | (16K) | Toegepaste Basiese Mediese Wetenskappe (Huisartskunde) |
| KHA800 | (48K) | Kliniese huisartskunde |
| PRV802 | (12K) | Bestuur van die mediese praktyk |
| SKR892 | (16K) | Verhandeling |
| GEG892 | (4K) | Gesinsgeneeskunde |

**Plus:**

**Die drie elektiewe modules van Deel I**

| | | |
|---|---|---|
| MAH892 | (8K) | Gesondheid van die vrou |
| CNH892 | (8K) | Neonatale en kindergesondheid |
| PAL892 | (8K) | Palliatiewe sorg |
| EME892 | (8K) | Ongeluk- en noodgeneeskunde |
| CFM892 | (8K) | Kliniesgeregtelike geneeskunde |
| PHC892 | (8K) | Primêregesondheidsorg insluitend TB, SOS en MIV |
| SAC892 | (8K) | Vaardighede ingeslote chirurgiese, narkose en mediese prosedures |
| DIS892 | (8K) | Reseptering |

**(d) Deel III**

| | | |
|---|---|---|
| KHA890 | (48K) | Kliniese Huisartskunde |
| GEG893 | (32K) | Gesinsgeneeskunde |
| SKR893 | (16K) | Verhandeling |

**Plus:**

**Die drie elektiewe modules van Deel I**

| | | |
|---|---|---|
| MAH893 | (8K) | Gesondheid van die vrou |
| CNH893 | (8K) | Neonatale en kindergesondheid |
| PAL893 | (8K) | Palliatiewe sorg |
| EME893 | (8K) | Ongeluk- en noodgeneeskunde |
| CFM893 | (8K) | Kliniesgeregtelike geneeskunde |

| | | |
|---|---|---|
| PHC893 | (8K) | Primêregesondheidsorg insluitend TB, SOS en MIV |
| SAC893 | (8K) | Vaardighede ingeslote chirurgiese, narkose en mediese prosedures |
| DIS893 | (8K) | Reseptering |

**(e) Deel IV**

| | | |
|---|---|---|
| SKR894 | (48K) | Verhandeling |

**Plus:**

**Die drie elektiewe modules van Deel I**

| | | |
|---|---|---|
| MAH894 | (24K) | Gesondheid van die vrou |
| CNH894 | (24K) | Neonatale en kindergesondheid |
| PAL894 | (24K) | Palliatiewe sorg |
| EME894 | (24K) | Ongeluk- en noodgeneeskunde |
| CFM894 | (24K) | Kliniesgeregtelike geneeskunde |
| PHC894 | (24K) | Primêregesondheidsorg insluitend TB, SOS en MIV |
| SAC894 | (24K) | Vaardighede ingeslote chirurgiese, narkose en mediese prosedures |
| DIS894 | (24K) | Reseptering |

Studente sal nie toegelaat word tot Deel II alvorens 'n goedgekeurde navorsingsonderwerp voorgelê is nie en ook nie na Deel III voordat 'n goedgekeurde protokol ingedien is nie. Navorsingsdata moet ingehandig word voordat ingeskryf word vir Deel IV.

Voordat die student toegelaat word tot die eksamen van Deel IV moet 'n goedgekeurde verhandeling ingedien word.

**Reg. GH14.5 Assessering**

| | | |
|---|---|---|
| Einde van tweede semester | - | Deel I |
| Einde van vierde semester | - | Deel II |
| Einde van sesde semester | - | Deel III |
| Einde van agste semester | - | Deel IV |

Die inskrywingskombinasies en die assesseringprogram kan met goedkeuring van die Hoof van die Departement gewysig word.

**Reg. GH14.6 Slaagsyfer en onderskeiding**

(a) Om in 'n assessering te slaag, word 'n minimum van 50% vereis.
(b) Die Magistergraad word met lof toegeken indien 'n finale gemiddelde persentasie van 75% in die volgende dissiplines behaal word:

| | |
|---|---|
| KHA800/890 | Kliniese huisartskunde |
| GEG891/892/893 | Gesinsgeneeskunde |
| PRV801/802 | Bestuur van die mediese praktyk |
| SKR891/892/893/894 | Verhandeling |

**Plus enige drie van die volgende elektiewe modules**:

| | |
|---|---|
| MAH890/891/892 | Gesondheid van die vrou |
| CNH890/891/892 | Neonatale en kindergesondheid |
| PAL890/891/892 | Palliatiewe sorg |
| EME890/891/892 | Ongeluk- en noodgeneeskunde |
| CFM890/891/892 | Kliniesgeregtelike geneeskunde |

| | |
|---|---|
| PHC890/891/892 | Primêregesondheidsorg insluitend TB, SOS en MIV |
| SAC890/891/892 | Vaardighede ingeslote chirurgiese, narkose en mediese prosedures |
| DIS890/891/892 | Reseptering |

(c) Assessering in KHA890 bestaan uit ‘n OSKE, skriftelike vraestel en mondeling. Beide die skriftelike vraestel en OSKE moet afsonderlike geslaag word om KHA890 te slaag.

(d) Assessering van die elektiewe modules bestaan uit geskrewe eksamen, OSKE en deurlopende evaluasie deur middel van logboeke, gevallestudies en portefeuljes. Beide die geskrewe eksamen, OSKE en deurlopende evaluasies moet geslaag word om die elektiewe module te slaag.

**Reg. GH14.7 Spesiale assessering**

Studente wat nie die assessering aan die einde van die semesters soos bepaal ten opsigte van Deel I en II geslaag het nie, sal toegelaat word om weer in Januarie van die volgende jaar assessering af te lê mits nie meer as twee dissiplines gedruip is nie, in welke geval Deel I/II herhaal moet word. Studente wat nie die assessering aan die einde van Deel III en Deel IV geslaag het nie sal toegelaat word om die assessering na ses maande te herhaal. Studente sal nie toegelaat word om 'n assessering meer as een keer te herhaal nie. Verdere assessering/eksaminering sal slegs toegelaat word na goedkeuring deur die Hoof van die Skool vir Geneeskunde op aanbeveling van die hoofde van die betrokke departemente. ‘n Student wat nie ‘n assessering geskryf het nie, kwalifiseer nie vir ‘n spesiale assessering nie.

**Reg. GH15 REGULASIES VIR DIE GRAAD MAGISTER IN GEMEENSKAPSGESONDHEID**

**Reg. GH15.1 Toelatingsvereistes**

Alvorens 'n student vir die M.Med. (G.G.)-graad mag inskryf, moet hy/sy:

(a) Vir minstens twee jaar in besit wees van die M.B.,Ch.B.-graad van hierdie Universiteit of 'n kwalifikasie wat deur die Universiteit as gelykwaardig geag word; en
(b) Vir minstens een jaar as geneesheer geregistreer wees kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, wet 56 van 1974, in 'n kategorie soos deur die Universiteit goedgekeur.

**Reg. GH15.2 Kurrikulum**

**(a) Deel I**

VKG701 Oordraagbare en nie-oordraagbare gesondheidsverwante toestande
VKG702 Administrasie-/bestuursteorie en gedragswetenskappe
VKG703 Teorie van epidemiologie, biostatistiek en demografie

**Assessering:** Een drie uur vraestel in elk van VKG701, 702 en 703. Die assessering vir Deel I mag nie voor die einde van die eerste jaar van opleiding afgelê word nie.

**(b) Deel II**

VKG704 - Gemeenskapsgesondheid

(i) Administrasie/bestuur van gesondheidsdienste
(ii) Sistematiese- en ingrypingsepidemiologie
(iii) Omgewingsgesondheid

**Assessering:** Die eerste deel van die assessering sal bestaan uit een drie uur vraestel oor elk van die bogenoemde onderwerpe (i), (ii) en (iii). Die tweede deel van die assessering sal ‘n praktiese assessering wees gebaseer op die aanbeveling van die Hoof van die Departement.

Nadat 'n student in Deel I geslaag het, moet minstens 12 maande verloop voordat hy/sy hom/haar vir Deel II van die assessering aanmeld. Hierdie assessering mag egter nie voor die einde van die derde jaar van opleiding afgelê word nie.

Die formele assessering van die Kollege van Publieke Gesondheid Medisyne (SA) kan as ‘n alternatiewe assessering vir die eerste deel van assessering van VKG704 gebruik word op voorwaarde dat die student aan die vereistes/regulasies soos uiteengesit deur die Kollege van Publieke Gesondheid Medisyne (SA), voldoen. Hierdie assessering mag nie gedoen word indien die sesmaandelikse verslae aandui dat die student nog nie gereed is nie en nie voor die einde van die derde jaar van opleiding nie. Die tweede deel van die assessering vir VKG704 sal nog steeds uitgevoer word soos in die regulasies beskryf word.

**(c) Skripsie**

VKG705 - Skripsie

Alvorens die graad aan 'n student toegeken word, moet 'n aanvaarbare skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp voorgelê word.

Die skripsie kan enige tyd nadat twee jaar van die student se opleidingstydperk voltooi is, voorgelê word **mits** die student in 'n goedgekeurde kliniese assistentpos aangestel en vir die MMED graad aan hierdie Universiteit geregistreer is.

Twee eksterne eksaminators sal deur die Hoof van die Departement Gemeenskapsgesondheid vir die assessering van die skripsie aangewys word

VKG705 moet egter eers voltooi en geslaag word alvorens die student hom/haar vir die assessering in VKG704 kan aanmeld.

**Reg. GH15.3 Duur van Graadprogram**

Die opleiding strek oor vier jaar (voltyds).

**<u>LET WEL</u>:**
Praktiese opleiding en dienslewering vind op 'n roterende basis plaas by verskeie gesondheidsdienslewerende instansies en by verskeie gesondheidsdienssituasies soos deur die Hoof van die Departement bepaal sal word.

**Reg. GH15.4 Slaagvereistes**

Hierdie kwalifikasie, wat kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, wet 56 van 1974, registreerbaar is, kan aan 'n student toegeken word nadat die student:

(a) Vir 'n tydperk van minstens vier jaar 'n voltydse opleidingspos beklee het en die toepaslike onderrig en praktiese opleiding ontvang het;
(b) Die voorgeskrewe assessering vir Deel I en Deel II geslaag het, en
(c) Die voorgeskrewe skripsie geslaag het.

**Reg. GH15.5 Erkenning**

(a) Moontlike erkenning, geheel of gedeeltelik, op grond van vergelykbare opleiding en ervaring wat in 'n ander erkende inrigting opgedoen is, kan deur die Universiteit verleen word ten opsigte van die opleiding en werk genoem in Reg. GH16.3 en GH16.4. Die maksimum toelaatbare tydperk van vrystelling is 24 maande.
(b) Erkenning van die modules van Deel I kan op aanbeveling van die departementshoof deur die Fakulteitsraad op aanbeveling van die Hoof van die Skool vir Geneeskunde toegestaan word, nadat die departementshoof hom-/haarself vergewis het dat die student 'n gelykwaardige assessering, by 'n instansie wat deur die Universiteit erken word, geslaag het, voordat hy/sy vir die M.Med. (G.G.)-graad aan hierdie Universiteit geregistreer het.

**Reg. GH15.6 Herassessering**

Verdere eksaminering kan na ses maande toegelaat word na goedkeuring deur die Fakulteitsraad op aanbeveling van die Hoof van die Skool vir Geneeskunde.

**REGULASIES VIR DIE MAGISTER IN MEDIESE KLINIESE WETENSKAPPE IN TRANSFUSIEGENEESKUNDE** **180 Krediete**
**M.M. Clin. Sc. (Transfusiegeneeskunde)** **Studie kode 8790**

## Reg. GH16: REGULASIES VIR DIE MAGISTER IN MEDIESE KLINIESE WETENSKAPPE IN TRANSFUSIEGENEESKUNDE

### Reg. GH16.1: Toelatingsvereistes

Studente mag vir die graad M.M. Clin. Sc. (Transfusiegeneeskunde) inskryf indien hy/sy:

a) Voldoen aan beide die vereistes van die Algemene Regulasies vir Meestersgrade en die regulasies van die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe;
b) In besit is van die Baccalaureusgraad in Geneeskunde en Baccalaureusgraad in Chirurgie of gelykwaardige graad;
c) In besit is van die Nagraadse Diploma in Transfusiegeneeskunde of gelykwaardige kwalifikasie; en
d) Geregistreer is by die Suid-Afrikaanse Gesondheidsberoeperaad as ‘n Onafhanklike mediese praktisyn of die gelykwaardige registrasie vir die land van oorsprong.

Toelating is onderhewig aan keuring.

Dit is verpligtend vir kandidate om toegang te hê tot internet en e-posfasiliteite.

Indien nodig kan van ‘n student vereis word om bykomende modules, soos van toepassing op die studieveld, as geleentheidstudie te slaag.

### Reg. GH16.2: Duur van die program

Die program strek oor 'n minimum tydperk van twee jaar.

### Reg. GH16.3: Kurrikulum

Verhandeling TMO700

### Reg. GH16.4: Assessering

a) Die navorsingsprotokol sal deur ‘n evalueringskomitee van die Fakulteit geëvalueer word.
b) Die titel van die verhandeling sal slegs op aanbeveling van die Dagbestuur aan die Fakulteitsraad voorgelê word.
c) Die verhandeling sal by afhandeling en op aanbeveling van die studieleier(s) ekstern geëksamineer word.

### Reg. GH16.5 Slaag vereistes

Sien Algemene Regulasies.

### Reg. GH16.6 Herevaluering

Sien Algemene Regulasies.

## Reg. GH17 REGULASIES VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR

Die Algemene Regulasies ten opsigte van doktorsgrade is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie Fakulteit.

Om toegelaat te word om vir die graad Ph.D. te registreer, moet 'n student voldoen aan die bepalings van die Algemene Regulasies en in besit wees van die toepaslike Magistergraad van die betrokke departement of enige ander kwalifikasie wat deur die Senaat as toereikend beskou word.

Die Ph.D.-graad kan in die volgende rigtings verwerf word:

Anatomie en Selmorfologie, Anatomiese Patologie, Anestesiologie, Biostatistiek, Geneeskundige Fisika, Chemiese Patologie, Chirurgie, Dermatologie, Diagnostiese Radiologie, Farmakologie (Analities/Klinies), Fisiologie, Gemeenskapsgesondheid, Geregtelike Geneeskunde, Hematologie en Selbiologie, Huisartskunde, Interne Geneeskunde, Kardiologie, Kardiotorakschirurgie, Kerngeneeskunde, Kliniese Radiobiologie/Onkoterapie, Kritieke Sorg, Mediese Mikrobiologie / Mediese Virologie, Mensmolekulêre Biologie, Neurochirurgie, Neurologie, Obstetrie en Ginekologie, Oftalmologie, Ortopediese Chirurgie, Otorinolaringologie, Pediatrie, Plastiese Chirurgie, Psigiatrie, Radiografiese Wetenskappe, Stralingsonkologie, Urologie

<u>Modulekode: 901</u>

Die modulekode van die dissipline waarvoor geregistreer word, bestaan uit die afkorting van die dissiplinegebied, tesame met die kode 901.

Kyk Reg. GH6

## DOKTOR IN DIE GENEESKUNDE ±360 Krediete
## M.D. Studiekode 8900

### Reg. GH18 REGULASIES VIR DIE GRAAD DOKTOR IN DIE GENEESKUNDE

### Reg. GH18.1 Toelatingsvereistes

'n Student moet aan sowel die bepalinge van die Algemene Regulasies vir Doktorsgrade as aan die spesiale regulasies van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.

Die graad Doctor in die Geneeskunde kan in die volgende vertakkings van die Geneeskunde verwerf word:

Anatomie en Selmorfologie, Anatomiese Patologie / Anatomiese Patologie met Elektronmikroskopie, Anestesiologie, Chemiese Patologie, Chirurgie, Dermatologie, Diagnostiese Radiologie, Farmakologie (Analities/Klinies), Fisiologie, Gemeenskapsgesondheid, Geregtelike Geneeskunde, Hematologie en Selbiologie, Huisartskunde, Interne Geneeskunde, Radiologie, Kerngeneeskunde, Mediese Mikrobiologie / Mediese Virologie, Neurochirurgie, Neurologie, Obstetrie en Ginekologie, Oftalmologie, Ortopediese Chirurgie, Otorinolaringologie, Pediatrie, Plastiese Chirurgie, Psigiatrie, Stralingsonkologie, Urologie

Modulekode: 900

Die modulekode van die dissipline waarvoor geregistreer word, bestaan uit die afkorting van die dissiplinegebied, tesame met die kode 900.

**Opmerkings**

(a) 'n Fakulteitskomitee sal die voorgestelde projek assesseer. Die titel van die proefskrif sal slegs op aanbeveling van die komitee aan die Fakulteitsraad voorgelê word.
(b) Na voltooiing van die praktiese gedeelte van die navorsing, of op 'n tydstip deur die promotor bepaal, moet die student sy navorsingsresultate aan die Komitee voorlê en verantwoord. Die Komitee se aanbeveling sal as riglyne vir die promotor en die student dien.

## DOCTOR SCIENTIAE 360 Krediete
## D.Sc. Studiekode 8940

### Reg. GH19 REGULASIES VIR DIE GRAAD DOCTOR SCIENTIAE

Die graad D.Sc. kan toegeken word aan ‘n gedoktoreerde wat oor ‘n aansienlike tydperk omvangryke publikasies van besondere gehalte op sy/haar dissiplinegebied gelewer het.

Modulekode: 900

Die modulekode van die dissipline waarvoor geregistreer word, bestaan uit die afkorting van die dissiplinegebied, tesame met die kode 900.

Vir meer besonderhede kyk JAARBOEK ALGEMEEN (Nagraadse grade en diplomas).

**Reg. GH20** **REGULASIES VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN ENDOKRINOLOGIE**

**Reg. GH20.1** **Toelatingsvereistes**

M.Med. (Interne Geneeskunde) of L.K.I. (S.A.)

**Reg. GH20.2** **Duur van program**

Twee jaar voltyds.

**Reg. GH20.3** **Kliniese Ondervinding**

Alvorens die Nagr. Dipl. Endokrinologie aan ‘n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oortuig dat hy/sy:

(i) Vir ‘n tydperk van twee jaar ‘n toepaslike opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat beklee het;
(ii) Toepaslike teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het soos opgeteken in ‘n gespesifiseerde logboek;
(iii) Toepaslike ondervinding in navorsing opgedoen het waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie; en
(iv) Vir die voorgeskrewe tydperk as student aan die Universiteit geregistreer was.

**Reg. GH20.4** **Kurrikulum**

Die beginsels en die praktyk van Kliniese Endokrinologie word behandel.
Jaar 1: Gevorderde Endokrinologie AEI501
Jaar 2: Gevorderde Endokrinologie AEI502

**Reg. GH20.5** **Assessering**

(i) Die assessering kan in Junie of November afgelê word.
(ii) Die assessering sal bestaan uit ‘n teoretiese en praktiese komponent.
(iii) ‘n Sub-minimum van 50% moet in die teorie behaal word en die praktiese komponent van die assessering moet geslaag word alvorens die student kan slaag.
(iv) ‘n Student slaag met lof indien ‘n assesseringpunt van minstens 75% behaal word.

**Reg. GH21** **REGULASIES VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN GASTROËNTEROLOGIE**

**Reg. GH21.1** **Toelatingsvereistes**

M.Med. (Interne Geneeskunde) of L.K.I. (S.A.)

**Reg. GH21.2** **Duur van program**

Twee jaar voltyds.

**Reg. GH21.3** **Kliniese Ondervinding**

Alvorens die Nagr. Dipl. Gastroënterologie aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oortuig dat hy/sy:

(i) Vir 'n tydperk van twee jaar 'n toepaslike opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat beklee het;
(ii) Toepaslike teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het soos opgeteken in 'n gespesifiseerde logboek;
(iii) Toepaslike ondervinding in navorsing opgedoen het waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie; en
(iv) Vir die voorgeskrewe tydperk as student aan die Universiteit geregistreer was.

**Reg. GH21.4** **Kurrikulum**

Die beginsels en die praktyk van Kliniese Gastroënterologie word behandel.
Jaar 1: Gevorderde Gastroënterologie AVG501
Jaar 2: Gevorderde Gastroënterologie AVG502

**Reg. GH21.5** **Assessering**

i) Die assessering kan in Junie of November afgelê word.
ii) Die assessering sal bestaan uit 'n teoretiese en praktiese komponent.
iii) 'n Sub-minimum van 50% moet in die teorie behaal word en die praktiese komponent van die assessering moet geslaag word alvorens die student kan slaag.
iv) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringpunt van minstens 75% behaal word.

## Reg. GH22 REGULASIES VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN GERIATRIESE GENEESKUNDE

### Reg. GH22.1 Toelatingsvereistes

M.Med. (Interne Geneeskunde) of L.K.I. (S.A.)

### Reg. GH22.2 Duur van program

Twee jaar voltyds.

### Reg. GH22.3 Kliniese Ondervinding

Alvorens die Nagr. Dipl. Geriatriese Geneeskunde aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oortuig dat hy/sy:

(i) Vir 'n tydperk van twee jaar 'n toepaslike opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat beklee het;
(ii) Toepaslike teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het soos opgeteken in 'n gespesifiseerde logboek;
(iii) Toepaslike ondervinding in navorsing opgedoen het waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie; en
(iv) Vir die voorgeskrewe tydperk as student aan die Universiteit geregistreer was.

### Reg. GH22.4 Kurrikulum

Die beginsels en die praktyk van Kliniese Geriatrie word behandel.
Jaar 1: Gevorderde Geriatriese Geneeskunde AGI501
Jaar 2: Gevorderde Geriatriese Geneeskunde AGI502

### Reg. GH22.5 Assessering

i) Die assessering kan in Junie of November afgelê word.
ii) Die assessering sal bestaan uit 'n teoretiese en praktiese komponent.
iii) 'n Sub-minimum van 50% moet in die teorie behaal word en die praktiese komponent van die assessering moet geslaag word alvorens die student kan slaag.
iv) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringpunt van minstens 75% behaal word.

**Reg. GH23 REGULASIES VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN NEFROLOGIE**

**Reg. GH23.1 Toelatingsvereistes**

M.Med. (Interne Geneeskunde) of L.K.I. (S.A.)

**Reg. GH23.2 Duur van program**

Twee jaar voltyds.

**Reg. GH23.3 Kliniese Ondervinding**

Alvorens die Nagr. Dipl. Nefrologie aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oortuig dat hy/sy:

(i) Vir 'n tydperk van twee jaar 'n toepaslike opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat beklee het;
(ii) Toepaslike teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het soos opgeteken in 'n gespesifiseerde logboek;
(iii) Toepaslike ondervinding in navorsing opgedoen het waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie; en
(iv) Vir die voorgeskrewe tydperk as student aan die Universiteit geregistreer was.

**Reg. GH23.4 Kurrikulum**

Die beginsels en die praktyk van Kliniese Nefrologie word behandel.
Jaar 1: Gevorderde Nefrologie ANI501
Jaar 2: Gevorderde Nefrologie ANI502

**Reg. GH23.5 Assessering**

(i) Die assessering kan in Junie of November afgelê word.
(ii) Die assessering sal bestaan uit 'n teoretiese en praktiese komponent.
(iii) 'n Sub-minimum van 50% moet in die teorie behaal word en die praktiese komponent van die assessering moet geslaag word alvorens die student kan slaag.
(iv) 'n Student slaag met lof indien 'n assesseringpunt van minstens 75% behaal word.

**Reg. GH24 REGULASIES VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN PULMONOLOGIE**

**Reg. GH24.1 Toelatingsvereistes**

M.Med. (Interne Geneeskunde) of L.K.I. (S.A.)

**Reg. GH24.2 Duur van program**

Twee jaar voltyds.

**Reg. GH24.3 Kliniese Ondervinding**

Alvorens die Nagr. Dipl. Pulmonologie aan ‘n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oortuig dat hy/sy:

(i) Vir ‘n tydperk van twee jaar ‘n toepaslike opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat beklee het;
(ii) Toepaslike teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het soos opgeteken in ‘n gespesifiseerde logboek;
(iii) Toepaslike ondervinding in navorsing opgedoen het waarvan die resultate voorberei moet word vir publikasie; en
(iv) Vir die voorgeskrewe tydperk as student aan die Universiteit geregistreer was.

**Reg. GH24.4 Kurrikulum**

Die beginsels en die praktyk van Kliniese Pulmonologie word behandel.
Jaar 1: Gevorderde Pulmonologie API501
Jaar 2: Gevorderde Pulmonologie API502

**Reg. GH24.5 Assessering**

(i) Die assessering kan in Junie of November afgelê word.
(ii) Die assessering sal bestaan uit ‘n teoretiese en praktiese komponent.
(iii) ‘n Sub-minimum van 50% moet in die teorie behaal word en die praktiese komponent van die assessering moet geslaag word alvorens die student kan slaag.
(iv) ‘n Student slaag met lof indien ‘n assesseringpunt van minstens 75% behaal word.

**Reg. GH25 REGULASIES VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN KLINIESE HEMATOLOGIE**

**Reg. GH25.1 Toelatingsvereistes**

Alvorens 'n student vir die Diploma mag inskryf, moet hy/sy voldoen aan een van die volgende vereistes:

(a) Die studente wat as pediaters geregistreer is by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA): M.Med.(Paed) of ekwivalente kwalifikasie.
(b) Die studente wat as interniste geregistreer is by die GBRSA: M.Med.(Int) of ekwivalente kwalifikasie.
(c) Die studente wat as hematologiese patoloë geregistreer is by die GBRSA: M.Med.(Hemat) of ekwivalente kwalifikasie.

**Reg. GH25.2 Duur van program**

Twee jaar voltyds.

**Reg. GH25.3 Kliniese Ondervinding**

Alvorens die Nagr. Dipl. Kliniese Hematologie aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oortuig dat hy/sy:

(i) Vir 'n tydperk van twee jaar 'n toepaslike opleidingspos aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat of ander inrigting wat deur die Universiteit as gelykwaardig erken word, beklee het;
(ii) Teoretiese, praktiese en kliniese onderrig ontvang het;
(iii) Vir die voorgeskrewe tydperk as student aan die Universiteit geregistreer was; en
(iv) Met welslae die voorgeskrewe Universiteitassessering – skriftelik, mondeling, prakties en/of klinies – afgelê het.

**Opmerkings**

(a) Slegs 'n pos waaraan 'n senior kliniese assistentnommer gekoppel is, word deur die GBRSA erken.
(b) Die tydperk van opleiding word bereken van die dag van registrasie as student by die Universiteit. Indien 'n student egter gedurende die voorgeskrewe registrasietydperk van die Universiteit registreer, kan sodanige registrasie as geldig vanaf 1 Januarie beskou word.

**Reg. GH25.4 Kurrikulum**

**Kliniese Hematologie CHS501** (vir die studente wat as pediaters of interniste gekwalifiseer is):

(a) Pediaters sal konsentreer op pediatriese hematologiese toestande en interniste op volwasse hematologiese toestande.
(b) Alle aspekte van laboratoriumhematologie en laboratoriumbestuur word gedek.

**Kliniese Hematologie CHS502** (vir die studente wat as hematologiese patoloë gekwalifiseer is):

(a) Die studente kan kies om te konsentreer op volwasse of pediatriese kliniese hematologie.
(b) Alle aspekte van kliniese hematologie word gedek.

**Reg. GH25.5 Assessering**

(i) Die assessering kan in Junie of November geskryf word.
(ii) Studente moet die kantoor van die Assistent Direkteur: Fakulteitsadministrasie jaarliks voor 1 April of 1 Augustus skriftelik in kennis stel van hulle voorneme om aan die Junie- of November-assessering deel te neem.
(iii) Die assessering sal skriftelike, praktiese (net vir pediaters en interniste), kliniese en mondelinge assessering behels.

**Reg. GH25.6 Slaag met lof**

‘n Studente slaag met lof indien ‘n assesseringpunt van minstens 75% behaal word.

**Reg. GH25.7 Herassessering**

‘n Diplomastudent mag nie weer geëksamineer word voordat minstens ses maande verloop het na die assessering waarin hy/sy gedruip het nie.

**Reg. GH25.8 Verlenging**

‘n Student wat nie die Diploma-assessering aan die einde van die studietydperk geslaag het nie, sal toegelaat word om sy/haar betrekking as senior kliniese assistent normaalweg vir ‘n tydperk van ses maande te behou of soos die hoof van die departement mag bepaal.

**Reg. GH25.9 Toekenning van die diploma**

Die diploma word toegeken aan die einde van die opleidingstydperk.

**Toeligting**

Die betrokke departemente stel hulle sillabusse so op dat die Diplomastudent (senior kliniese assistent) onder toesig gelei word om met toenemende vertroue en verantwoordelikheid die laboratorium- en kliniese aspekte van pasiënte met hematologiese toestande in die opleidingsinrigting te hanteer.

## Reg. GH26 REGULASIES VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN ALGEMENE INTERVENSIONELE RADIOLOGIE

'n Student moet aan sowel die bepalings van die Algemene Regulasies vir nagraadse diplomas as aan die Regulasies van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.

### Reg. GH26.1 Toelatingsvereistes

Alvorens ‘n student vir ‘n Nagraadse Diploma in Algemene Intervensionele Radiologie mag inskryf, moet hy/sy:

(a) In besit wees van die graad M.Med. (Diagnostiese Radiologie) of gelykwaardige Diagnostiese Radiologie kwalifikasie, of toegelaat wees tot die status van M.Med.Rad. op aanbeveling van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe; en
(b) Aangestel wees in ‘n Departement Radiologie by ‘n geakkrediteerde opleidingshospitaal wat oor die geskikte fasiliteite beskik.

Opmerking:

Slegs ‘n beperkte aantal studente kan jaarliks per studierigting toegelaat word.

### Reg. GH26.2 Duur van program

Die program, wat voltyds aangebied word, strek oor twee semesters.

### Reg. GH26.3 Kurrikulum

Eerste semester:

| | |
|---|---|
| UID501 | Uro-Intervensie, Dreinasie en Biopsie |
| IUD501 | Endovaskulêre intervensie 1 |

Tweede semester:

| | |
|---|---|
| IUD502 | Endovaskulêre intervensie 2 |
| GII502 | Gastro-intestinale intervensie |

### Reg. GH26.4 Assessering

Een drie uur vraestel per semester
Mondeling – tweede semester
Logboek – tweede semester

### Reg. GH26.5 Slaagvereistes

Kyk Algemene Regulasies.

**Reg. GH27 REGULASIES VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN GENEESKUNDIGE FISIKA**

Die regulasies met betrekking tot Nagraadse Diplomas is met die nodige aanpassings op die Fakulteit Gesondheidswetenskappe van toepassing. Hierdie regulasies is vervat in die Algemene Jaarboek (Nagraadse grade en diplomas). Dit is die student of voornemende student se verantwoordelikheid om vertroud te raak met hierdie regulasies.

**Reg. GH27.1: Toelatingsvereistes**

Die minimum toelatingsvereiste is 'n B.Med.Sc. (Hons) (Geneeskundige Fisika) of gelykwaardige kwalifikasie met 'n toepaslike samestelling. Studente sal aan keuring onderwerp word. Bykomende inligting is vervat in die Keuringsbeleiddokument. Studente moet by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika registreer as intern mediese fisici.

**Reg. GH27.2: Toelatingsvereistes vir studente van ander universiteite**

Regulasies AD2 en AD6 vir Nagraadse Grade en Diplomas is van toepassing. Studente sal slegs toegelaat word om vir die leerprogram in te skryf na voorlegging van 'n sillabus en krediete van elke module wat geslaag is. Die departement wat die program aanbied, sal hierdie modules evalueer. Die departement behou die reg voor om te vereis dat sodanige student 'n toelatingseksamen slaag.

**Reg. GH27.3: Duur van kursus**

'n Minimum van twee studiejare word vereis vir die voltooiing van die diploma.

**Reg. GH27.4: Kurrikulum**

| Module | | Krediete |
|---|---|---|
| GFD510 | Geneeskundige Fisika vir Radioterapie I | 64 |
| GFD520 | Geneeskundige Fisika vir Radioterapie II | 64 |
| GFD530 | Geneeskundige Fisika vir Diagnostiese Radiologie | 64 |
| GFD540 | Geneeskundige Fisika vir Kerngeneeskunde | 64 |

**Toeligting**

- Sekere modules kan by buite instansies aangebied word.
- Hierdie diploma voldoen aan die vereistes vir praktiese opleiding (internskap) wat deur die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika vir registrasie as geneeskundige fisikus - onafhanklike praktyk - voorgeskryf word.

**Reg. GH27.5: Assessering**

‘n Finale modulepunt word in elke module verwerf deur middel van ‘n skriftelike verslag, mondelinge evaluering en ander take soos in die modulehandleiding uiteengesit.

**Reg. GH27.6: Slaag met lof**

Die diploma word met onderskeiding toegeken as:
(i) 'n Algehele gemiddelde syfer van 75% behaal word.
(ii) Die diploma binne die minimum voorgeskrewe periode van twee jaar behaal word.

**Reg. GH27.7: Slaagvereistes**

Die Algemene Regulasie is van toepassing.

**NAGRAADSE DIPLOMA IN KLINIESE FARMAKOLOGIE — 128 Krediete**
**Nagr.Dipl.Klin.Farmakol. — Studiekode 8212**

**Reg. GH28 REGULASIES VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN KLINIESE FARMAKOLOGIE**

**Reg. GH28.1 Toelatingsvereistes**

M.B.Ch.B. of B.Pharm.

**Reg. GH28.2 Duur van program**

Een jaar (voltyds), twee jaar (deeltyds)

**Reg. GH28.3 Kurrikulum**

(a) Take (Kliniese Farmakologie en Kliniese Toksikologie)
(b) Gevallestudies
(c) Tesis/dissertasie

Semester 1 : Gevorderde Kliniese Farmakologie ACH501
Semester 2 : Gevorderde Kliniese Farmakologie ACH502

Elke student sal onder die leiding van 'n personeellid 'n kliniese farmakologie-navorsingsprojek voorstel en onderneem. Die navorsingsprojek, verkieslik oorspronklik, maar nie noodwendig so nie, kan onderneem word ten opsigte van enige aspek van kliniese farmakologie soos wat deur die Hoof van die Departement aanbeveel sal word.

**Reg. GH28.4 Assessering**

Assessering vind plaas deur deurlopende assessering waardeur die finale punt bepaal sal word deur die verhouding van punte wat behaal is deur progressiewe eksamens en punte vir 'n voltooide navorsingsprojek behaal. Die gemiddelde bydrae tot die finale punt is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| (a) | ACH501: Take in Kliniese Farmakologie en Kliniese Toksikologie: twee toetse van twee uur elk en eksamen van 'n drie uur vraestel: | 50% |
| (b) | ACH502: Gevallestudies ('n gemiddelde aantal van vyf gevallestudies): | 20% |
| (c) | ACH502: Voordragte/tesis | 30% |
| | Puntetotaal: | 100% |

**Reg. GH28.5 Vereistes om te slaag**

Kyk Algemene Regulasies.

**Reg. GH29: REGULASIES VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN TRANSFUSIEGENEESKUNDE**

**Reg. GH29.1: Toelatingsvereistes**

Alvorens 'n student vir die Diploma mag registreer, moet hy/sy in besit wees van die Baccalaureusgraad in Geneeskunde en Baccalaureusgraad in Chirurgie of ekwivalente graad. Kandidate moet ook geregistreer wees by die Suid-Afrikaanse Gesondheidsberoeperaad as 'n Onafhanklike mediese praktisyn.

Dit is verpligtend vir kandidate om toegang te hê tot internet en e-posfasiliteite.

Indien daar meer as 50 aansoeke is, sal voorkeur gegee word aan kandidate van Suid-Afrika en kandidate wat aktief transfusiegeneeskunde as deel van hul daaglikse dagtaak beoefen.

**Reg. GH29.2: Duur van die program**

Die program strek oor twee jaar en word slegs deeltyds aangebied.

**Reg. GH29.3: Kurrikulum**

**Deel I**
TMO504 Organisasie en bestuur van 'n transfusiediens (16 Krediete)
TMP504 Beginsels van bloed prosessering en fraksionering (16 Krediete)
TMA504 Toediening van bloedprodukte (16 Krediete)

**Deel II**
TMC509 Kliniese toepassing van bloedprodukte (36 Krediete)
TMT505 Komplikasies van transfusie (20 Krediete)
TMD504 Ontwikkelings in transfusiegeneeskunde (16 Krediete)

Die module sal aangebied word in Engels, maar geskrewe en mondelinge eksamens asook opdragte kan in Afrikaans of Engels geskied. Alle elektroniese kommunikasie sal in Engels geskied.

**Reg. GH29.4: Assessering**

'n Skriftelike evaluering sal in elke afsonderlike module afgelê word. Toelating tot die assessering sal onderhewig wees aan bywoning van kontaksessie en deelname aan die elektroniese sessies. 'n Mondelinge evaluasie sal aan die einde van die kursus afgeneem word. 'n Sub-minimum van 50% moet behaal word in die assessering alvorens die leerder kan slaag. 'n Leerder slaag met lof indien 'n assesseringpunt van minstens 75% behaal word. Sien Algemene Regulasies vir slaagvereistes.

**Reg. GH29.5: Herassessering**

Studente kan ooreenkomstig die bepalings van die Algemene Regulasies tot herevaluering toegelaat word. Verdere eksaminering kan toegelaat word na goedkeuring deur die Dekaan en op aanbeveling van die Hoof van die Departement.

---

**GEVORDERDE DIPLOMA IN RADIOGRAFIE (DIAGNOSTIES) 160 Krediete**
**G.Dipl. Radiografie (Diagnosties) Graadkode 8203**

---

**Reg. GH30: REGULASIES VIR DIE GEVORDERDE DIPLOMA IN RADIOGRAFIE (DIAGNOSTIES)**

‘n Student moet aan sowel die bepalings van die Algemene Regulasies vir gevorderde diplomas as aan die regulasies van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe voldoen.

**Reg. GH30.1: Toelatingsvereistes**

Alvorens ‘n student vir die G.Dipl. Radiografie mag inskryf, moet hy/sy:

(a) In besit wees van ten minste ‘n driejaar-B.Rad.-graad of gelykwaardige kwalifikasie; of
(b) Toegelaat wees tot die status van die driejaar-B.Rad.-graad op aanbeveling van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe;
(c) Aangestel wees as Diagnostiese Radiograaf by ‘n geakkrediteerde opleidingshospitaal wat oor die geskikte fasiliteite beskik;
(d) As Diagnostiese Radiograaf by die GBRSA geregistreer wees.

Opmerking:

Slegs ‘n beperkte aantal studente kan jaarliks per studierigting toegelaat word.

**Reg. GH30.2: Duur van program**

Die program strek oor twee semesters en word voltyds aangebied.

**Reg. GH30.3: Vakrigtings**

Die vakrigtings waarin die Gevorderde Diploma in Diagnostiese Radiologie verwerf kan word, is soos volg: Mammografie, Rekenaar-Tomografie, Magnetiese Resonans en Vaskulêr/Intervensioneel.

**Reg. GH30.4: Kurrikulum**

Eerste semester

| | |
|---|---|
| APS501 | Toegepaste Fisika |
| RAR501 | Radiografiese Anatomie/Fisiologie/Patologie |

Tweede semester

| | |
|---|---|
| RTR502 | Radiografiese Praktyk |
| PCR502 | Kliniese Radiografiese Praktyk |

**Reg. GH30.5:** **Assessering**

Assessering vind soos volg plaas:
2 x 2 uur vraestel per semester
Mondeling tweede semester
Navorsingsprojek tweede semester

**Slaagvereistes**

Kyk Algemene Regulasies.

**GEVORDERDE UNIVERSITEITSDIPLOMA IN BEROEPSGESONDHEID 240 Krediete**
**G.D.B.G. Studiekode 8220**

**Reg. GH31 REGULASIES VIR DIE GEVORDERDE UNIVERSITEITSDIPLOMA IN BEROEPSGESONDHEID**

**Reg. GH31.1 Toelatingsvereistes**

Alvorens 'n student hom/haar vir die Diploma mag inskryf, moet hy/sy vir minstens twee jaar in besit wees van ‘n Baccalaureusgraad in Medisyne en Baccalaureusgraad in Chirurgie of ekwivalente graad en moet hy/sy ook as Mediese Praktisyn, Kategorie Onafhanklike Praktyk, by die Suid-Afrikaanse Gesondheidsberoeperaad (SAGBR) geregistreer wees.

Addisionele vereistes vir buitelandse mediese praktisyns ingesluit mediese praktisyns van die Suider Afrikaanse Ontwikkelende Gemeenskap vir die registrasie as studente vir hierdie diploma kursus is:

Mediese praktisyns sal vir nagraadse studies by die Suid Afrikaanse Gesondheidsberoeperaad moet registreer soos uitgespel deur die Suid Afrikaanse Gesondheidsberoeperaad en die Wet op Gesondheidsberoepe van 1974 (WET 56 van 1974)

Dit is verpligtend vir kandidate om toegang te hê tot internet en e-pos fasiliteite.

Voorkeur sal gegee word aan mediese praktisyns wat in die Vrystaat werk asook kandidate wat reeds werksaam is in Beroepsgesondheid.

**Reg. GH31.2 Duur van program**

Die program strek oor twee jaar en word slegs deeltyds aangebied.

**Reg. GH31.3 Kurrikulum**

**Deel I**
(i) DBG501 Beroepsgesondheidsadministrasie Deel I
(ii) DBG502 Kliniese Beroepsgesondheid en Toksikologie Deel I
(iii) DBG503 Beroepsepidemiologie en Biostatistiek Deel I

**Deel II**
(i) DBG504 Beroepsgesondheidsadministrasie Deel II

(ii) DBG505 Kliniese Beroepsgesondheid en Toksikologie Deel II
(iii) DBG506 Beroepsepidemiologie en Biostatistiek Deel II

Die module sal aangebied word in Engels, maar geskrewe en mondelinge assessering asook ander werksopdragte kan in Afrikaans of Engels geskied. Alle elektroniese kommunikasie sal in Engels geskied. Addisionele inligting sal verskaf word in die riglyn dokument vir elke module.

**Reg. GH31.4 Assessering**

'n Skriftelike assessering moet in elke afsonderlike module, soos gespesifiseer, afgelê word. ‘n Mondelinge assessering sal aan die einde van die program afgeneem word. Toelating tot die assessering sal onderhewig wees aan die Algemene Regulasies rakende nagraadse diplomas en gevorderde universitêre diplomas van die Universiteit sowel as die bywoning van die kontaksessies en deelname aan elektroniese sessies. ’n Student sal met lof slaag indien hy/sy 75% of meer in al die assesserings in elke individuele module behaal het. Sien Algemene Regulasies (Gevorderde en Nagraadse Kwalifikasies) vir slaagvereistes.

**Reg. GH31.5 Herassessering**

Studente kan ooreenkomstig die bepalings van die Algemene Regulasies tot herassessering toegelaat word. Verdere assessering kan na ses maande toegelaat word na goedkeuring deur die Hoof van die Skool op aanbeveling van die Hoof van die Departement.

## Reg. GH32 REGULASIES VIR DIE GEVORDERDE UNIVERSITEITSDIPLOMA IN GEMEENSKAPSGESONDHEID

### Reg. GH32.1 Toelatingsvereistes

Alvorens 'n student vir die Diploma mag inskryf, moet hy vir minstens twee jaar in besit wees van ‘n professionele kwalifikasie op B-vlak of gelykwaardig, in een van die volgende professionele rigtings: Geneeskunde, Verpleging of Omgewingsgesondheid. Voorts moet hy/sy by die toepaslike beroepsraad as geneesheer, verpleegkundige of omgewingsgesondheidsbeampte geregistreer wees.

### Reg. GH32.2 Duur van program

Die program strek oor twee jaar en word slegs deeltyds aangebied.

### Reg. GH32.3 Kurrikulum

**Deel I**
(i) GGK603 Mikrobiologie (Assesseringmodule)
(ii) GGK608 Parasitologie en Entomologie (Assesseringmodule)
(iii) GGK609 Voedsel en water (insluitend siektetoestande, higiëne en voedselwetenskap) (Assesseringmodule)

**Deel II**
(i) GGK601 Epidemiologie en Mediese Statistiek (Assesseringmodule)
(ii) GGK607 Gesondheidsadministrasie met inbegrip van basiese finansiële bestuur, rekeningkunde en bedryfsekonomie (Assessering-module)
(iii) GGK605 Gesondheidswetgewing (Assesseringmodule)
(iv) GGK606 Omvattende gesondheidsorg (Assesseringmodule)
(v) GGK602 Omgewingsgesondheidsorg (Assesseringmodule)

### Reg. GH32.4 Assessering

'n Skriftelike assessering moet in elke afsonderlike assesseringmodule afgelê word. Toelating tot die assessering sal onderhewig wees aan die bywoning van die kontaksessies. ‘n Mondelinge assessering sal aan die einde van die module afgeneem word. ‘n Navorsingsverslag/-projek moet ook voltooi wees as deel van die assesseringproses. 'n Student slaag met lof indien hy/sy 75% of hoër in die assessering in elke afsonderlike module behaal. Kyk Algemene Regulasie vir slaagvereistes.

### Reg. GH32.5 Herassessering

Studente kan ooreenkomstig die bepalings van die Algemene Regulasies tot herassessering toegelaat word. Verdere eksaminering kan na ses maande toegelaat word na goedkeuring deur die Dekaan op aanbeveling van die hoof van die Departement.

### Reg. GH32.6 Erkenning van modules na verkryging van 'n diploma aan hierdie Universiteit

Erkenning van sekere modules wat reeds vir 'n ander diploma geslaag is kan aan 'n student verleen word, met dien verstande dat:

(a) 'n Maksimum van die helfte van die modules erken mag word; en
(b) Die student vir minstens een akademiese jaar vir die nuwe diploma geregistreer moet wees.

**GEVORDERDE UNIVERSITEITSDIPLOMA IN GESONDHEIDSDIENSBESTUUR 240 Krediete**
**G.D.G.B. Studiekode 8240**

## Reg. GH33 REGULASIES VIR DIE GEVORDERDE UNIVERSITEITSDIPLOMA IN GESONDHEIDSDIENSBESTUUR

### Reg. GH33.1 Toelatingsvereistes

Alvorens 'n student vir die Diploma mag inskryf, moet hy/sy vir minstens twee jaar in besit wees van ‘n professionele kwalifikasie op Baccalaureusvlak of gelykwaardig, in ‘n spesifieke gesondheidspesialiteit en moet hy/sy by die toepaslike beroepsraad (waar van toepassing) geregistreer wees. Hy/sy moet in ‘n gesondheidsorganisasie/-instansie aangestel wees.

### Reg. GH33.2 Duur van program

Die program strek oor twee jaar en word slegs deeltyds aangebied.

### Reg. GH33.3 Kurrikulum

**Deel I**
(i) HSM501 Konsepte in Gesondheidsorg
(ii) HSM502 Beginsels van Bestuur
(iii) HSM503 Gesondheidsorg Beplanning
(iv) HSM504 Epidemiologie en Biostatistiek

**Deel II**
(i) HSM505 Gesondheidsprogram en Gespesialiseerde Dienste
(ii) HSM506 Menslike Hulpbron Bestuur
(iii) HSM507 Bestuur van Hulpbronne
(iv) HSM508 Kwaliteitsversekering

### Reg. GH33.4 Assessering

'n Skriftelike assessering moet in elke afsonderlike module soos gespesifiseer, afgelê word. ‘n Mondelinge assessering sal aan die einde van die module afgeneem word. Toelating tot die assessering sal onderhewig wees aan die bywoning van die kontaksessies. ‘n Navorsingsverslag/-projek moet ook voltooi wees as deel van die assesseringproses. 'n Student slaag met lof indien hy/sy 75% of hoër in die assessering in elke afsonderlike module behaal. Kyk Algemene Regulasie vir slaagvereistes.

**Reg. GH33.5 Herassessering**

Studente kan ooreenkomstig die bepalings van die Algemene Regulasies tot herassessering toegelaat word. Verdere assessering kan na ses maande toegelaat word na goedkeuring deur die Hoof van die Skool op aanbeveling van die Hoof van die Departement.

**Reg. GH33.6 Erkenning van modules na verkryging van 'n sertifikaat of diploma aan ‘n erkende universiteit/tersiêre instansie**

Erkenning van sekere modules wat reeds vir 'n ander sertifikaat/diploma geslaag is, kan aan 'n student verleen word, met dien verstande dat:

(a) 'n Maksimum van die helfte van die modules erken mag word; en
(b) Die student vir minstens een akademiese jaar vir die nuwe diploma geregistreer moet wees.

## MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE IN VERPLEEGKUNDE
**M.Soc.Sc. (Verpleegkunde) Verhandeling** **Studiekode 2720**
**M.Soc.Sc. (Verpleegkunde) Gedoseerd** **Studiekode 2721**

### INLEIDING

Die M.Soc.Sc. graad in Verpleegkunde kan behaal word óf deur 'n verhandeling óf deur gedoseerde werk Die verhandelingsmeestersgraad bestaan uit 'n navorsingsverhandeling terwyl die gedoseerde graad uit fundamentele, elektiewe en kernmodules bestaan.

### Reg. GH34.1 Toelatingsvereistes

'n Baccalaureusgraad in Verpleegkunde word vereis en kandidate moet ook bewys lewer van twee registrasies by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging, terwyl buitelandse kandidate bewys moet lewer van registrasie by 'n erkende liggaam in hul land van oorsprong. Buitelandse kandidate moet ook oor tydelike registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging beskik.

Voorvereistes is op opsie A en B van toepassing (kyk Regulasie GH32.4).

### Reg. GH34.2 Erkenning van vorige leer

Vorige leer word erken:
- Voorlegging van 'n portefeulje; en/of
- Toetse; en/of
- Eksamens; en/of
- Kliniese vaardigheidstoetse; en/of
- Objektief gestruktureerde kliniese evaluering.

### Reg. GH34.3 Duur van die Program

Die program strek oor ten minste twee akademiese jare.
Reg. GH32.4 Leerprogram (kurrikulum) (248 krediete)

**Die M.Soc.Sc. (Verpleegkunde) kan op die basis van die volgende verwerf word:**

(A) 'n Verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp wat deur die Fakulteitsraad onderskryf is. Die module Gevorderde Navorsingsmetodologie in Verpleegkunde (VRT702) is 'n voorvereiste vir VRT700 (kyk tabel 1). Studente moet vir VRT702 (20 krediete) registreer en dit met ten minste 65% slaag voordat hulle met VRT700 kan voortgaan.

**TABEL 1: Leerprogram vir die Magister Societatis Scientiae in Verpleegkunde (verhandeling)**

| MODULE | Module | Krediete |
|---|---|---|
| Verhandeling in Verpleegkunde | VRT700 | 228 |

**OF**

(B) Voltooiing van die vereiste leerinhoud vir die M.Soc.Sc. (Verpleegkunde) -graad (tabel 2) in ‘n gespesifiseerde keuserigting.

‘n Gemiddelde punt van ten minste 60% gedurende voorgraadse studies is ‘n voorvereiste vir hierdie keuse, tensy anders deur die Hoof van die Skool besluit.

**TABEL 2: Gedoseerde werk**

| **FUNDAMENTELE MODULES** | **Module** | **Krediete** |
|---|---|---|
| Navorsingsmetodologie in Verpleegkunde (verpligtend)<br>Verpleegdinamika (verpligtend) | VRT702<br>VRT711 | 20<br>8 |
| **ELEKTIEWE MODULES** | **Module** | **Krediete** |
| Skripsie in Verpleegkunde | RES792 | 32 |
| OF | | |
| Een navorsingsartikel vir publikasie goedgekeur in ‘n geakkrediteerde tydskrif | ART792 | 32 |
| OF | | |
| Vier opstelle oor Verpleegkundige navorsing | ESS792 | 32 |

**KERNMODULES**

Kandidate moet een van onderstaande gespesialiseerde rigtings in Verpleegkunde kies:

| **Kritiekesorg-verpleegkunde** | **Module** | **Krediete** |
|---|---|---|
| Fisiologie vir intensiewesorg-verpleegkundiges | FFB702 | 20 |
| Kritiekesorg-verpleegkunde | KSV 116 | 24 |
| Kritiekesorg-verpleegkunde | KSV 126 | 24 |
| Kritiekesorg-verpleegkunde (navorsing) | VRT 758 | 20 |
| Kritiekesorg-verpleegkunde praktika (60% navorsing) | VRP717 | 100 |

| **Gemeenskapsverpleegkunde** | **Module** | **Krediete** |
|---|---|---|
| Primêre Kliniese Gesondheidsorg-verpleegkunde | PKG716 | 24 |
| Primêre Kliniese Gesondheidsorg-verpleegkunde | PKG726 | 24 |
| Gemeenskapsverpleegkunde | VRT714 | 20 |
| Gemeenskapsverpleegkunde | VRT724 | 20 |
| Gemeenskapsverpleegkunde (navorsing) | VRT734 | 20 |
| Gemeenskapsverpleegkunde praktika (60% navorsing) | VRP721 | 80 |

| **Verloskunde en neonatologie** | **Module** | **Krediete** |
|---|---|---|
| Fisiologie vir verloskunde en neonatale verpleegkunde | FFB703 | 20 |
| Verloskunde en neonatale verpleegkunde | GVV116 | 24 |
| Verloskunde en neonatale verpleegkunde | VNV126 | 24 |
| Verloskunde en neonatale verpleegkunde (navorsing) | VRT735 | 20 |
| Verloskunde en neonatale verpleegkunde praktika (60% navorsing) | VRP722 | 100 |

| Psigiatriese verpleegkunde | Module | Krediete |
|---|---|---|
| Fisiologie vir psigiatriese verpleegkunde | FFB704 | 20 |
| Psigiatriese verpleegkunde | VRT716 | 24 |
| Psigiatriese verpleegkunde | VRT726 | 24 |
| Psigiatriese verpleegkunde (navorsing) | VRT736 | 20 |
| Psigiatriese verpleegkunde praktika (60% navorsing) | VRP723 | 100 |

| Kinderverpleegkunde | Module | Krediete |
|---|---|---|
| Fisiologie capita selecta | FFB705 | 20 |
| Kinderverpleegkunde | KDV116 | 24 |
| Kinderverpleegkunde | KDV126 | 24 |
| Kinderverpleegkunde (navorsing) | VRT737 | 20 |
| Kinderverpleegkunde praktika (60% navorsing) | VRP724 | 100 |

| Ortopediese verpleegkunde | Module | Krediete |
|---|---|---|
| Fisiologie capita selecta | FFB706 | 20 |
| Ortopediese verpleegkunde | OTV116 | 24 |
| Ortopediese verpleegkunde | OTV126 | 24 |
| Ortopediese verpleegkunde (navorsing) | VRT738 | 20 |
| Ortopediese verpleegkunde praktika (60% navorsing) | VRP725 | 100 |

| Gerontologiese verpleegkunde | Module | Krediete |
|---|---|---|
| Fisiologie capita selecta | FFB707 | 20 |
| Gerontologiese verpleegkunde | GEV116 | 24 |
| Gerontologiese verpleegkunde | GEV126 | 24 |
| Gerontologiese verpleegkunde (navorsing) | VRT739 | 20 |
| Gerontologiese verpleegkunde praktika (60% navorsing) | VRP726 | 100 |

| Kinderpsigiatriese verpleegkunde | Module | Krediete |
|---|---|---|
| Fisiologie vir kinderpsigiatriese verpleegkunde | FFB708 | 20 |
| Kinderpsigiatriese verpleegkunde | KPV116 | 24 |
| Kinderpsigiatriese verpleegkunde | KPV126 | 24 |
| Kinderpsigiatriese verpleegkunde (navorsing) | VRT759 | 20 |
| Kinderpsigiatriese verpleegkunde praktika (60% navorsing) | VRP727 | 100 |

| Primêre Kliniese Gesondheidsorg-verpleegkunde | Module | Krediete |
|---|---|---|
| Verloskunde en Neonatale verpleegkunde | GVV116 | 24 |
| Verloskunde en Neonatale verpleegkunde | VNV126 | 24 |
| Verloskunde en Neonatale verpleegkunde praktika (40% navorsing) | VRP729 | 20 |
| Primêre Kliniese Gesondheidsorg Verpleegkunde | PKG716 | 24 |
| Primêre Kliniese Gesondheidsorg Verpleegkunde | PKG726 | 24 |
| Primêre Kliniese Gesondheidsorg Verpleegkunde (navorsing) | VRT760 | 20 |
| Primêre Kliniese Gesondheidsorg Verpleegkunde | VRP730 | 52 |

| | | |
|---|---|---|
| Praktika (60% navorsing) | | |

**Alle relevante Anatomie, Mikrobiologie en Farmakologie sal in die kernmodules van die spesialiteitsrigting geïntegreer word.**

**Reg. GH34.5 Kliniese praktika**

Alle fasette van die kliniese praktika, insluitend die omvang daarvan en die rooster, word deur die Hoof van die Skool vir Verpleegkunde vasgestel.

Verpleegkundige praktika moet uitgevoer word in kliniese instellings wat deur die S.A. Raad op Verpleging geakkrediteer is.

**Reg. GH34.6 Uittrede**

Uittrede na voltooiing van die 188 krediete van die kernmodules is moontlik uit Leerprogram B. Registrasie in die spesialiteitsrigting word deur die S.A. Raad op Verpleging toegeken. Die minimum duur is twee semesters.

**Reg. GH34.7 Aanbieding van kliniese spesialiteitsrigtings**

Die Skool vir Verpleegkunde behou die reg voor om sekere kliniese spesialiteitsrigtings vir ‘n beperkte tydperk op te skort indien daar ‘n tekort aan personeel met gespesialiseerde vaardighede is.

Die Skool vir Verpleegkunde mag opsies oorweeg om die aantal spesialiteitsrigtings uit te brei volgens gesondheidsorg behoeftes en die beskikbaarheid van personeel en infrastruktuur.

**Reg. GH34.8 Eksamen**

**OPSIE A**

Om die verhandeling te slaag geld die vereistes soos in algemene regulasie A92 aangedui.

**OPSIE B**

(a) Die eksamen bestaan uit ‘n drie uur geskrewe vraestel vir elke teoretiese module.

(b) ‘n Skripsie oor ‘n spesifieke onderwerp

OF

Een navorsingsartikel vir publikasie goedgekeur in ‘n geakkrediteerde tydskrif

OF

Vier navorsingsopstelle.

Die skripsie, navorsingsopstelle of die goedgekeurde navorsingsartikel moet nie later nie as ses maande na die finale geskrewe eksamen ingehandig word, tensy die Dekaan uitstel toegestaan het.

Die berekening van die totale punt vir Opsie B is soos volg:

- Die gesamentlike gemiddelde punt vir VRT702 en RES792, ART792 OF ESS792 sal 40% van die totale punt tel.
- Die gesamentlike gemiddelde punt van al die ander modules sal 60% van die totale punt tel.

| | |
|---|---|
| VRT711 | 10% |
| KSV 116, 714, 716, GVV116, KDV116, OTV116, GEV116, KPV116, NGV116, PKG116 | 10% |
| KSV 126, 724, 726, VNV126, KDV126, OTV126, GEV126, KPV126 NGV126, PKG126 | 10% |
| VRT 758, 734, 735, 736, 737, 738, 739, 759,760 | 10% |
| FFB702, 703,704, 705, 706, 707, 708, NEV115, NEV125, VRP729 | 10% |
| VRP717, 721, 722, 723, 724, 725, 726, 727, 730 | 10% |

Alle modules moet afsonderlik geslaag word.

**Reg. GH34.9 Graad met lof**

Kyk algemene regulasie A93.

***Leerinhoude***

Modules en temas, eksamenvraestelle en krediete word in tabel 3 beskryf.

**TABEL 3: Modules, eenhede, eksamenvraestelle en krediete**

| MODULES EN EKSAMENVRAESTELLE | Eenhede | Krediete |
|---|---|---|
| Kritiekesorg-verpleegkunde (een drie uur vraestel) | 1. Fundamentele kritiekesorg (12)<br>2. Respiratoriese kritiekesorg (6)<br>3. Kardiovaskulêre kritiekesorg (6) | 24 |
| Kritiekesorg-verpleegkunde (een drie uur vraestel) | 1. Neurologiese en neuro-chirurgiese kritiekesorg (12)<br>2. Nefro-endokrinologiese kritiesesorg (6)<br>3. Chirurgiese kritiekesorg (6) | 24 |
| Kritiekesorg-verpleegkunde (een drie uur vraestel) | 1. Kritiekesorgbestuur (4)<br>2. Etiek in kritiekesorg (2)<br>3. Wetgewing en wettige aspekte in kritiekesorg (2)<br>4. Nuwe navorsingsontwikkelinge in kritiekesorg (10)<br>5. Onderrig en ontwikkeling in kritiekesorg (2) | 20 |

| MODULES EN EKSAMENVRAESTELLE | Eenhede | Krediete |
|---|---|---|
| Gemeenskapsverpleegkunde<br>(een drie uur vraestel) | 1. Gesondheidsorgsisteme (4)<br>2. Gemeenskapsverpleegkunde (12)<br>3. Bestuur van gesondheidsorgsisteme (4) | 20 |
| Gemeenskapsverpleegkunde | 1. Gesondheidsorgmodelle (4)<br>2. Individuele, gesins- en gemeenskapspatologie (12)<br>3. Gespesialiseerde verpleegsorg (4) | 20 |
| Gemeenskapsverpleegkunde<br>(een drie uur vraestel) | 1. Navorsingsmodaliteite in gemeenskapsverpleegkunde | 20 |
| Gerontologiese verpleegkunde<br>(een drie uur vraestel) | 1. Demografie van die bejaarde bevolking en die verouderings-proses (8)<br>2. Psigososiale aspekte van die verouderingsproses (4)<br>3. Geriatriese verplegingsvaardighede (8) | 20 |
| Gerontologiese verpleegkunde<br>(een drie uur vraestel) | 1. Gerontologiese dienste in SA en elders (4)<br>2. Rehabilitasie en tuisversorging, voeding (8)<br>3. Etiologie van geriatriese ongesteldhede, diagnostiese en behandelings-metodes (12) | 24 |
| Gerontologiese verpleegkunde<br>(een drie uur vraestel) | 1. Navorsingsmodaliteite by gerontologiese verpleegkunde | 20 |
| Psigiatriese verpleegkunde<br>(een drie uur vraestel) | 1. Psigiatriese ongesteldhede volgens 'n erkende internasionale klassifikasiestelsel (12)<br>2. Farmakoterapeutiese beginsels (4)<br>3. Berading en krisis (4)<br>4. Individuele psigoterapie (4) | 24 |
| Psigiatriese verpleegkunde<br>(een drie-uur vraestel) | 1. Terapeutiese benadering tot groepe (4)<br>2. Gesinsterapie (8)<br>3. Gemeenskapspsigiatrie en konsultasie (4)<br>4. Kinderpsigiatriese verpleegkunde (8) | 24 |
| Psigiatriese verpleegkunde (20 krediete)<br>(een drie uur vraestel) | 1. Navorsingsmodaliteite in psigiatriese verpleegkunde | 20 |
| Gevorderde verloskunde en neonatale verpleegkunde<br>(een drie uur vraestel) | 1. Voorplantingsgesondheidsorg (8)<br>2. Normale swangerskap, baring, | 24 |

| MODULES EN EKSAMENVRAESTELLE | Eenhede | Krediete |
|---|---|---|
| | puerperium en die neonaat (16) | |
| Gevorderde verloskunde en neonatale verpleegkunde (een drie uur vraestel) | 1. Hoë risiko verloskunde (20)<br>2. Neonatologie (4) | 24 |
| Gevorderde verloskunde en neonatale verpleegkunde (een drie uur vraestel) | 1. Navorsingsmodaliteite in gevorderde verloskunde en neonatologie | 20 |
| Kinderpsigiatriese verpleegkunde (een drie uur vraestel) | 1. Algemene psigiatriese ongesteldhede by kinders (8)<br>2. Genetika en kinderpsigiatriese ongesteldhede (12)<br>3. Psigiatriese beraming van kinders en hul gesinne, toepaslike persoonlikheidsontwikkelings-teorieë (4) | 24 |
| Kinderpsigiatriese verpleegkunde (een drie uur vraestel) | 1. Behandelingsmodaliteite | 24 |
| Kinderpsigiatriese verpleegkunde (een drie uur vraestel) | 1. Navorsingsmodaliteite in kinder-psigiatriese verpleegkunde | 20 |
| Ortopediese verpleegkunde (een drie uur vraestel) | 1. Rumatoïede siektes (8)<br>2. Tuberkulose: beeninfeksies, beennekrose (4)<br>3. Metaboliese en endokriene stoornisse met betrekking tot ortopediese vraagstukke (4)<br>4. Disfasie: tumors, amputasies, neuro-vaskulêre siektes, perifere vaskulêre siektes (4)<br>5. Ortopediese verpleegvaardighede (4) | 24 |
| Ortopediese verpleegkunde (een drie uur vraestel) | 1. Ortopediese siektes van die verskillende liggaamsdele (8)<br>2. Trauma en ortopediese verpleegkunde (12)<br>3. Beserings van die onderste en boonste ledemate, nek en rug (4) | 24 |
| Ortopediese verpleegkunde (een drie uur vraestel) | 1. Navorsingsmodaliteite in ortopediese verpleegkunde | 20 |
| Kinderverpleegkunde (een drie uur vraestel) | 1. Algemene ontwikkeling van die kind. Die ontwikkeling, funksie en patofisiologie van die liggaamsdele van die kind (16)<br>2. Beraming van die gesondheid-status van die kind. Handhawing van die gesondheid van die kind (4) | 24 |

| MODULES EN EKSAMENVRAESTELLE | Eenhede | Krediete |
|---|---|---|
| | 3. Ontwikkelingsprobleme en hantering (4) | |
| Kinderverpleegkunde<br>(een drie-uur vraestel) | 1. Kinderverpleegkunde tydens kort- en langtermyn hospitalisasie (20)<br>2. Gemeenskapskinderverpleeg-kunde (4) | 24 |
| Kinderverpleegkunde | 1. Navorsingsmodaliteite in Kinderverpleegkunde | 20 |
| Primêre Kliniese Gesondheidsorg-verpleegkunde<br>(een drie uur vraestel) | 1. Sifting, beginsels van kliniese diagnoses en behandeling (8)<br>2. Oorsake, patologie, diagnose en behandeling/verwysing sowel as voorkoming en rehabilitasie van algemene siektes (alle ouderdomsgroepe). (16)<br>3. Wetgewing | 24 |
| Primêre Kliniese Gesondheidsorg-verpleegkunde<br>(een drie uur vraestel) | 1. Oorsake, patologie., diagnose en behandeling/verwysing sowel as voorkoming van algemene siektes (alle ouderdomsgroepe) (16)<br>2. Primêre moeder- en kindersorg (4)<br>3. Noodbehandeling (4) | 24 |
| Primêre Kliniese Gesondheidsorgverpleegkunde<br>(een drie uur vraestel) | 1. Navorsingsmodaliteite in Primêre Gesondheidsorgverpleegkunde | 20 |

## PHILOSOPHIAE DOCTOR
**Ph.D.** **Studiekode 8960**

### Reg GH35 REGULASIES VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR

Die Algemene Regulasies ten opsigte van doktorsgrade is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie Fakulteit.

Om toegelaat te word om vir die graad Ph.D. te registreer, moet 'n student voldoen aan die bepalings van die Algemene Regulasies en in besit wees van die toepaslike Magistergraad van die betrokke departement of enige ander kwalifikasie wat deur die Senaat as toereikend beskou word.

Studente word gekeur vir hierdie program.

## DOCTOR SOCIETATIS SCIENTIAE
**D.Soc.Sc.** **Studiekode 2900**

### Reg. GH36 REGULASIES VIR DIE GRAAD DOCTOR SOCIETATIS SCIENTIAE

Die graad D.Soc.Sc. kan toegeken word aan ‘n gedoktoreerde wat oor ‘n aansienlike tydperk omvangryke publikasies van besondere gehalte op sy/haar dissiplinegebied gelewer het.

Vir meer besonderhede kyk Algemene Jaarboek (Nagraadse grade en diplomas).

## Reg. GH37 REGULASIE VIR BACCALAUREUS IN GEVORDERDE VERPLEEGKUNDE

### Reg. GH37.1 Inligting

Die Baccalaureus in Gevorderde Verpleegkunde is deel van die na-basiese program en word saamgestel uit fundamentele, kern- en elektiewe modules. 'n Keuse tussen nie-kliniese en kliniese spesialisasierigtings kan gemaak word. Spesialisasierigtings bestaan uit 'n teoretiese en praktiese komponent. Professionele registrasies kan ook met uittredes verwerf word (kyk tabel 2). 'n Totaal van 360 krediete moet verwerf word alvorens die graad toegeken kan word.

### Reg. GH37.2 Registrasie op nasionale kwalifikasie raamwerk

Nasionale Kwalifikasie Raamwerk Vlak: 7 vir graad.

Nasionale Standaard Veld: 09 Gesondheidswetenskappe en Welsynsdienste .

### Reg. GH37.3 Toelatingsvereistes en keuring

(i) Voornemende studente moet voor 30 September van elke jaar op die voorgeskrewe vorm by die programdirekteur aansoek doen om tot 'n spesialiteitsarea toegelaat te word.

(ii) 'n Generiese graad of diploma in Verpleegkunde word vereis. Studente moet ook as algemene verpleegkundiges by die SA Raad op Verpleging of 'n ander erkende raad as algemene verpleegkundige geregistreer wees.

(iii) Die Skool vir Verpleegkunde behou die reg voor om inligting te vra of te bekom om sodoende te bepaal of studente voor toelating of tydens opleiding fisiek en psigies voldoende toegerus is om aan die eise van die program te voldoen, en pas in hierdie verband ook keuring toe.

(iv) Indien 'n verpleegkundige wel 'n registrasie by die SA Raad op Verpleging vir hierdie kwalifikasie wil bekom, moet bewys van opbetaalde registrasie as Algemene Verpleegkundige by die SA Raad op Verpleging getoon word.

(v) *Kinderpsigiatriese Verpleegkunde*
Met die keuse van Kinderpsigiatriese Verpleegkunde as spesialisasierigting, moet die student oor 'n na-basiese of basiese kwalifikasie in Psigiatriese Verpleegkunde beskik en by die SA Raad op Verpleging of 'n ander erkende raad as psigiatriese verpleegkundige geregistreer wees.

(vi) *Gevorderde Verloskunde en Neonatologie*
Met die keuse van Gevorderde Verloskunde en Neonatologie as spesialisasierigting, moet die student oor 'n basiese of na-basiese kwalifikasie in verloskunde beskik, en by die SA Raad op Verpleging of 'n ander erkende raad as verloskundige geregistreer wees.

Om vir modules in hierdie spesialisasiearea te kan registreer moet voornemende studente 'n oriëntasieprogram wat deur die Skool vir Verpleegkunde goedgekeur is, deurloop en 'n toelatingstoets aflê waarvoor 'n gemiddeld van 50% vereis word. As alternatief kan 'n student slegs die toelatingstoets waarvoor 'n gemiddeld van 50% vereis word, aflê.

(vii) *Trauma en Noodverpleegkunde*
Voornemende studente moet 'n toelatingstoets aflê waarvoor 'n gemiddeld van 50% vereis word en moet gesertifiseerde bewys lewer van 900 uur per jaar praktykervaring binne die afgelope twee jaar, in die spesialiteitsarea waarvoor toelating versoek word.

Trauma en Noodverpleegkunde I (TAV116) is 'n voorvereiste om vir Trauma en Noodverpleegkunde II (TAV126) te kan registreer.

(viii) *Operasiesaal-verpleegkunde*
Voornemende studente moet 'n vaardigheidstoets aflê of 'n geldige bewys lewer dat hulle oor sekere sleutelvaardighede beskik en moet gesertifiseerde bewys lewer van 900 uur per jaar praktykervaring binne die afgelope twee jaar, in die spesialiteitsarea waarvoor toelating versoek word.

(ix) *Verpleegonderwys*
Voornemende studente moet 'n subminimum van 60% vir 'n vorige hoër onderwys verpleegkunde kwalifikasie behaal het.

Voornemende studente wat reeds verpleegonderwysposte beklee sal na aanleiding van statutêre vereistes voorkeur geniet.

x) *Kritieke sorg verpleegkunde*
Voornemende studente moet 'n toelatingstoets aflê waarvoor 'n gemiddeld van 50% vereis word en moet gesertifiseerde bewys lewer van 900 uur per jaar praktykervaring binne die afgelope twee jaar, in die spesialiteitsarea waarvoor toelating versoek word.

(xi) *Primêre Kliniese Gesondheidsorg*
Voornemende studente moet oor 'n kwalifikasie in Gemeenskapsverpleegkunde beskik vir toelating tot registrasie in Primêre Kliniese Gesondheidsorg.

(xii) *Gesondheidsorgbestuur*
Voornemende studente moet gesertifiseerde bewys lewer van 900 uur per jaar praktykervaring binne die afgelope twee jaar, in die spesialiteitsarea waarvoor toelating versoek word.

**Reg. GH37.4 Hertoelating en stuiting van student**

UV Regulasie A36 is van toepassing.

(i) Studente wat na die minimum tydsduur vir die betrokke kwalifikasie plus twee jaar, gereken vanaf datum van eerste registrasie vir die betrokke kwalifikasie, nog nie die kwalifikasie behaal het nie, mag slegs met toestemming van die Dekaan toegelaat word om die studie te voltooi.

(ii) Studente mag ook nie meer as twee keer vir dieselfde module registreer nie, behalwe met toestemming van die Dekaan.

(iii) Indien ‘n student erkenning vir vorige leer ontvang, geskied die berekening van die tydsduur op dieselfde beginsels soos in (i).

**Reg. GH37.5 Slaagvereistes**

(i) Die slaagsyfer vir 'n module is 50%.

(ii) 'n Modulesyfer word deur middel van formatiewe assessering verwerf, en behels 50% van die finale slaagsyfer.

(iii) Die kliniese kernmodules bestaan uit Verpleegkunde (Teorie) en Verpleegkunde (Prakties) en moet afsonderlik geslaag word.

(iv) Alhoewel alle demonstrasies en verpligte pasiënt kontakgeleenthede bygewoon moet word, word spesiale reëlings getref wanneer 'n student dit om aanvaarbare redes nie kan bywoon nie.

(v) Promovering vind nie in Verpleegkunde se kern-, fundamentele en elektiewe modules plaas nie.

(vi) Slaagvereistes vir praktika is 50%.

(vii) ‘n Subminimum van 50% vir praktika geld in die eksamen.

(viii) Indien ‘n OSKE (objektief gestruktureerde kliniese assessering) -eksamen afgelê word, moet ‘n subminimum van 40% per OSKE-stasie behaal word.

**Reg. GH37.6 Verpleegkunde praktika**

Alle fasette van die praktika met inbegrip van die omvang en rooster, word deur die Hoof van die Skool vir Verpleegkunde gereël.

Verpleegkunde praktika moet in geakkrediteerde kliniese fasiliteite deurloop word.

**Reg. GH37.7 Graad met lof**

Die Baccalaureus in Gevorderde Verpleegkunde word met lof toegeken indien:

(i) In al die Verpleegkunde modules 'n gesamentlike gemiddelde syfer van 75% behaal word;

(ii) In enige 10 resterende modules 'n gesamentlike gemiddelde syfer van minstens 70% behaal word; en

(iii) 'n Minimum van vier modules per studiejaar geslaag is.

**Reg. GH37.8 Vrystelling en erkenning van modules en temas van modules**

Erkenning van modules wat ooreenstem met modules in hierdie graadprogram word gegee op voorwaarde dat die aantal krediete waarvan die student erkenning verkry nie die helfte (180 krediete) van die graad se saamgestelde krediete oorskry nie.

Vrystelling van 'n tema van 'n module soos uiteengesit in die leerprogram (kurrikulum) kan gegee word, nadat die student aan die assesseringsvereistes van erkenning van vorige leer voldoen het. Die punt van die oorblywende temas wat verwerf word, word na 'n persentasie verwerk.

In Tabel 1 is modules van die volgende Gevorderde Universiteitsdiplomas wat vanaf 1994 tot 1999 deur die Skool vir Verpleegkunde aangebied is en wat nou aan modules in die B. In Gevorderde Verpleegkunde gelykgestel word.

Gevorderde Universiteitsdiploma in Verpleegadministrasie (GDVA)
Gevorderde Universiteitsdiploma in Verpleegonderrig (GDVO)
Gevorderde Universiteitsdiploma in Kliniese Verpleegkunde (GDKV), met spesialiteitskurrikulums Verloskunde en Neonatale Verpleegkunde, Kinderpsigiatriese verpleegkunde en Gemeenskapsverpleegkunde.

**TABEL 1: Gelykstellingsmodules in die B. in Gevorderde Verpleegkunde en die Gevorderde Universiteitsdiplomas**

| **B. in Gevorderde Verpleegkunde** | | **Vorige modules (gev. diploma)** | |
|---|---|---|---|
| Sosiologie | SOS164 | Sosiologie | SOS165 |
| Professionele Praktyk | PPV120 | Etos en professionele praktyk | VRT529 |
| Opvoedkundige Sielkunde | OSV110 | Opvoedkundige Sielkunde | OPV105 |
| Verpleegonderrig I | VOV110 | Verpleegonderrig | VPO115 |
| Verpleegonderrig II | VOV120 | Verpleegonderrig | VPO125 |
| Verpleegonderrig prakties | OVP100 | Verpleegonderrig prakties | VPP100 |
| Gesondheidsorgbestuur I | GSB110 | Verpleegadministrasie | VRA115/125 |
| Gesondheidsorgbestuur II | GSB120 | Verpleegadministrasie | VRA225 |
| Gesondheidsorgbestuur prakties | GBP100 | Verpleegadministrasie prakties | VAP100 |
| Verpleegonderrigbestuur | OBV110 | Verpleegonderrigbestuur | VRA115/125 |
| Gevorderde Verloskunde | GVV110/ VNV120 | Gevorderde Verloskunde | VRT513/514 |
| Gevorderde Verloskunde praktika | GVP100 | Gevorderde Verloskunde praktika | VRP500 |
| Navorsing | REV110 | Navorsing | NAV110 |
| Gemeenskapsverpleeg-kunde | GMV110/ 120 | Gemeenskapsverpleegkunde | VRT517/527 |
| Gemeenskapsverpleeg-kunde praktika | GMP100 | Gemeenskapsverpleegkunde praktika | VRP502 |
| Kinderpsigiatriese Verpleegkunde | KPV110/ 120 | Kinderpsigiatriese Verpleegkunde | VRT515/525 |
| Kinderpsigiatriese Verpleegkunde praktika | KPP100 | Kinderpsigiatriese Verpleegkunde praktika | VRP501 |

Studente wat reeds die GDVA, GDKV en/of GDVO behaal het en tans vir die B. In Gevorderde Verpleegkunde geregistreer het, ontvang dus 120 krediete.

Erkenning van modules wat in ander graad/diploma programme geslaag is, word gegee.

## Reg. GH37.9 Erkenning van vorige leer

Vorige leer word erken deur:

Portefeuljevoorleggings;
Toetse; en/of
Eksamens; en/of
Kliniese vaardigheidstoetse; en/of
Objektiewe gestruktureerde kliniese evaluasie (OGKE).

## Reg. GH37.10 Verwerwing van graad

Met die voltooiing van 360 krediete word die **Baccalaureus in Gevorderde Verpleegkunde** en twee of drie professionele registrasies by die SA Raad op Verpleging verwerf. Die minimum duur is ses semesters.

As vrystelling gegee word en/of vorige leer erken word kan ‘n graad in minder as ses semesters verwerf word, maar nie in minder as 4 semesters nie.

- Studente wat 360 krediete verwerf het, moet skriftelik voor die eerste Vrydag in Desember in die jaar wat die module gevolg word, die Skool vir Verpleegkunde (Programdirekteur, Na-basies) in kennis stel dat hulle uit die program tree. Studente wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie, sal nie hul graad op die April-gradeplegtigheid ontvang nie.

- Indien ‘n student uit die graadprogram tree en later weer toetree, word vorige krediete behou.

- Studente wat uit die B. in Gevorderde Verpleegkunde tree, kan aansoek doen by die Suid Afrikaanse Raad op Verpleging vir professionele registrasie(s) in spesialiteitsrigtings wat voltooi is.

**TABEL 2: Spesialiteitsrigtings en professionele registrasies met uittrede**

| SPESIALITEITSRIGTING | PROFESSIONELE REGISTRASIES | KREDIETE |
|---|---|---|
| Basiese Verloskunde | Verloskunde | 120 |
| Beroepsgesondheidsverpleegkunde | Beroepsgesondheidsver-pleegkunde | 136 |
| Forensiese Verpleegkunde | | 120 |
| Gemeenskapsverpleegkunde | Gemeenskapsverpleeg-kunde | 120 |
| Gerontologiese Verpleegkunde | Gerontologiese Verpleegkunde | 120 |
| Gesondheidsorgbestuur | Gesondheidsorgbestuur | 124 |
| Gevorderde Verloskunde en Neonatologie | Na-basiese kwalifikasie in Verloskunde en Neonatologie | 120 |
| Kinderpsigiatriese Verpleegkunde | Kinderpsigiatriese Verpleegkunde | 120 |
| Kinderverpleegkunde | Kindergesondheidsorg (Pediatriese Verpleging) | 120 |
| Kritiekesorg-verpleegkunde (algemeen) | Kritiekesorg-verpleegkunde (algemeen) | 120 |
| Mediese en Chirurgiese Verpleegkunde | Mediese Chirurgiese Verpleegkunde | 120 |
| MIV- en VIGS-gesondheidsorg | | 128 |
| Operasiesaal-Verpleegkunde (Algemeen) | Operasiesaal-Verpleegkunde (algemeen) | 120 |
| Ortopediese Verpleegkunde | Ortopediese Verpleegkunde | 120 |
| Primêre Kliniese Gesondheidsorg | Primêre Kliniese Gesondheidsorg | 120 |
| Psigiatriese Verpleegkunde | Psigiatriese Verpleegkunde | 120 |
| Trauma- en Noodverpleegkunde | Trauma- en Noodver-pleegkunde | 120 |
| Verpleegonderrig | Verpleegonderrig | 128 |

### Reg. GH37.11 Aanbieding van modules

Die Skool vir Verpleegkunde behou die reg voor om, wanneer gespesialiseerde personeel beperk is, enkele modules vir 'n beperkte tydperk nie aan te bied nie.

Die Skool vir Verpleegkunde kan opsies oorweeg om die aantal modules volgens gesondheidsorgbehoeftes en die beskikbaarheid van personeel en infrastruktuur uit te brei.

Weens beperkte kliniese leergeleenthede in die praktyk kan ‘n beperking op studentegetalle in alle spesialisasierigtings geplaas word.

**Reg. GH37.12 Leerprogram (kurrikulum)**

Die leerprogram vir die graad bestaan uit 'n **keuse van drie** uit die 20 spesialisasierigtings, en word uit fundamentele, kern- en elektiewe modules saamgestel.

Die modulesamestelling van al die akademiese jare word in oorleg met die Hoof van die Skool vir Verpleegkunde gedoen.

**Reg. GH37.12.1 Fundamentele en kernmodules in die verskeie spesialisasierigtings van die leerprogram word in Tabel 3 aangedui.**

**TABEL 3: Leerprogramme vir Spesialisasierigtings**

**VERPLEEGONDERRIG**

| **Fundamentele modules** | **Kode** | **Krediete** |
|---|---|---|
| Etos en professionele praktyk van verpleging | PPV122 | 8 |
| Gesondheidsorg en die reg | GRV123 | 12 |
| Navorsing | REV114 | 16 |
| Opvoedkundige sielkunde | OSV114 | 16 |
| Inleiding tot MIV- en VIGS-gesondheidsorg | IVV112 | 8 |
| **Kernmodules** | **Kode** | **Krediete** |
| Verpleegonderrig | VOV116 | 24 |
| Verpleegonderrig | VOV126 | 24 |
| Verpleegonderrig prakties | OVP105 | 20 |

**GESONDHEIDSORGBESTUUR**

| **Fundamentele modules** | **Kode** | **Krediete** |
|---|---|---|
| Etos en professionele praktyk van verpleging | PPV122 | 8 |
| Gesondheidsorg en die reg | GRV123 | 12 |
| Sosiologie | SOS164 | 16 |
| Inleiding tot MIV- en VIGS-gesondheidsorg | IVV112 | 8 |
| **Kernmodules** | **Kode** | **Krediete** |
| Gesondheidsorgbestuur | GSB113 | 12 |
| Gesondheidsorgbestuur | GSB126 | 24 |
| Gesondheidsorgbestuur | GSB136 | 24 |
| Gesondheidsorgbestuur prakties | GBP105 | 20 |

**BEROEPSGESONDHEIDSVERPLEEGKUNDE**

| **Fundamentele modules** | **Kode** | **Krediete** |
|---|---|---|
| Professionele praktyk | PPV122 | 8 |
| Gesondheidsorg en die reg | GRV123 | 12 |
| Sosiologie | SOS164 | 16 |
| Farmakologie | FAV113 | 12 |
| Gesondheidsorgbestuur | GSB113 | 12 |
| Inleiding tot MIV- en VIGS-gesondheidsorg | IVV112 | 8 |
| **Kernmodules** | **Kode** | **Krediete** |
| Beroepsgesondheidsverpleegkunde | NGV116 | 24 |
| Beroepsgesondheidsverpleegkunde | NGV126 | 24 |
| Beroepsgesondheidsverpleegkunde prakties | NGP105 | 20 |

## MIV- EN VIGS-GESONDHEIDSORG

| Kernmodules | Kode | Krediete |
|---|---|---|
| MIV- en VIGS-gesondheidsorg | VIV118 | 32 |
| MIV- en VIGS-gesondheidsorg | VIV128 | 32 |
| MIV- en VIGS-gesondheidsorg prakties | VIP102 | 8 |

OF

**Die aanbieding van hierdie spesialisasierigting (128 krediete) is onderhewig aan nasionale goedkeuring**

## MIV- EN VIGS-GESONDHEIDSORG

| Fundamentele modules | Kode | Krediete |
|---|---|---|
| Professionele praktyk | PPV122 | 8 |
| Gesondheidsorg en die reg | GRV123 | 12 |
| Farmakologie | FAV113 | 12 |
| Gesondheidsorgbestuur | GSB113 | 12 |
| **Kernmodules** | **Kode** | **Krediete** |
| MIV- en VIGS-gesondheidsorg | VIV118 | 32 |
| MIV- en VIGS-gesondheidsorg | VIV128 | 32 |
| MIV- en VIGS-gesondheidsorg prakties | VIP105 | 20 |

## HOESORG KLINIESE VERPLEEGKUNDE

| Kernmodules | Kode | Krediete |
|---|---|---|
| Hoësorg Kliniese Verpleegkunde | HSV117 | 28 |
| Hoësorg Kliniese Verpleegkunde | HSV127 | 28 |
| Hoësorg Kliniese Verpleegkunde prakties | HSP104 | 16 |

## WONDSORG

| Kernmodules | Kode | Krediete |
|---|---|---|
| Wondsorg teorie | WOW100 | 56 |
| Wondsorg prakties | WOP104 | 16 |

**Die fundamentele modules vir al die onderstaande kliniese spesialisasierigtings is soos volg:**

| Fundamentele modules vir al die kliniese rigtings | Kode | Krediete |
|---|---|---|
| Professionele praktyk | PPV122 | 8 |
| Gesondheidsorg en die reg | GRV123 | 12 |
| Farmakologie | FAV113 | 12 |
| Gesondheidsorgbestuur | GSB113 | 12 |
| Inleiding tot MIV- en VIGS-gesondheidsorg | IVV112 | 8 |

## BASIESE VERLOSKUNDE

| Kernmodules | Kode | Krediete |
|---|---|---|
| Basiese Verloskunde | VEV116 | 24 |
| Basiese Verloskunde | VEV126 | 24 |
| Basiese Verloskunde prakties | BEP105 | 20 |

## FORENSIESE VERPLEEGKUNDE

| Kernmodules | Kode | Krediete |
|---|---|---|
| Forensiese Verpleegkunde | FOV116 | 24 |
| Forensiese Verpleegkunde | FOV126 | 24 |
| Forensiese Verpleegkunde prakties | EOP105 | 20 |

## GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE

| Kernmodules | Kode | Krediete |
|---|---|---|
| Gemeenskapsverpleegkunde | GMV116 | 24 |
| Gemeenskapsverpleegkunde | GMV126 | 24 |
| Gemeenskapsverpleegkunde prakties | GMP105 | 20 |

## GERONTOLOGIESE VERPLEEGKUNDE

| Kernmodules | Kode | Krediete |
|---|---|---|
| Gerontologiese Verpleegkunde | GEV116 | 24 |
| Gerontologiese Verpleegkunde | GEV126 | 24 |
| Gerontologiese Verpleegkunde prakties | GRP105 | 20 |

## GEVORDERDE VERLOSKUNDE EN NEONATOLOGIE

| Kernmodules | Kode | Krediete |
|---|---|---|
| Gevorderde Verloskunde en Neonatologie | GVV116 | 24 |
| Gevorderde Verloskunde en Neonatologie | VNV126 | 24 |
| Gevorderde Verloskunde en Neonatologie prakties | GVP105 | 20 |

## KINDERPSIGIATRIESE VERPLEEGKUNDE

| Kernmodules | Kode | Krediete |
|---|---|---|
| Kinderpsigiatriese Verpleegkunde | KPV116 | 24 |
| Kinderpsigiatriese Verpleegkunde | KPV126 | 24 |
